

DIE FUNKSIE VAN DIE "DANKSEGGING(S)" IN I TESSALONISENSE

Elizabeth Magdalena Cornelius

Honns. BA (Grieks)

Verhandeling voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad
Magister Artium in Grieks in die Fakulteit Lettere en Wysbegeerte van die
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys.

Studieleier: Mnr. J. Botha

Potchefstroom
1991

opgedra aan Rhilinde, Melinde en Melissa

BEDANKINGS

Verskeie instansies en persone het daartoe bygedra om hierdie studie moontlik te maak. My opregte dank aan:

- * My studieleier, Mnr. J. Botha vir sy geduld, opregte belangstelling en sy onmisbare rol in die voltooiing van hierdie studie.
- * Prof. A.G. van Aarde (UP) vir sy voorstel om die bespreking van die algemeen-teoretiese probleem toe te spits op die "danksegging(s)" in I Tesseloniseense.
- * Dr. J.N. Vorster (UNISA) vir die geleentheid om gesprekke te kon voer oor die vordering van hierdie studie en vir insiggewende advies.
- * Prof. J. Swanepoel (PU vir CHO) vir die finale taalkundige en tegniese versorging van die verhandeling.
- * Mev. M. Schouwstra vir die taalversorging tydens die verloop van die studie.
- * Prof. A.L. Combrink (PU for CHE, Department of English) vir die versorging van die "abstract".
- * Mnr. J.P. Jooste vir sy hulp met die rekenaar.
- * Die personeel van die Departement Grieks, PU vir CHO, vir voortreflike onderrig in Grieks, die skepping van 'n stimulerende akademiese milieu en aangename werksomstandighede.
- * Die personeel van die Ferdinand Postma Biblioteek (PU vir CHO) vir hul vriendelike hulp.
- * My familie en vriende vir hul morele ondersteuning en belangstelling.

Bo alles dank ek my Hemelse Vader vir die genade om hierdie studie, wat soms onder moeilike persoonlike omstandighede plaasgevind het, te voltooi.

Die geldelike bystand van die *Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing* vir die koste van hierdie navorsing word hiermee erken. Menings in hierdie werk uitgespreek of gevolgtrekkings gemaak, is dié van die skrywer en moet nie beskou word as dié van die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing nie.

INHOUDSOPGAWE

INLEIDING

1.	Oogmerk	1
2.	Probleemstelling	1
2.1	Identifisering van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense	1
2.2	Raamwerke vir die beskrywing van die funksie van die "danksegging"	1
2.3	Retoriek en epistolografie	2
2.4	Samevattende formulering van die probleemstelling	5
3.	Hipotese	5
4.	Metode	5
5.	Werkplan	6
6.	Tegniese opmerkings	6

HOOFSTUK 1: DIE PROBLEEM RONDOM DIE "DANKSEGGING(S)" IN I TESSALONISENSE

1.	Inleiding	8
2.	Die ontwikkeling van die "danksegging" as briefdeel	8
3.	Die identifisering en afbakening van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense	10
4.	Teorieë oor die integriteit van I Tessalonisense in die lig van meerdere "danksegging(s)" in die brief	12
4.1	Interpolasie-teorieë	12
4.2	Teorieë oor konflasie of redaksionele werk binne I Tessalonisense	13
4.3	Teorieë wat die outentisiteit van I Tessalonisense verdedig	14
5.	Afbakening van die drie "danksegginggedeeltes" in I Tessalonisense	14
6.	Gevolgtrekking	16

HOOFSTUK 2: DIE VERHOUDING TUSSEN EPISTOLOGRAFIE EN RETORIEK

1.	Inleiding	18
2.	Epistolografie	18
2.1	Definisie van 'n brief	19
2.2	Brieftipes	19
2.3	Briefstyle	20
2.4	Die aard van die brief	21
3.	Retoriek	21
3.1	Definisies van retoriek	22

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

3.2	Retoriese genres	22
3.3	Die take van die redenaar	22
3.4	Die dele van die rede	23
3.5	Die funksies en temas van die vyf retoriese dele	23
3.5.1	Die <i>exordium</i> (inleiding)	23
3.5.2	Die <i>narratio</i> (vertelling)	24
3.5.3	Die <i>propositio</i> (stelling)	24
3.5.4	Die <i>argumentatio</i> (argument)	24
3.5.5	Die <i>peroratio</i> (slot)	24
3.6	Oorredingsmiddele	24
3.7	Stylsoorte	24
3.8	Statusleer	25
4.	Die verhouding tussen "antieke" retoriek en "antieke" epistolografie:	25
4.1	Die plek van retoriek volgens antieke epistolografiese handboeke	26
4.1.1	Pseudo-Demetrius	26
4.1.2	Pseudo-Libanius	26
4.2	Die plek van epistolografie in die antieke retoriek	27
4.2.1	Demetrius	27
4.2.2	Cicero	28
4.2.3	Seneca	28
4.2.4	Gregorius van Nazianzus	28
4.2.5	Julius Victor	28
4.2.6	Quintilianus	29
5.	Gevolgtrekking	29
6.	'n Eie voorstel vir die hantering van die verhouding tussen retoriek en epistolografie	29

HOOFSTUK 3: PRAGMATIEK EN DIE BEPALING VAN DIE FUNKSIE VAN ANTIEKE BRIEFDELE

1.	Inleiding	31
2.	Grammatika, semantiek en pragmatiek	31
3.	Die beginsel van Grice	31
3.1	Die kriterium van kwantiteit	32
3.2	Die kriterium van kwaliteit	32
3.3	Die kriterium van verhouding	32
3.4	Die kriterium van wyse	33
4.	Aspekte van die gespreksituasie	33

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

4.1	Die aspek van die skrywer	33
4.2	Die aspek van die leser	34
4.3	Die aspek van tyd	35
4.4	Die aspek van ruimte	35
4.5	Die aspek van gedeelde kennis	36
5.	Die toepassing van die beginsel van Grice op die deiktiese elemente	36
6.	Die hoflikheidsbeginsel	36
7.	Gevolgtrekking	37

HOOFSTUK 4: DIE FUNKSIE VAN DIE "DANKSEGGING(S)" IN I TESSALONISENSE BINNE 'N INTERAKTIEWE MODEL

1.	Inleiding	38
2.	Die epistolêre vorm van I Tessalonisense as geheel	38
2.1	Die briefopening	39
2.1.1	Die openingsgroet	39
2.1.1.1	Die geënkodeerde outeur	39
2.1.1.2	Die implisiete lesers	40
2.1.2	Die "danksegging(s)"	40
2.2	Die briefliggaam	43
2.3	Finale vermanings	44
2.4	Die briefslot	44
3.	'n Ontleding van die gespreksituasie	45
3.1	Die identifisering en ontleding van die deiktiese aspekte in die danksegging in I Tessalonisense	45
3.1.1	Die aspek van persoon	45
3.1.2	Die aspek van tyd	48
3.1.3	Die aspek van ruimte	49
3.1.4	Die aspek van gedeelde kennis	50
3.1.5	Sintese	50
4.	Die toepassing van die koöperatiewe beginsel van Grice op die deiktiese elemente in die "danksegging(s)" in I Tessalonisense	51
4.1	Die toepassing van die beginsel van Grice op die deiktiese aspek van persone	51
4.1.1	Kwantiteit	51
4.1.2	Kwaliteit	53
4.1.3	Relasie	53
4.1.4	Wyse	54

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

4.2	Die toepassing van die beginsel van Grice op die deiktiese aspek van tyd	54
4.2.1	Kwantiteit	54
4.2.2	Kwaliteit	54
4.2.3	Relasie	55
4.2.4	Wyse	55
4.3	Die toepassing van die beginsel van Grice op die deiktiese aspek van ruimte	55
4.3.1	Kwantiteit	55
4.3.2	Kwaliteit	55
4.3.3	Relasie	56
4.3.4	Wyse	56
4.4	Die toepassing van die beginsel van Grice op die aspek van gedeelde kennis	56
4.4.1	Kwantiteit	56
4.4.2	Kwaliteit	56
4.4.3	Relasie	56
4.4.4	Wyse	56
4.5	Gevolgtrekking	57
5.	'n Ontleding van die retoriese situasie van I Tessalonisense	58
5.1	Inleiding	58
5.2	Status van die "danksegginggedeelte(s)" in I Tessalonisense	58
5.3	Die oorredingsmiddele gebruik ter ondersteuning van die argument	60
5.4	Die plek van die oortuigingsmiddele "pathos" en "ethos" in 'n toespraak of brief	61
5.5	'n Retoriese indeling van I Tessalonisense	62
6.	Gevolgtrekking	63

HOOFSTUK 5: SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

1.	'n Beredenering van die teoretiese raamwerk	65
1.1	Die ontwikkeling van die briefdeel "danksegging"	65
1.2	Die struktuur van die "danksegging"	65
1.3	Die identifisering van die "danksegging" in I Tessalonisense	65
1.4	Tradisionele benaderings in die navorsingstradisie oor I Tessalonisense	66
1.5	Die verklaring van "funksie" in terme van 'n interaksionele model	66
2.	Die bepaling van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense	66

INHOUDSOPGAWE (vervolg)

2.1	Die epistolografiese analise van I Tessalonisense	66
2.2	Die ontleding van die deiktiese elemente in die "danksegging(s)"	67
2.3	Die toepassing van die koöperatiewe beginsel op die deiktiese elemente in die "danksegging(s)"	67
2.4	Die bepaling van die status van die "danksegging(s)"	67
2.5	'n Retoriese indeling van I Tessalonisense	68
3.	Gevolgtrekking na aanleiding van die praktiese toepassing van die model op die "danksegging(s)" in I Tessalonisense	68

ABSTRACT	69
-----------------------	----

BIBLIOGRAFIE

Afdeling A: Klassieke bronne	70
Afdeling B: Moderne literatuur	72

INLEIDING

1. Oogmerk

Die oogmerk met hierdie studie is om die kommunikatiewe funksie(s) van die gedeeltes wat tradisioneel as "danksegging(s)" in I Tessalonisense bestempel word, te beskryf.

2. Probleemstelling

2.1 Identifisering van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense

In die meeste Pauliniese briewe kom daar aan die begin van die brief 'n gedeelte voor wat in die navorsingstradisie die naam "danksegging" gekry het, byvoorbeeld, Romeine 1:8-12; Kolossense 1:3-14; Filippense 1:3-11; Filemon :4-6; I Korintiërs 1:4-9 en 2 Korintiërs 1:3-11) (O'Brien, 1977:19-272). Rondom hierdie briefdeel bestaan daar in die geval van I Tessalonisense besondere probleme. Dit kom voor of daar, anders as in die res van die Pauliniese briewe, drie "danksegging(s)" in hierdie brief voorkom. Dit gee aanleiding tot die volgende probleme: hoe moet die "danksegging(s)" in I Tessalonisense geïdentifiseer word? Watter funksie vervul hierdie briefkonvensie in die geval van I Tessalonisense en wat is die implikasie daarvan vir die interpretasie van die brief oor die algemeen?

In die navorsingstradisie is daar verskillende en uiteenlopende menings oor hierdie probleem. Sommige Nuwe Testamentici beskou I Tessalonisense, op grond van die meerdere "danksegging(s)" wat hulle meen te onderskei, as 'n samestelling van twee of drie briewe. Ander meen dat die tweede "danksegging" 'n interpolasie is en dat I Tessalonisense net een brief is. Nog ander spreek hul nie spesifiek oor hierdie probleem uit nie (kyk hoofstuk een vir meer besonderhede).

2.2 Raamwerke vir die beskrywing van die funksie van die "danksegging"

Uit die navorsingstradisie blyk dit dat Nuwe Testamentici die funksie van die "danksegging" in die briewe in terme van verskillende raamwerke beskryf. Daar word gewoonlik òf tematies òf formalisties te werk gegaan. Hoewel sodanige werkwyses nuttige inligting oplewer, het "inhoudelike" en/of "formalistiese" raamwerke myns insiens bepaalde beperkinge, veral wat betref die aanduiding van die funksie wat hierdie gedeeltes in I Tessalonisense vervul.

In die analise en interpretasie van antieke briewe bestaan daar verwarring rondom die gebruik en betekenis van die term "funksie".

- * Binne 'n struktuur-georiënteerde benadering word "funksie" beskou as die beskrywing van die betekenisverhoudings tussen opeenvolgende

diskoerselemente in die teks (vir 'n voorbeeld hiervan, kyk Louw, 1979). (Aangesien hierdie benadering primêr met die teks op die oppervlakstruktuur werk, word dit as "struktuur-georiënteerd" bestempel om dit duidelik te onderskei van "strukturnalistiese" benaderings wat met die dieptestruktuur werk.) In hierdie benadering word daar nie aandag gegee aan die "wêreld" buite die teks nie.

- * Binne 'n formalistiese benadering word briefelemente op formele (grammatikale, sintaktiese en stilistiese) gronde geïdentifiseer en word "funksie" beskou as die beskrywing van die verhoudings tussen die briefdele wat op hierdie gronde geïdentifiseer is (kyk White, 1972 vir 'n voorbeeld hiervan).

In hierdie studie word "funksie" binne 'n pragmatiese of retoriese raamwerk beskou as die kommunikatiewe interaksie wat deur bepaalde sinne, uitdrukkings of briefdele teweeggebring word tussen die geënkodeerde outeur en die implisiete leser van die brief.

Vorster (1990:108-111) stel 'n model voor vir so 'n bestudering en beskrywing van "funksie" in die geval van 'n brief. Hy noem dit 'n interaksionele model vir die studie van briewe. Volgens die interaksionele model word "betekenis" nie bepaal deur die verhoudings tussen die linguale elemente op sigself nie, maar wel deur die konteks of die situasie waarbinne hierdie elemente voorkom. Binne hierdie interaksionele model is briewe nie slegs informatief nie, maar is dit veral interaksioneel. In hierdie geval word "funksie" verstaan as kommunikatiewe "funksie".

Die kommunikatiewe funksie moet gevolglik bepaal word binne die konteks of situasie. Daar moet duidelik onderskei word tussen 'n gespreksituasie en 'n retoriese *situasie*. In 'n gespreksituasie word die kommunikatiewe funksie bepaal aan die hand van die persone, tyd en ruimte in die gesprek (kyk hoofstuk drie en hoofstuk vier, §3.1). In 'n retoriese situasie word die kommunikatiewe funksie bepaal aan die hand van beginsels waarvolgens die skrywer sy argument (deur middel van 'n brief) effektief kommunikeer (kyk hoofstuk twee en hoofstuk vier, § 5). Volgens Vorster (1990:109) is pragmatiek 'n invalshoek in terme waarvan die betekenis wat in 'n gespreksituasie opgesluit lê, beskryf kan word. Retoriek, aan die ander kant, werk met die retoriese situasie. Hierdie twee dissiplines is dus besonder geskik om die kommunikatiewe funksie van bepaalde onderdele van antieke briewe te bepaal.

2.3 Retoriek en epistolografie

Wanneer daar in terme van 'n interaksionele model vir die bestudering van briewe (geskrewe dokumente), met retoriek (wat verband hou met die gesproke taal) gewerk word, is dit nodig om duidelikheid te kry oor die verhouding tussen retoriek en epistolografie. Hierdeur word 'n verdere probleem na vore geroep. In die navorsingstradisie is daar uiteenlopende standpunte oor wat retoriek en

epistolografie is en oor hoe die verhouding daartussen beskou moet word. Sowel retoriese as epistolografiese benaderings tot briefinterpretasie word in die literatuur aangetref (kyk Thurén, 1990:57-64). Tussen hierdie benaderings is daar 'n bepaalde spanning.

Om retoriek te definieer, is 'n moeilike saak, aangesien daar al in die klassieke retoriek baie definisies hiervoor voorgestel is. Aristoteles (*Ars Rhetorica* 1,2,1), definieer retoriek as δύναμις περὶ ἕκαστον τοῦ θεωρησῆσαι τὸ ἐνδεχόμενον πιθανόν ("die vermoë om die geskikte oortuigingsmiddel te vind vir elke argument"). Corbett (1965:20) maak 'n moderne rekonstruksie van die klassieke retoriek en definieer retoriek as: "the use of language for persuasive purposes". Uit die nuwe retoriek kom die definisie van Perelman & Olbrechts-Tyteca (1969:6), naamlik "the art of all argumentation". Onder "die interpretasie van 'n antieke brief vanuit die invalshoek vanuit die retoriek" word daar in hierdie studie die volgende verstaan: om die status van die argument te bepaal, die oortuigingsmiddele te identifiseer en die topoi van die "danksegging(s)" te ontleed (kyk Aristoteles, *Ars Rhetorica* 1, 14, 5; 2, 26, 1; 1, 2, 21; 2, 18, 3-5; 1, 2, 21).

Ook met betrekking tot epistolografie bestaan daar meerdere opvattinge, afhange van hoe die aard van briewe en die objek van ondersoek verstaan word. Die een moontlike definisie is formalisties, waarin die brief aan die hand van brieffrases en -dele geïnterpreteer word (byvoorbeeld White, 1984 en Doty, 1973). Die ander definisie is tipologies van aard, waarvolgens brieftipes onderskei word (byvoorbeeld Stowers, 1986). Onder " 'n epistolografiese invalshoek tot die interpretasie van antieke briewe" word daar vir die doel van hierdie studie die volgende verstaan: om briewe te interpreteer aan die hand van briefdele en brieffrases.

Met betrekking tot die spanning tussen die twee benaderings tot briefinterpretasie, naamlik retoriek en epistolografie, verstrek Thurén (1990:57-64) drie standpunte:

- * 'n benadering waarvolgens die brief slegs in terme van epistolografiese kategorieë geïnterpreteer word (byvoorbeeld White, 1972, 1984)
- * 'n benadering waarin retoriek oorheers (byvoorbeeld Berger 1974; Kraftchick, 1985 en Johanson, 1987) en
- * 'n 50 - 50 verhouding (byvoorbeeld Wuellner, 1976 en Stowers, 1986).

White (1972, 1984) is 'n eksponent van Thurén se eerste kategorie. Hy benader die brief in geheel (opening, liggaam en slot) epistolografies. 'n Belangrike kenmerk van White se benadering is dat hy spesifiek aandag skenk aan tipiese oorgangsfrases en -formules. Hy identifiseer byvoorbeeld καὶ νῦν...γράφω... as 'n tipiese oorgang na die opening van die briefliggaam (1972:6).

Eksponente van Thurén se tweede kategorie is onder andere Berger (1974), Betz (1979), Kennedy (1984), Hester (1984) en Kraftchick (1985). Kennedy hanteer Galasiërs as 'n argument, behandel die oortuigingsmiddele binne die dele van die

argument en kyk na die funksie(s) daarvan. Hester maak ook slegs 'n retoriese analise wanneer hy Galasiërs 1:11-2:14 interpreteer. Betz bestudeer Galasiërs se opening en slot epistolografies, maar interpreteer die res van die brief retories.

Wuellner (1976) en Schnider & Stenger (1987) se werk is voorbeelde van Thurén se derde kategorie. Hulle wend 'n duidelike poging aan om meer funksioneel te werk te gaan en in die proses kombineer hulle elemente vanuit die epistolografie en retoriek. Thurén (1990) se eie werk hoort ook in hierdie derde kategorie tuis.

In moderne studies word die probleem rondom die verhouding tussen epistolografie en retoriek lukraak hanteer. In talle analises lyk dit asof die begin en die einde van 'n brief epistolografies bestudeer word terwyl die brieffliggaam retories bestudeer word. So dui Snyman (1989) byvoorbeeld in die opskrif van sy artikel aan dat hy 'n retoriese analise van die Filemon-brief wil maak. In sy afbakening tipeer hy Filemon 1-3 as die "brieffaanhef" en Filemon 23-25 as die "groete". Hy gebruik dus epistolografiese terminologie vir die benoeming van hierdie twee briefdele. Die res van die brief analiseer hy as "exordium" (Filemon 4-10), "probatio" (Filemon 11-16) en "peroratio" (Filemon 17-22). Hier werk hy dus met terminologie vanuit die retoriek. Hy maak dus 'n epistolografiese analise van die een deel van die brief en 'n retoriese analise van die oorblywende dele van die brief. Dit kom voor asof hy alleenlik die "brieffliggaam" as 'n retoriese handeling beskou omdat slegs hierdie gedeelte in terme van retoriese kategorieë beskryf word.

Hübner (1984:241-250) hanteer ook die vraag na hierdie verhouding in sy bespreking van Betz (1979) se kommentaar op Galasiërs. Volgens Hübner (1984:246) kombineer Betz die brief en toespraak in Galasiërs omdat Paulus argumenterend skryf. Tog sê Betz nie eksplisiet hoe retoriek en epistolografie inmeekaarsteek nie. Hübner stel voor dat Galasiërs beskou moet word as die teenwoordigstelling (brieffunksie) van Paulus se ooredingspoging (retoriese handeling). Hübner sluit hom hier aan by Koskenniemi (1956:38-41) wat παρουσία as die hoof funksie van die antieke brief beskou. Tolmie (1986:19-37) stel dieselfde vraag: wanneer beide retoriek en epistolografie 'n rol moet speel by die interpretasie van byvoorbeeld briewe, wat moet die verhouding daartussen wees? En as antwoord hierop, val Tolmie by Hübner se voorstel hierbo in.

Hierdie probleem rondom die verhouding tussen retoriek en epistolografie kan in die volgende drie vrae saamgevat word:

- * Hoe word 'n brief hanteer binne die retoriese sisteem soos wat dit in antieke retoriese handboeke beskryf is?
- * Hoe beïnvloed die verhouding tussen epistolografie en retoriek die interpretasie van 'n brief?
- * Hoe beïnvloed hierdie verhouding die interpretasie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense?

2.4 Samevattende formulering van die probleemstelling

Die probleem waarop hierdie studie fokus kan dus soos volg saamgevat word: Wat is die kommunikatiewe funksie(s) van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense en hoe kan hierdie funksie(s) effektief beskryf word teen die agtergrond van die breëre problematiek, naamlik dié van die verhouding tussen epistolografie en retoriek?

3. Hipotese

Normaalweg word een of meer spesifieke briefdele in terme van formele of inhoudelike oorwegings as "briefdele" geïdentifiseer en die funksie daarvan as "danksegging" getipeer. Aangesien hierdie gedeeltes ingelui word met die woord εὐχαριστῶ (wat "ek dank" as 'n betekenismoontlikheid het), word hierdie gedeeltes as "dankseggings" bestempel. Ek sal argumenteer dat hierdie gedeeltes - in terme van 'n opvatting van 'n brief as interaksie tussen die geënkodeerde outeur (Paulus, Silas en Timoteus) en die implisiete lesers (die Tessalonisense) - nie as dankseggings funksioneer nie, maar as *captationes benevolentiae*. Dit wil sê, dit is een van die argumentasie-strategieë wat die geënkodeerde outeur gebruik om sy lesers gunstig te stem sodat die brief die verlangde effek kan bereik. (Om hierdie rede word "danksegging" in die loop van hierdie studie tussen aanhalingstekens geplaas.)

4. Metode

Ten einde die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense effektief te kan beskryf, is dit nodig dat insigte vanuit die epistolografie (meer formeel-gerig), retoriek (meer funksioneel-gerig) en die pragmatiek gekombineer moet word. Om so 'n kombinasie te kan verantwoord, is dit nodig om vas te stel hoe die epistolografie in antieke retoriese handboeke hanteer word en watter plek en funksie antieke epistolografiese handboeke aan die retoriek toeken. Vir hierdie doel word die volgende antieke retoriese bronne en epistolografiese bronne nagegaan, ten einde 'n beeld te vorm van hoe antieke teoretici hierdie verhouding gesien het:

- * Aristoteles (*Ars Rhetorica*)
- * Demetrius (*De Elocutione*)
- * Gregorius van Nazianzus (*Epistula 51*)
- * Die epistolografiese handboek van Pseudo-Demetrius (Τύποι Ἐπιστολικοί)
- * Cicero (*Ad Herrenium, De Oratore*)
- * Seneca (*Epistulae Morales*)
- * Quintilianus (*Institutio Oratoria*)
- * Filostratos (*De Epistulis*)
- * Die epistolografiese handboek van Pseudo-Libanius (Ἐπιστολμαῖοι Χαρακτῆρες)

- * Julius Victor (*De Sermonicatione* en *De Epistulis*).

Teen hierdie agtergrond is dit moontlik om vervolgens die vraag na die interpretasie van die funksie van antieke briefdele en meer spesifiek die "dankseggingsgedeelte(s)" in I Tessalonisense, te ondersoek.

Die volgende metode word vir dié doel gevolg:

- * die epistolêre vorm van die brief in I Tessalonisense word beskryf
- * die gespreksituasie word ontleed aan die hand van deiktiese elemente
- * die koöperatiewe beginsel word op die deiktiese elemente toegepas
- * die funksie van die taaluiting word bepaal deur die retoriese situasie te ontleed
- * 'n algemeen retoriese indeling van die brief word gemaak ten einde die funksie van die "danksegging(s)" in die brief as geheel te kan beskryf.

5. Werkplan

Die argument in hierdie verhandeling ontwikkel in vier fases:

- * Hoofstuk een: 'n Uiteensetting van die probleem rondom die "danksegging(s)" in 1 Tessalonisense soos wat dit in die vernaamste literatuur en kommentare oor I Tessalonisense neerslag gevind het.
- * Hoofstuk twee: Die versameling en aanbieding van die belangrikste aspekte van die diskussie oor epistolografie en retoriek deur antieke teoretici en die formulering van 'n eie standpunt oor die hantering van hierdie verhouding in die konkrete analise van 'n brief.
- * Hoofstuk drie: 'n Uiteensetting van aspekte van die pragmatiek wat vir die beskrywing van die kommunikatiewe funksie(s) van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense van nut kan wees.
- * Hoofstuk vier: Die bepaling van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense binne die raamwerk van epistolografie, retoriek en pragmatiek.
- * Hoofstuk vyf: Gevolgtrekking.

6. Tegniese opmerkings

- * Alle antieke plekke en persoonsname word in Afrikaans weergegee volgens die SA Akademie vir Wetenskap en Kuns se riglyne soos vervat in die *Lys Klassieke eiename*, 1984.
- * Vir die samestelling van die bibliografie, is die voorskrifte vervat in die PU vir CHO se *Handleiding vir nagraadse studie* (1991), nagevolg. Op een punt is daar egter van dié handleiding afgewyk, naamlik waar daar in die teks na klassieke werke verwys word. In plaas daarvan om die stelsel

van voetnotas te gebruik, is die metode van die Nuwe-Testamentiese Werkgemeenskap van Suid-Afrika gebruik.

- * Kruisverwysings binne die verhandeling geskied soos volg: (a) indien daar na 'n gedeelte in 'n ander hoofstuk verwys word: "(kyk hoofstuk *, § *)", en (b) indien daar na 'n gedeelte binne dieselfde hoofstuk verwys word: "(kyk § *)".
- * Die vertalings van Griekse tekste is my eie.

HOOFSTUK 1

DIE PROBLEEM RONDOM DIE "DANKSEGGING(S)" IN I TESSALONISENSE

1. Inleiding

Die doel van hierdie hoofstuk is om 'n uiteensetting te bied van die problematiek rondom die "danksegging(s)" in I Tesseloniseense.

Die volgende sake word vervolgens behandel:

- * 'n Ondersoek na die ontwikkeling van die "danksegging" as antieke briefskryfkonvensie.
- * 'n Ondersoek na die mate waarin Paulus by hierdie konvensie van "danksegging" aangesluit of afgewyk het.
- * Identifisering en afbakening van die "danksegging(s)" in I Tesseloniseense.

2. Die ontwikkeling van die "danksegging" as briefdeel

White (1986:198) verdeel die antieke brief in 'n briefopening, briefliggaam en briefslot. Binne hierdie struktuur identifiseer hy tipiese frases of formules wat eie is aan die spesifieke briefdele. Die briefdeel "danksegging" word normaalweg as onderskeibare onderdeel binne die groter briefdeel "briefopening" geïdentifiseer.

Ter illustrasie van die formalisties-epistolografiese wyse waarop briefdele geanaliseer word, word enkele aspekte van die *Papyrus Oxyrynchus* IV 746 (teks uit White, 1986:118) kursories ontleed:

1 Θέων Ἡρακλείδῃ τῷ ἀδελφῷ
2 πλείστα χαίρειν καὶ ὑγιαίνειν.
3 Ἑρμόφιλος (ὁ) ἀποδ[ι]δούς σοι τὴν
4 ἐπιστολήν [ἐ]στ[ι].[.].κ[.].μ.φ[.]ηρι
5 [.]ερίου, καὶ ἠρώτησέν με γράψαι σοι.
6 [π]ροφέρεται ἔχειν πραγμάτων
7 [ἐν τῇ] Κερκεμούνι. τοῦτο οὖν ἐάν
8 σοι φα[ί]νηται σπουδάσεις κατὰ τὸ
9 δίκαιον. τὰ δ' ἄλλα σεαυτοῦ ἐπιμελοῦ

10 ἵν' ὑγιαίνης.
11 ἔρρωσο.
12 (ἔτους)γ Τιβερίου Καίσαρος Σεβαστοῦ,
13 Φαῶφι γ.

Teon aan sy broer Herakleides,
baie groete en gesondheid.
Hermofilos, wat die brief vir jou bring,
is (die vriend of familie) ...van
...erios en hy het my gevra om vir jou te skryf.
Hy verklaar dat hy besigheid het
in Kerkemounis. Dus, as dit
met jou ooreenstem, sal jy dadelik handel
volgens wat reg is. Maar met betrekking
tot die ander dinge van jouself, sorg dat jy
gesond is.
Tot siens.
(Jaar) 3 van Tiberius Caesar Augustus,
Faofi 3.

Getrou aan die tipiese openingsgroet, A aan B χαίρειν (Exler, 1923:23), skryf Teon: Θέων Ἡρακλείδῃ τῷ ἀδελφῷ πλείστα χαίρειν (reël 1). In hierdie brief is daar twee uitbreidings in die konvensionele groetformule, naamlik πλείστα (reël 2) en τῷ ἀδελφῷ (reël 1). White (1986:198-200) noem moontlike redes waarom sulke uitbreidings voorkom. Vir die doeleindes van 'n illustrasie van die analise van briefdele, word daar egter nie hier verder daarop ingegaan nie.

Die konvensionele briefslot ἔρρωσο/εὐτύχει (Exler, 1923:103-107) kom ook in hierdie brief voor, naamlik ἔρρωσο (reël 11).

Benewens die spesifieke groet- en slotformules, het daar dikwels 'n sogenaamde "gesondheidswens" in antieke briewe voorgekom (Exler, 1923:103-111). Formules soos ἔρρωσθαι of ὑγιαίνειν is vir hierdie doel gebruik. In die brief hierbo kom die woord ὑγιαίνειν twee maal voor, naamlik net na die openingsgroet (reël 2) en net voor die slotgroet (reël 10).

Volgens White (1986:200-202) het die gesondheidswens (ἔρρωσθαι of ὑγιαίνειν) na verloop van tyd baie ontwikkel. Vanaf die derde eeu v.C. tot die tweede eeu v.C. is die gesondheidswens uitgedruk as 'n aparte formule, los van die groetformule (kyk *Papyrus Cairo Zenon* 1 5901 5, reëls 1 en 26 in White, 1986:28-29)¹. Teen die tweede eeu v.C. het die skrywers begin om die gesondheidswens met die opening en/of die slot te kombineer (soos in die modelbrief). Vanaf ongeveer die regeringstyd van Augustus (27 v.C.) tot en met die tweede eeu n.C. is frases soos δια παντός by die infinitief bygevoeg. Gedurende die tweede en derde eeu n.C. is hierdie formule weer geskei van die groetformule. Gedurende hierdie selfde periode is die gesondheidswens gebruik as 'n gebed. Die gebed het dikwels die vorm van 'n verootmoediging voor die god(e) aangeneem. Hierdie gebed het bekendgestaan as die προσκύνημα-formule (Doty, 1973:30).

Koskenniemi (1956:139-145) meld dat die προσκύνημα-formule baie nou verband hou met die gesondheidswens. As voorbeeld van so 'n προσκύνημα-formule (of dankseggingsformule), verwys Koskenniemi (1956:139) na πρὸ μὲν πάντων εὐχομαί σε ὑγιαίνειν...καὶ τὸ προσκύνημα σου ποιῶ...("en bo alles bid ek dat jy gesond is...en dank ek ter wille van jou...").

Volgens Doty (1973:27) het Paulus in sy briewe grootliks aangesluit by die briefkonvensies van sy tyd. In navolging van die antieke briefskryfpraktyke, struktureer Paulus sy briewe (oor die algemeen) soos volg:

- * Briefopening
- * Danksegging/gebed
- * Briefliggaam
- * Paraenese
- * Briefslot.

¹ *Papyrus Cairo Zenon* 1 5901 5 reël 1: εἰ ἔρρωσαι, καλῶς ἂν ἔχοι...
reël 26: εἰ ἔρρωσαι, καλῶς ἂν ἔχοι...

Volgens Schnider & Stenger (1987:47-49) kan die volgende sintaktiese struktuur in die Pauliniese "danksegging" onderskei word: 'n hoofsin met die werkwoord εὐχαριστῶ as hoofwerkwoord, 'n voorwerp τὸν Θεὸν en 'n bywoord πάντοτε, gevolg deur deelwoordkonstruksies. Die eerste deel van die "danksegging" handel oor die goeie omstandighede of toestand waarin die ontvanger hom bevind en die laaste deel bestaan uit 'n eskatologiese klimaks. Filippense 1:3-11 is 'n goeie voorbeeld van so 'n "dankseggingsgedeelte": Εὐχαριστῶ τῷ Θεῷ...πάντοτε...τὴν δέησιν ποιούμενος...(ek dank God...altyd...terwyl ek bid...). Die rede vir die dankbetuiging is ook in hierdie geval die mooi lewe van die Filippense (kyk Filippense 1:5-7).

Schubert (1939:10-39) identifiseer twee basiese strukture van danksegging by Paulus:

- * (1) εὐχαριστέω τῷ Θεῷ (+ deelwoorde) wat die meeste voorkom en
- * (2) εὐχαριστέω (+ ὅτι...).

Vervolgens word die aanwesigheid van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense, aan die hand van hierdie beskrywing van die basiese struktuur van die Pauliniese "danksegging", geïdentifiseer.

3. Die identifisering en afbakening van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense

Op grond van Schubert (1939:10-39) se uiteensetting van die formele strukture van "danksegging", kan die volgende "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense geïdentifiseer word:

- * 1:2-5 Εὐχαριστοῦμεν...μνείαν ποιούμενοι...μνημονεύοντες...εἰδότες...
- * 2:13-16 εὐχαριστοῦμεν...ὅτι παραλαβόντες...
- * 3:9-13 τίνα...εὐχαριστίαν δυνάμεθα...ἀνταποδοῦναι...

Schubert se formeel-deskriptiewe hantering van I Tessalonisense bied nie 'n definitiewe afbakening van die begin en einde van die "dankseggingsgedeeltes" nie. Volgens Schubert (1939:21) is die drie "danksegging(s)" in I Tessalonisense (naamlik 1:2, 2:13 en 3:9) in werklikheid een "danksegging" wat twee maal herhaal word om een lang "danksegging" te vorm. Hierdie lang "danksegging" is die liggaam van die brief. Na die brieffliggaam volg die vermanende gedeelte (4:1-5:22) (Schubert, 1939:26).

O'Brien (1977:141-142) identifiseer aan die hand van Schubert se kriteria dieselfde "danksegging(s)" in I Tessalonisense, maar beskou dit nie as een "danksegging" nie.

Schnider & Stenger (1987:42) stel Schubert (1939) en O'Brien (1977) se afbakening van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense in tabelvorm voor:

	Schubert	O'Brien
Danksegging a	1:2-2:16	1:2-5
Danksegging b	1:2-3:10	2:13-16
Danksegging c	1:2-3:13	3:9-13

Hieruit blyk dit dat daar verskil van mening bestaan oor hoe die "danksegging(s)" in I Tessalonisense afgebaken moet word.

O'Brien (1977:13-15) baken hierdie "dankseggingsgedeeltes" af aan die hand van die volgende vier funksies wat die betrokke gedeeltes volgens hom vervul:

- * as bewys van die apostel se diep pastorale en apostoliese besorgdheid
- * didaktiese funksie
- * paraenetiese funksie en
- * epistolêre funksie.

Met die "pastorale en apostoliese besorgdheid" bedoel O'Brien (1977:262-263) dat die "dankseggingsgedeelte" deur die outeur gebruik word om sy besorgdheid oor die lesers aan te toon.

In die "danksegging" word temas aangebied waardeur die outeur beoog om sy lesers te onderrig. Vandaar die term "didaktiese funksie" (O'Brien, 1977:262-263).

Die "paraenetiese funksie" van die "danksegging" lê byvoorbeeld in 'n versoek dat die lesers vir die outeur moet bid (O'Brien, 1977:262-263).

Die "epistolêre funksie" van 'n "danksegging" beteken dat dit die hoofemas van die brief inlei en verteenwoordig (O'Brien, 1977:262-263).

O'Brien (1977: 141-166) tipeer die "danksegging(s)" in I Tessalonisense as 'n voorbeeld van die gemengde kategorie van "dankseggingstrukture". Hiermee bedoel hy dat beide die basiese strukture van "danksegging" (soos deur Schubert geïdentifiseer) in I Tessalonisense voorkom, naamlik εὐχαριστέω + deelwoorde en εὐχαριστέω + ὅτι. In plaas daarvan om slegs die hoofemas van die brief in te lei, bevat die "danksegging(s)" in I Tessalonisense self die hoofemas, naamlik:

- * εὐαγγέλιον (1:5; 2:2, 4, 8, 9; 3:2)
- * πίστις - ἀγάπη - ἐλπίς (1:3; 2:19; 4:13; 5:8)
- * ἐκλογή (1:4)
- * 'n lewe ἔμπροσθεν τοῦ Θεοῦ (1:3; 3:9, 13; cf. 2:19)
- * die idee van navolging (2:13; 1:6; 2:14; 3:12) en
- * die idee van heiligheid voor God (3:13; 4:13-5:11).

Die "danksegging(s)" in I Tessalonisense is 'n bewys van die apostel se diep pastorale en apostoliese besorgdheid, in dié sin dat Paulus toon dat hy nie slegs bewus is van hul voortrefflikhede nie, maar ook van hul behoeftes (I Tessalonisense 3:11) (O'Brien, 1977:262).

Die didaktiese funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense lê in die feit dat die apostel ook onderrig voor oë het wanneer hy hierdie "danksegging(s)" vermeld. Die bogenoemde hoofemas wat in die "danksegging(s)" genoem word, word dus bedoel om die lesers te onderrig (O'Brien, 1977:263).

Die paraenetiese doel figureer in die geval van I Tessalonisense veral in 3:11-13, waar die lesers vermaan word om in liefde en heilig voor God te lewe (O'Brien, 1977:263).

Die epistolêre funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense is die aanbieding van die bogenoemde hoofemas in die "danksegging" (O'Brien, 1977:262).

O'Brien identifiseer dus drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense, terwyl Schubert hierdie drie gedeeltes as een lang "danksegging" beskou. Hieruit is dit duidelik dat daar verskillende menings bestaan oor die afbakening van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense. As gevolg van die probleem om die "danksegging(s)" in I Tessalonisense af te baken, het daar verskillende teorieë ontstaan oor die wese van die betrokke brief.

4. Teorieë oor die integriteit van I Tessalonisense in die lig van meerdere "danksegging(s)" in die brief

Omdat antieke briewe, en in besonder die ander Pauliniese briewe, gewoonlik slegs een "danksegging" bevat en dan wel in die briefopening, skep die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense vir talle Nuwe Testamentici 'n probleem.

In die hantering van die integriteit en eenheid van I Tessalonisense en in die besonder van I Tessalonisense 2:13-16, gee Schmidt (1983:269-279), Pearson (1971:79-94), Best (1972:29-34) en Collins (1979:67-106) 'n kort samevatting van die ontwikkeling van vernaamste teorieë in verband met hierdie probleem.

Alhoewel dit buite die fokus van hierdie verhandeling val om die verskillende teorieë op sigself breedvoerig te bespreek en te beoordeel, is dit tog nodig om kennis te neem van die interpolasie- en konflasie-teorieë, aangesien dit die aktualiteit van die probleem na aanleiding van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense toelig.

4.1 Interpolasie-teorieë

Aan die begin van die twintigste eeu is I Tessalonisense 2:16 beskou as 'n glos in die brief, aldus Knopf (1905:139) en Moffat (1912:73). Knopf meen dat hierdie glos (2:16) in die teks ingevoeg is in die tyd wat die Christene gemoeid was met die kwessie oor die Jode wat hul verhinder het om met die heidene te praat - vandaar die verwysing na die geregverdigde wraak van God oor diegene wat hul verhinder het.

In die twintiger- en dertigerjare ontwikkel Loisy (1922:135-137) sy argument dat I Tessalonisense 2:1-12; 2:13-16; 3:3-4 en 4:13-5:11 interpolasies is: 'n gevolg van redaksionele werk. Hy voer op grond van saaklike, literêre en tendenskritiese oorwegings verskeie argumente aan waarom veral I Tessalonisense 4:13 tot 5:11 as interpolasie beskou moet word. Aangesien I Tessalonisense 4 en 5 egter nie die "dankseggingsgedeeltes" raak nie, word nie hier verder daarop ingegaan nie.

Aansluitend by Loisy, beskou Bailey (1955:280) I Tessalonisense 2:16c as 'n interpolasie. Sandmel (1977:83) beskou I Tessalonisense 2:14-16 in die geheel as 'n interpolasie. Dit is later deur die kerk bygevoeg as gevolg van die bitterheid wat ontstaan het tussen Jode en Christene. Sandmel meen dat hierdie gedeelte in I Tessalonisense 2:14-16 gesien moet word teen die agtergrond van die gebeure waarvan daar in Handeling 7:52 en in Matteus 23:31 vertel word.

In die sestigerjare volg 'n argument met meer diepgang, wanneer Eckart (1961:30-44) die outensiteit van I Tessalonisense 2:13-16 bevraagteken. Hy gaan hoofsaaklik literêr te werk. Eckart meen dat I Tessalonisense 'n samestelling van verskeie interpolasies is. Op grond van styl- en gedagteverskille beskou hy I Tessalonisense 3:5; 4:18 en 5:27 as redaksionele interpolasies. Omdat hierdie betrokke gedeeltes op grond van styl en gedagtes nie by die res van die brief inskakel nie, identifiseer hy dit as interpolasies.

Pearson (1971:91) argumenteer dat I Tessalonisense 2:13-16 'n interpolasie is deur 'n deutero-Pauliniese outeur. Een van sy argumente berus op die feit dat I Tessalonisense 13-16 as "danksegging" onvanpas is in die brief. Nog interpolasie-teorieë is deur Demke (1973:103-124) en Friedrich (1973:288-315) aangebied.

Schmidt (1983:269-279) benader die probleem na aanleiding van I Tessalonisense 2:13-16 linguisties. Hy bestudeer die sintaktiese struktuur van die teks asook die outeur se styl. Hy kom, soos Pearson, tot die gevolgtrekking dat I Tessalonisense 2:13-16 nie deur dieselfde outeur as die res van die brief geskryf is nie, maar dat dit 'n interpolasie is wat uit Pauliniese uitdrukkings saamgestel is.

Dit is dus duidelik dat 'n beduidende aantal twintigste-eeuse navorsers I Tessalonisense 2:13-16 as 'n interpolasie beskou. Die argumente wat hiervoor aangevoer word, het gewissel van literêre argumente (Loisy, 1922), saaklike voorskrifte (Knopf, 1905; Moffat, 1912 en Loisy, 1922), stylverskille en gedagteverskille (Eckart, 1961) tot formeel-linguistiese verskille (Schmidt, 1983).

4.2 Teorieë oor konflasie of redaksionele werk binne I Tessalonisense

Schmidthals (1964:295-315) bied 'n ander oplossing vir die probleem aan. Hy beweer dat 'n redakteur 'n aantal briewe van Paulus saamgevoeg het om die korrespondensie te vorm wat nou in die vorm van I Tessalonisense saamgevat is. Hy aanvaar dus I Tessalonisense in geheel as Paulinies.

Uit hierdie samevatting van die geskiedenis van interpolasie- en konflasieteorieë blyk dit dat I Tessalonisense 2:13-16, of dit nou formeel, inhoudelik of literêr beskou is, 'n probleem geword het vir Nuwe Testamentici en dit steeds is. Daar bestaan egter ook teorieë wat die outentisiteit van I Tessalonisense verdedig.

4.3 Teorieë wat die outentisiteit van I Tessalonisense verdedig

Eckart (1961:30-44) se teorie dat die outentieke materiaal in I Tessalonisense uit twee verskillende Pauliniese briewe geneem is en deur 'n redakteur saamgevoeg is met nie-outentieke materiaal (onder andere ook I Tessalonisense 2:13-16), het hewige kritiek van Kümmel (1962:213-227) en Thieme (1963:450-458) uitgelok. Kümmel (1962, 1975) het die Pauliniese oorsprong van I Tessalonisense probeer verdedig op grond van struktuuroorwegings. Deur die struktuur van die brief en die taal daarvan te bestudeer, het Thieme (1963) hom ook by die standpunt van Kümmel aangesluit.

Collins (1979:102-103) wys daarop dat daar ook ander teorieë voorgestel is om die outentisiteit van spesifiek I Tessalonisense 2:13-16 op grond van inhoudelike en tematiese oorwegings te verdedig. In hierdie verband verwys Collins (1979:102-103) na die werk van onder andere Dibelius, Orchard, Schoeps, Dodd, Schelkle, Masson, Wikkens, Schippers en Michel.

Afgesien van die feit dat daar verskillende teorieë oor die outentisiteit van I Tessalonisense ontstaan het en motiverings vir die verskillende interpolasies en konflasies aangevoer is, het die probleem na aanleiding van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense ook tot gevolg gehad dat kommentatore van hierdie brief die drie "dankseggingsgedeeltes" verskillend afgebaken het.

5. Afbakening van die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense

Om die probleem rondom die afbakening van die "danksegging" in I Tessalonisense duidelik te maak, word daar nou in tabelvorm gekyk na wat kommentatore met hierdie drie gedeeltes maak:

	1:2 - 5	2:13 - 16	3:9 - 13
Meyer (1880)	Danksegging (+ 1:6-10)	Saaklik*	Saaklik*
Finday (1914)	Danksegging (+ 1:6-10)	Saaklik*	Saaklik*
Van Leeuwen (1926)	Danksegging (+ 1:6-10)	Hernieuwe dank	Saaklik*
Frame (1946)	Saaklik*	Saaklik*	Saaklik*
Morris (1959)	Danksegging (-1:5)	Dank aan God	Tevredenheid en gebed
Morris (1960)	Danksegging (-1:5)	Herinnering	Tevredenheid en gebed

Grayston (1967)	Gedeelde ervaring	Saaklik*	Blydskap
Sparks (1969)	Danksegging (+ 1:6-10)	Danksegging	Saaklik*
Hiebert (1974)	Danksegging (+ 1:6-10)	Hernieuwe dank	Danksegging en gebed
Bolkestein (1974)	Danksegging (+ 1:6-10)	Nuwe dank	Saaklik*
Kümmel (1975)	Danksegging (+ 1:6-10)	Handelinge van lesers	Saaklik*

Saaklik*: Hierdie betrokke gedeelte is nie op grond van formeel-literêre en grammatikale oorwegings deur die betrokke kommentatore as briefdeel geïdentifiseer en afgebaken nie, maar wel op grond van die saak of inhoud wat in die gedeelte aan die orde is.

Uit die tabel hierbo is dit duidelik dat daar verwarring bestaan oor die probleem van meerdere "dankseggings" in I Tessalonisense.

Holtz (1986:32) is in die lig van Schubert (1939) se navorsing oortuig dat I Tessalonisense 1:2 tot 3:13 beskou moet word as die "danksegging" wat handel oor die weg wat God met die gemeente en die apostel geloop het. Tog stem hy nie volkome met Schubert saam nie. Ter verduideliking hiervan word Holtz (1986:32) se analise van I Tessalonisense kortliks opgesom:

- A. Briefinleiding (1:1)
- B. (Inleidings-)danksegging: die weg van God met die skrywer en ontvanger (1:2 tot 3:13)
 - * I 1:2-10 danksegging
 - * II 2:1-12 waarheid
 - * III 2:13-16 dank aan God
 - * IV 2:17-20 verlanse van die apostel
 - * V 3:1-5 sending van Timotheus
 - * VI 3:6-10 vrede en dank
 - * VII 3:11-13 afsluitende gebedswens
- C. Toespraak (4:1 tot 5:24)
- D. Briefslot (5:25-28)

In die lig van Schubert se opvatting dat die danksegging in I Tessalonisense 1:2 begin en verder gevoer word in 2:13 en eers in 3:13 afgesluit word, sê Holtz (1986) dat dit sou beteken dat die brief uit een lang danksegging en 'n reeks afsluitende vermanings bestaan. Daarenteen meen Holtz (1986:29) dat Paulus se briewe nie in 'n struktuur ingeforseer moet word nie, aangesien Paulus sy briefstruktuur by die briefsituasie moes aanpas.

Sanders (1962:355-357) gebruik ook Schubert (1939) se werk oor die Pauliniese "danksegging" wanneer hy die oorgang vanaf die briefopening-danksegging na die

briefliggaam in die Pauliniese *corpus* behandel. In die geval van I Tessalonisense beskou Sanders (1962:356) 1:2-10 as die danksegging terwyl 2:1 die briefliggaam open. 'n Tweede dankseggingsgedeelte kom voor in 2:13 en gaan voort tot in 4:1, waar die inleidende formule (λοιπὸν οὖν) voorkom. Sanders beskou 3:11-13 as 'n "eskatologiese klimaks". Hierdie twee dankseggingsgedeeltes impliseer nie dat I Tessalonisense as 'n samestelling van twee briewe beskou moet word nie.

As daar verder gekyk word hoe die "danksegging(s)" in I Tessalonisense hanteer word, word dit duidelik dat Wiles (1974:45) I Tessalonisense 3:11-13 tipeer as 'n "wensgebed". Hy poog om deur middel van 'n eksegetiese studie aan te toon dat Paulus se voorspraak nie eenvoudige formele liturgiese uitdrukkings is nie, maar dat dit verband hou met die basiese motiewe van die briewe waarin dit voorkom. Hy toon ook aan hoedat die woordeskat van die gebed verband hou met die pastorale situasie (Wiles, 1974:52-63).

Jewett (1986) en Johanson (1987) ondersoek hierdie probleem vanuit 'n totaal ander perspektief. Hulle benader I Tessalonisense vanuit 'n retoriese oogpunt. Jewett (1986:72-73) tipeer I Tessalonisense 1:2-5 as die danksegging binne die *exordium* en 1:6 tot 3:13 as die *narratio* van die gronde vir die danksegging. I Tessalonisense 4:1 tot 5:22 is gevolglik die *probatio* en 5:23-28 die *peroratio*. Johanson (1987:81-144) maak 'n soortgelyke retoriese analise.

6. Gevolgtrekking

Uit die oorsig oor die navorsing oor die "danksegging(s)" in I Tessalonisense blyk dit dat veral drie opvattinge uitgekristalliseer het, naamlik:

- * I Tessalonisense 1:2 tot 3:13 word as 'n uitgebreide danksegging of as die briefliggaam beskou
- * I Tessalonisense 1:2 tot 3:13 word as 'n gevolg van 'n redaksie van meer as een brief van Paulus beskou en
- * I Tessalonisense 2:13-16 word as 'n latere interpolasie beskou.

Hierdie opvattinge is grootliks die resultaat van saaklike en/of deskriptief-formalistiese werkwyses. Verskillende menings oor die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense het vanuit hierdie perspektiewe ontstaan. Nie een van hierdie voorstelle bied myns insien 'n bevredigende verduideliking vir die afbakening en beskrywing van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense nie en daar is in die navorsingstradisie wyd uiteenlopende menings oor die saak. Dit wil my ook voorkom of daar in hierdie verband moeilik vordering gemaak sal word, indien daar slegs met saaklike en formalistiese oorwegings rekening gehou word.

Die vraag moet eerder gestel word of die betrokke gedeeltes in I Tessalonisense spesifiek as 'n briefdeel (in 'n formalistiese sin) beskou moet word. Indien nie, wat sou dan die funksie(s) van hierdie gedeeltes in I Tessalonisense wees? Hoe kan die "funksie" bepaal word?

Dit is 'n algemene tendens in die studie van die Nuwe-Testamentiese briewe dat die briewe beskou word as bronne wat inligting oordra oor werklike historiese situasies. Vorster (1991:39) kritiseer hierdie benadering in sy studie van die Romeinebrief. Ook ten opsigte van die studie van I Tessalonisense kan hierdie algemene tendens waargeneem word. Hierdie aanname oor die aard van die Nuwe-Testamentiese briewe bring mee dat baie van hierdie studies nie genoegsaam aandag skenk aan die kommunikatiewe funksie van 'n brief nie (kyk Violi, 1985:160). Die inligting wat 'n brief oordra, kan nie bepaal word sonder om die implikasie van die feit dat briewe 'n interaksie verteenwoordig, in ag te neem nie (kyk Vorster, 1990:107-130).

Om die kommunikatiewe funksie van 'n linguale element te bepaal, verg 'n retoriese en pragmatiese benadering, aangesien beide hierdie dissiplines die konteks of situasie in aanmerking neem. Retoriek en pragmatiek het dus albei 'n plek binne die sfeer van die interaksie (Vorster, 1991:hoofstuk twee p.1). (Verdere beredenering hiervan volg in hoofstukke twee en drie.)

Dieselfde probleem het ook vir Jewett (1986) en Johanson (1987) daartoe gebring om vanuit 'n retoriese raamwerk na I Tessalonisense te kyk. Johanson poog om die linguistiek sowel as die pragmatiek te betrek. Alhoewel Jewett die retoriek betrek, is dit nie duidelik hoe hy die briefdeel "danksegging" kombineer met die retoriese dele soos onder andere die *exordium* nie (Jewett, 1986:72-73). Johanson, aan die ander kant, analiseer die hele I Tessalonisense aan die hand van epistolografiese kategorieë (1987:59-80), maar ontleed slegs die briefliggaam retories (1987:81-144). Daar was dus al pogings om retories te werk te gaan. Tog blyk die verhouding tussen retoriek en epistolografie 'n probleem te wees in sulke studies.

Omdat hierdie studie insigte vanuit die pragmatiek en retoriek wil gebruik vir die interpretasie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense, is dit nodig om eers duidelikheid te probeer kry oor die verhouding tussen epistolografie (vorm en struktuur) en retoriek (funksie), aangesien hierdie twee dissiplines nou verwant is.

HOOFSTUK 2

DIE VERHOUDING TUSSEN EPISTOLOGRAFIE EN RETORIEK

1. Inleiding

Omdat die onderwerp van hierdie studie, naamlik I Tessalonisense, 'n antieke brief is en omdat dit die doel van die studie is om die (oorredings-)funksie van bepaalde briefelemente te beskryf, is dit nodig om ondersoek in te stel na die verhouding tussen antieke epistolografie en antieke retoriek.

Om in staat te wees om die lyn vanaf epistolografie na retoriek deur te trek, word eerstens 'n kort uiteensetting gegee van die aard van epistolografie en retoriek. Daarna word die volgende teoretici se bydraes oor epistolografie en retoriek bespreek om te bepaal wat die verhouding van hierdie twee dissiplines tot mekaar is:

- * Aristoteles (ongeveer 384 v.C. tot 322 v.C.), Τέχνης Ῥητορικής (*Ars Rhetorica*)
- * Demetrius (ongeveer 384 v.C. tot 322 v.C.), *De Elocutione*
- * Pseudo-Demetrius (die geskryf word gedateer tussen 200 v.C. tot 50 n.C.), Τύποι Ἐπιστολικοί
- * Cicero (ongeveer 106 v.C. tot 43 v.C.), *Pro Flacco*, *Ad Familiares*, *Ad Atticum*
- * Seneca (ongeveer 4 v.C. tot 65 n.C.), *Epistulae Morales*
- * Quintilianus (ongeveer 35 n.C. tot 96 n.C.), *Institutio Oratoria*
- * Filostratos (ongeveer 170 n.C. tot 231 n.C.), *De Epistulis*
- * Gregorius van Nazianzus (ongeveer 335 n.C. tot 394 n.C.), *Epistula 51*
- * Pseudo-Libanius (die geskryf word gedateer tussen 400 n.C. tot 600 n.C.), Ἐπιστολμαῖοι Χαρακτῆρες
- * Julius Victor (ongeveer die vierde eeu n.C.), *De Sermocinatione* en *De Epistulis*

2. Epistolografie

Ten einde die verhouding tussen retoriek en epistolografie te kan ondersoek, is dit nodig om vooraf aandag te gee aan hoe elk van hierdie dissiplines op sigself deur verskillende antieke teoretici beskryf is. Die volgende vier aspekte word vervolgens behandel: definisies van 'n brief, brieftipes, briefstyle en die karakterisering van die aard van 'n ideale brief. Vir hierdie doel word daar gebruik gemaak van die studie van Malherbe (1988).

2.1 Die definisie van 'n brief

- * 'n Brief is die een helfte van 'n dialoog (Demetrius, *De Elocutione* 223) of 'n surrogaat vir 'n dialoog (Cicero, *Ad Familiares* 12, 30, 1).
- * Deur 'n brief praat 'n afwesige vriend asof hy teenwoordig is (Cicero, *Ad Familiares* 2, 4, 1; Seneca, *Epistulae* 75, 1; Pseudo-Libanius, 'Επιστολιμαῖοι Χαρακτήρες 2, 58; Julius Victor, *De Epistulis*).
- * Die brief is 'n toespraak in 'n geskrewe medium (Cicero, *Ad Atticum* 8, 14, 1; 9, 10, 1; 12, 53; Seneca, *Epistulae* 75, 1).
- * 'n Brief reflekteer die persoonlikheid van sy skrywer (Cicero, *Ad Familiares* 16, 16, 2; Seneca, *Epistulae* 40, 1; Demetrius, *De Elocutione* 227; Filostratos, *De Epistulis*).

2.2 Brieftipes

- * Cicero onderskei tussen *litterae publicae* (amptelike briewe) en *privatae* (private briewe) (*Pro Flacco* 37). Hy bespreek die verskillende style van elk van hierdie soorte briewe (*Ad Familiares* 15, 21, 4). Hy onderskei tussen eenvoudige briewe met feite-inligting en briewe wat die gemoedstemming van die skrywer oordra (*Ad Familiares* 2, 4, 1; 4, 13, 1; 6, 10, 4).
- * Pseudo-Demetrius (Τύποι 'Επιστολικοί) onderskei een en twintig verskillende briefstyle, naamlik die φιλικός (vriendskaplike), συστατικός (aanbevelende), μεμπτικός (blamerende), όνειδιστικός (verwytende), παραμυθητικός (vertroostende), έπιτιμητικός (berispnende), νουθετητικός (vermanende), άπειλητικός (dreigende), ψεκτικός (skimpnende), έπαινετικός (prysende), συμβουλευτικός (adviserende), άξιωματικός (smekende), έρωτηματικός (versoekende), άποφαντικός (antwoordende), άλληγορικός (allegoriese), αίτιολογικός (rekenkarpgewende), κατηγορικός (aanklaende), άπολογητικός (apologetiese), συγχαρητικός (gelukwensende), ειρωνικός (ironiese) εν άπευχαριστικός (dankbetuigende).
- * Filostratos (*De Epistulis*) beskryf gepaste briefstyle, waarin die brief meer in Attiese styl geskryf moet word as in alledaagse taal (άττικωτέραν... συνηθείας), maar ook meer alledaags as die Attiese styl (συνηθεστέραν... άττικίσεως). Daarby behoort briewe volgens die algemene tradisie geskryf te word (πολιτικώς) en moet dit duidelik wees (σαφήνεια).
- * Julius Victor (*De Epistulis*) onderskei tussen *litterae negotiales* (amptelike briewe) en *familiares* (persoonlike briewe) en stel verskillende style daarvoor voor (*De Epistulis*). Hierdie stylsoorte, gepas vir die amptelike brief, behels onder andere gewigtige stellings en duidelikheid. Die gepaste styl vir persoonlike briewe is bondigheid, genoegsame inligting en duidelikheid.
- * Pseudo-Libanius ('Επιστολιμαῖοι Χαρακτήρες) verdeel briewe in vier-en-twintig tipes volgens die styl, naamlik die παραινετική (paraenetiese), μεμπτική (blamerende), παρακλητική (versoekende), συστατική

(aanbevelende), ειρωνική (ironiese), εύχαριστική (dankbetuigende), φιλική (vriendskaplike), εύκτική (biddende), απειλητική (dreigende), άπαρνητική (ontkennende), παραγγελματική (bevelende), μεταμελητική (beroubetonende), όνειδιστική (verwytende), συμπαθητική (simpatieke), θεραπευτική (versoenende), συγχαρητική (gelukwensende), παραλογιστική (veragtende), άντεγκληματική, (terugaanklaende) άντεπιστατική (antwoordende), παροξυντική (tergende), παραμυθητική (vertroostende), ύβριστική (beledigende), άπαγγελτική (verslaggewende), σχετλιαστική (vol woede), πρεσβευτική (diplomatieuse), επαινετική (prysende), διδασκαλική (didaktiese), έλεγκτική (teregwysende), διαβλητική (kwaadsprekende), επιτιμητική (berispende), έρωτηματική (versoekende), παραθαρρυντική (bemoedigende), άναθετική (raadplegende), αποφαντική (verklarende), σκωπτική (tergende), μετριάστική (nederige), αίνιγματική (raaiselagtige), ύπομνηστική (voorstellende), λυπητική (treurende), έρωτική (versoekende) εν μικτή (gemengde).

2.3 Briefstyle

Brieftipes het gepaste styl(e) gehad en hierdie verskillende stylsoorte kan soos volg saamgevat word:

- * Brieue moet kernagtig wees (Demetrius, *De Elocutione* 228; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51, 1-5; Julius Victor, *De Epistulis*; Pseudo-Libanius, 'Επιστολιμαίοι Χαρακτήρες 50).
- * Brieue moet duidelik wees (Demetrius, *De Elocutione* 226; Filostratos, *De Epistulis*; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51, 4; Julius Victor, *De Epistulis*; Pseudo-Libanius, 'Επιστολιμαίοι Χαρακτήρες 48-49).
- * Brieue moet aanpas by die omstandighede en die gemoedstemming van die skrywer (Cicero, *Ad Familiares* 2, 4, 1; 4, 13, 1; *Ad Atticum* 9, 4, 1; Demetrius, *De Elocutione* 234; Demetrius, *prooemium*: Filostratos; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51, 4.).
- * Brieue moet geskryf word in die gepaste styl:
 - in die styl van die dialoog (Demetrius, *De Elocutione* 223; Quintilianus, *Institutio Oratoria* 9, 4, 19)
 - 'n natuurlike styl (Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51, 5, 7)
 - so artistiek as moontlik (Demetrius, *prooem*: Julius Victor)
 - in 'n eenvoudige styl (Cicero, *Ad Familiares* 9, 21, 1; Seneca, *Epistulae* 75, 1)
 - in 'n styl tussen die eenvoudige en verhewe style (Filostratos, *De Epistulis*; Pseudo-Libanius, 'Επιστολιμαίοι Χαρακτήρες 47; Gregorius van Nazianzus, *Epistula* 51, 4)
 - voortdurende onderbrekings in 'n sin is onvanpas (Demetrius, *De Elocutione* 226) maar asundeton word deur Filostratos aangemoedig (*De Epistulis*)

- styfheid/gekunsteldheid in 'n brief moet vermy word (Demetrius, *De Elocutione* 229) en indien dit gebruik word, moet dit beperk word (Filostratos, *De Epistulis*)
- verborge sinspelings/skimpe moet vermy word (Filostratos, *De Epistulis*)
- komplimente (Demetrius, *De Elocutione* 232) en die direkte aanspreekvorm (Julius Victor, *De Epistulis*) verlewendig die styl
- briewe wat 'n gespot of geterg bevat kan slegs aan sekere persone gestuur word en as die gemoedstemming gepas is (Cicero, *Ad Familiares* 2, 4, 1; Julius Victor, *De Epistulis*)
- die inleiding en slot van briewe moet volgens die konvensie (Julius Victor, *De Epistulis*) geskryf word;
- die styl van briewe is eenvoudig (Demetrius, *De Elocutione* 223), dit is 'n samestelling van die verhewe en lae styl (Demetrius, *De Elocutione* 235).

2.4 Die aard van 'n brief

- * Briewe moet suiwer vorms van kommunikasie wees en nie tegniese verhandelinge nie (Demetrius, *De Elocutione* 230-231).

Na hierdie kort samevatting van die vernaamste aspekte van die antieke briefteorie, word die retoriek vervolgens aan die orde gestel.

3. Retoriek

Vir agtergrond oor die aard van antieke retoriek, word 'n opsomming gegee van die teorie soos dit deur antieke retorici uiteengesit is. Vir die doel van hierdie verhandeling word daar gekonsentreer op die werk van die drie *rhetores maiores*, naamlik Aristoteles, Cicero en Quintilianus. Hierdie samevatting word gebaseer op Leeman & Braet (1987:46-138), Kennedy (1984:1-171) en Corbett (1965:1-584) se bespreking van hierdie retorici. Die volgende aspekte van die retoriek word kortliks behandel: definisies van retoriek, retoriese genres, die take van die redenaar, rededele, funksies en temas van rededele, ooredingsmiddele, stylsoorte en die statusleer. Dit is egter belangrik om daarop te let dat die antieke retoriek 'n hoogs verfynde wetenskap was wat oor baie eeue heen ontwikkel het. Botha (1989:18) waarsku: "classical rhetorics is a highly developed intellectual activity and practice stretching over several centuries... it might very easily be misrepresented... if we try to systemize... it..." Daarom kan 'n kort samevatting soos hierdie uiteraard nie reg laat geskied aan alle nuanses en ontwikkelinge binne hierdie komplekse en gesofistikeerde wetenskap nie. Vir die doel van hierdie verhandeling bied hierdie samevatting egter genoeg inligting om as agtergrond te dien vir 'n ondersoek na die verhouding tussen retoriek en epistolografie.

3.1 Definies van retoriek

Aristoteles (*Ars Rhetorica* 1, 2) definieer retoriek soos volg:

Ἔστω δὴ ρητορικὴ δύναμις περὶ ἕκαστον τοῦ θεωρῆσαι τὸ ἐνδεχόμενον πιθανόν. ("Retoriek is die vermoë om die geskikte oortuigingsmiddele te vind met betrekking tot enige onderwerp.")

Quintilianus (*Institutio Oratoria* 2, 15-21) definieer retoriek soos volg:

Scientia bene dicendi. ("Retoriek is die vermoë van welsprekendheid.")

3.2 Retoriese genres

In die antieke retoriek word drie genres onderskei (Aristoteles, *Ars Rhetorica* 1, 3, 1-5; Quintilianus, *Institutio Oratoria* 3, 7-9), naamlik:

- * γένος συμβουλευτικόν/*genus deliberativum* (politieke rede)
In die politieke rede word bepaalde inligting aan die gehoor oorgedra om die gehoor sodoende te oortuig van 'n bepaalde manier van dink of doen.
- * γένος δικαντικόν/*genus iudiciale* (regsrede)
In die regsrede word inligting met betrekking tot gebeure uit die verlede aan die gehoor oorgedra. Die verdediger kan byvoorbeeld die regters oortuig dat die aangeklaagde onskuldig is met betrekking tot sy dade in die verlede.
- * γένος ἐπιδεικτικόν/*genus demonstrativum* (geleentheidsrede)
In die geleentheidsrede word die gehoor ingelig oor gebeure in die hede. 'n Voorbeeld van so 'n geleentheidsrede, is 'n begrafnisrede.

3.3 Die take van die redenaar

Die *officia oratoris* of ἔργα τοῦ ρήτορος is die take wat die redenaar moet uitvoer alvorens hy sy toespraak kan lewer. Cicero (*De Oratore* 2, 114-367; 3, 19-230) en Quintilianus (*Institutio Oratoria* 3, 6) identifiseer die volgende vyf redenaarstake:

- * εὔρεσις/*inventio* (vinding)
Hierdie taak behels die vind van die argument.
- * τάξις/*dispositio* (ordening)
Tydens hierdie proses moet die argument georden word.
- * λέξις/*elocutio* (styl)
Om die beste effek op die gehoor te verkry, moet die gepaste styl aangewend word.
- * μνήμη/*memoria* (memorisering)
Die voltooide toespraak moet gememoriseer word om dit te kan voordra.

- * ὑπόκρισις/*actio/pronuntiatio* (voordrag)
Die toespraak word vir die gehoor voorgedra.

3.4 Die dele van die rede

Quintilianus (*Institutio Oratoria* 4) en Aristoteles (*Ars Rhetorica* 3, 14-19) bespreek die verskillende dele van die rede (*partes orationis*) en deel dit soos volg in:

- * προσίμιον/*exordium* (inleiding)
In hierdie deel van die toespraak word 'n kort inleiding tot die res van die toespraak gegee.
- * διήγησις/*narratio* (vertelling)
Vir die verstaan van die argument word 'n kort en duidelike uiteensetting van die agtergrond van die argument gegee.
- * διαίρεσις/*propositio* en *partitio* (stelling en indeling)
Voordat die argument beredeneer word, word die standpunt van die spreker gestel en word die verskillende punte wat bespreek word, genoem.
- * πίστεις/*argumentatio* (argumentasie)
Die argument word beredeneer.
- * ἐπίλογος/*peroratio* (besluit)
Die spreker neem 'n definitiewe standpunt in.

Dit is egter belangrik om daarop te let dat hierdie vyf redenaarstake hoofsaaklik gerig is op die regsrede en dat die redenaar noodwendig hierdie take sal aanpas in die geval van die epideiktiese en die deliberatiewe genres.

3.5 Die funksies en temas van die vyf retoriese dele

3.5.1 Die *exordium* (inleiding)

Aan die retoriese deel, *exordium*, is die volgende funksies toegeken:

- * om die hoorder of leser se aandag, begrip en aanvaarding te verkry; en
- * om die hoorder of leser leergierig en goedgesind te maak.

Binne die *exordium* kan die volgende *topoi* aangewend word om hierdie funksies te vervul:

- * om die hoorder of leser se aandag te trek, kan die redenaar aankondig dat hy belangrike en nuwe sake aan die orde sal stel of kan hy kortliks die beoogde sake opnoem
- * om die hoorder of leser se goedgesindheid te verkry, word die oorredingsmiddele *ethos* en *pathos* aangewend. Hiermee bereik die spreker een van die volgende oogmerke: hy maak homself geloofwaardig; ruim alle vooroordele wat die hoorder of leser oor hom het, uit die weg; prys die gehoor se goeie kwaliteite deur vleitaal; kraak

die teenparty af; verkry die gehoor se medelye en maak die gehoor so ontvanklik vir sy saak.

3.5.2 Die *narratio* (vertelling)

Die funksie van die *narratio* is om 'n kort, duidelike en aanneemlike uiteensetting te gee van die agtergrond wat die argument kan dien. Die gebeure wat aanleiding gegee het tot die daad wat beoordeel moet word, word in verhaalvorm aan die gehoor vertel.

3.5.3 Die *propositio* (stelling)

Die *propositio* is die stelling van die spreker se argument. Die spreker maak dit vooraf aan die gehoor duidelik watter kant van die saak hy gaan verdedig.

3.5.4 Die *argumentatio* (argument)

Die funksie van die *argumentatio* is die bekragtiging van die eie saak en die weerlegging van die teenparty se saak.

3.5.5 Die *peroratio* (slot)

Die funksie van die *peroratio* behels die samevatting van die standpunt en 'n laaste poging om die standpunt van die hoorder/leser te beïnvloed deur 'n beroep te doen op die emosies van die gehoor.

3.6 Oorredingsmiddele

Veral Aristoteles (*Ars Rhetorica* 1, 1) bespreek die oorredingsmiddele waarvan die redenaar gebruik kan maak. Dit behels die volgende:

- * Tegniese oorredingsmiddele: ἔθος ('n taaluiting waardeur die redenaar homself vir die gehoor geloofwaardig maak), πάθος ('n taaluiting waardeur die redenaar die hoorder se goeie gesindheid verkry deur die hoorder se emosies te beïnvloed) en λόγος (logiese bewys of die aanbieding van die argument).
- * Nie-tegniese oorredingsmiddele: bewysstukke, getuies en voorbeelde.

3.7 Stylsoorte

Aristoteles (*Ars Rhetorica* 3, 1) en Cicero (*De Oratore* 37-39) behandel die volgende stylsoorte:

- * ἄδρός/*grave* (verhewe styl)
Die verhewe styl behels hoofsaaklik die gebruik van die Attiese styl.
- * μέσος/*medium* (middelstyl)
Die middelstyl is 'n middeweg tussen die verhewe en die gewone styl.

- * ἰσχυρός/*humile* (gewone styl)
Die gewone styl behels die gebruik van Koine-Grieks en eenvoudige uitdrukkings.

3.8 Statusleer

Quintilianus (*Institutio Oratoria* 7) som die statusleer van Hermagoras op. By die *inventio* (die vind) van die argument speel die statusleer 'n rol. Hiervolgens stel die persoon wat die retoriese situasie beheer, 'n aantal vrae aan homself om sodoende die argument te vind. Dit behels die volgende:

- * die *status coniecturae* (στόχασμος): die spreker vra homself af of die daad waaroor die hoorder moet besluit, enigsins bestaan
- * die *status definitionis* (ὄρος): die spreker definieer die daad wat deur die aangeklaagde gepleeg is
- * die *status qualitatis* (ποιότης): die spreker vra homself die vraag af of die daad wat die aangeklaagde gepleeg het geregverdig is of nie en
- * die *status translationis* (μεταλήψις): die spreker doen een van die volgende dinge: hy verskuif die skuld van die daad na iemand anders; hy stel die voordeel wat uit die daad voortspruit teenoor die nadeel daarvan; hy beskuldig die teenparty of hy beken dat die aangeklaagde wel aan die daad skuldig is.

Hiermee is enkele van die basiese kenmerke, terminologie en teoretiese opvattinge van die antieke retoriek kortliks weergegee.

4. Die verhouding tussen "antieke" retoriek en "antieke" epistolografie

Malherbe (1988:2-6) maak dit duidelik dat briefteorie in die antieke tyd binne die domein van die retorici geval het. Tog was dit nie amptelik deel van die teoretiese sisteem van die retoriek nie, aangesien briefteorie afwesig is in die vroeëre retoriese handboeke van onder andere Aristoteles, Cicero en Quintilianus. Aan die ander kant bevat die epistolêre handboeke van Pseudo-Demetrius en Pseudo-Libanius nie retoriese teorie nie.

Alhoewel epistolografie dus nie formeel as onderafdeling gefigureer het in die retoriek nie, en retoriek weer nie in die epistolografie nie, was dit tog die antieke retorici of skrywers met kennis van retoriese werke wat hulle oor die brief of briefstyle uitgespreek het, byvoorbeeld Demetrius, Cicero, Quintilianus en Gregorius van Nazianzus (kyk § 4.2).

Retoriek was nie slegs beperk tot een medium of tot die eksterne vorm van 'n toespraak nie, maar was toepaslik op enige vorm van kommunikasie. Retorici kon ook hul oortuigingswerk deur middel van briewe doen. Retorici moes dus noodwendig aan die epistolografie aandag skenk.

4.1 Die plek van retoriek volgens antieke epistolografiese handboeke

Die gepaste styl waarin briewe geskryf behoort te word, word breedvoerig bespreek in die twee handboeke *Τύποι Ἐπιστολικοί* van Pseudo-Demetrius en *Ἐπιστολμαῖοι Χαρακτήρες* van Pseudo-Libanius.

4.1.1 Pseudo-Demetrius

Die handboek van Pseudo-Demetrius (*Τύποι Ἐπιστολικοί*) beskryf een-en-twintig brieftipes met 'n voorbeeld van elk. Dit is 'n uiteensetting van briefstyle wat pas by verskillende omstandighede en gemoedstemmings. Hy bespreek onder andere die *μεμπτικός* (blamerende tipe) (paragraaf 3), *ἐπιτιμητικός* (berispende tipe) (paragraaf 6) en die *νουθετητικός* (vermanende tipe) (paragraaf 7).

Die voorbeelde wat Pseudo-Demetrius by elk van hierdie drie tipes briewe gee, hou almal verband met 'n situasie waarin 'n onregdoener tereggewys of aangemoedig word tot 'n beter optrede of om 'n beter waardesisteen aan te hang.

Hierdie aanmoediging was 'n welbekende verskynsel in die antieke retoriek. Die fokuspunt van die antieke retoriek was juis die oortuiging, vermaning of aanmoediging van die hoorder of leser tot 'n goeie optrede of waardesisteen.

Alhoewel sake uit die antieke epistolografie dus verband hou met sake uit die antieke retoriek, bly die oogmerk van hierdie handboek van Pseudo-Demetrius egter om sy leser in die epistolografie te onderrig.

4.1.2 Pseudo-Libanius

Die *Ἐπιστολμαῖοι Χαρακτήρες* bevat 'n algemene definisie van die brief, definieer een en veertig brieftipes, gee die gepaste briefstyle vir elke brieftipe en verstrekk 'n voorbeeld van elke brieftipe. Die handboek bestaan uit twee dele: 'n teoretiese bespreking en 'n versameling modelbriewe as voorbeelde.

Beide die teoretiese en praktiese gedeeltes van hierdie handboek toon 'n toenemende belangstelling in die retoriek. Malherbe (1988:5) motiveer hierdie stelling aan die hand van die volgende argument: Alhoewel Pseudo-Libanius nie die adviesbrief (*συμβουλευτικός*) as 'n afsonderlike brieftipe in sy handboek (*Ἐπιστολμαῖοι Χαρακτήρες*, § 5) beskryf nie, neem hy tog die retoriese debat op oor die verskil tussen die brief van advies (*συμβουλευτικός*) en die brief van vermaning (*παραιευτική*), wanneer hy die brief van vermaning behandel. Libanius (paragraaf 5) maan dat hierdie twee briefstyle nie verwar moet word nie. Terwyl die styl van vermaning (*παραιευτική*) (byvoorbeeld: "ons moet God eer") nie ruimte laat vir 'n teenargument nie, laat die adviserende styl (*συμβουλευτικός*) (byvoorbeeld: "ons moet oorlog voer, want ons kan baie daarby baat") wel ruimte vir 'n teenargument. Malherbe (1988:10, n. 45) meen dat dit duidelik uit antieke geskrifte (soos onder andere Syranus, *Scholia in Hermogenem* 2,192) blyk dat die

onderskeid tussen die *παραιευτική* en die *συμβουλευτικός* 'n onderwerp was waaroor retorici gereeld gedebateer het.

Dit is dus duidelik dat die skrywers van hierdie twee handboeke oor die epistolografie deeglik vertrouwd moes wees met die retoriese diskussies van hul tyd. Tog was die doel van hierdie handboeke beslis nie om 'n retoriese teorie te ontwerp nie. Die vraag is nou of die omgekeerde ook waar is, naamlik of retorici vertrouwd was met die epistolografie van hul tyd en in watter mate hulle daardeur beïnvloed is.

4.2 Die plek van epistolografie in die antieke retoriek

Om te bepaal watter plek die epistolografie in antieke retoriek ingeneem het, word daar nou ondersoek ingestel na die hantering van epistolografie deur skrywers wat teoretiese geskrifte oor die retoriek geskryf het.

4.2.1 Demetrius

Dat die skrywer van *Περὶ ἑρμηνείας*, genoem Demetrius, bekend was met retoriese werke, blyk baie waarskynlik te wees. Grube (1965:110) meen dat die skrywer van *Περὶ ἑρμηνείας* persoonlik bekend was met die relevante werke van Aristoteles en Teofrastos. Die vraag is nou: waar pas die brief en briefteorie in binne die raamwerk van retoriek, waarmee Demetrius waarskynlik vertrouwd was?

Die inhoud van die *Περὶ ἑρμηνείας* kan soos volg saamgevat word:

Paragraaf	1-35:	die struktuur van sinne, sinsdele en periodes
	36-304:	die vier style van (mondelling) redevoering:
	36-37:	die teorie van die vier style
(1)	38-113:	τοῦ μεγαλοπρεποῦς (die verhewe styl)
	114-127:	τοῦ γεινιῶντος (die stywe of kil styl)
(2)	128-185:	ὁ γλαφυρὸς λόγος (die elegante styl)
	186-189:	κακόζηλον (die geaffekteerde styl)
(3)	190-235:	ἰσχνότητος (die eenvoudige styl)
	236-239:	ὁ ξηρὸς (die droë styl)
(4)	240-301:	τῆς δεινότητος (die kragtige styl)
	302-304:	ἄχαρις (die onplesierige styl)

Eers wanneer Demetrius die derde styl, naamlik die eenvoudige styl, behandel, kom die brief ter sprake. Hier beveel hy aan dat die *Ἐπιστολικὸς Χαρακτήρ* normaalweg eenvoudige styl moet wees, maar soms met die elegante styl vermeng kan word.

Dit lyk dus of Demetrius die brief beskou as 'n genre met sy eie teorie wat slegs vermelding noodsaak wanneer die gepaste styl daarvoor in besonder bespreek word.

Dit kom voor of die brief binne die retoriese sisteem beskou is as 'n medium waardeur die skrywer sy oorredingswerk kon doen. Daarom vind die bespreking van

die brief hier in die *Περὶ ἐπιμηνείας* sy plek onder die bespreking van die gepaste styl vir die brief. Dus het hierdie twee dissiplines in 'n mate oorvleuel.

4.2.2 Cicero

Of Cicero hom spesifiek oor die epistolografie uitgelaat het, is nie duidelik nie. Wat wel duidelik is, is dat Cicero bewus was van 'n Griekse sisteem van brieffskryf. Dit blyk duidelik uit sy persoonlike briewe aan verskillende persone. Cicero onderskei byvoorbeeld tussen openbare (*litterae publicae*) en private briewe (*litterae privatae*) (*Pro Flacco* 16, 37). Hy praat van *genera epistularum* (*Ad Familiares* 4, 13, 1) en van die gebruik van spot (*iocari*) in 'n sekere tipe brief (*Ad Atticum* 6, 5, 4). Cicero beskryf ook 'n brief as 'n medium waardeur 'n afwesige persoon teenwoordig gestel word (*Ad Familiares* 3, 11, 2).

Wanneer hy hom wel oor die brief uitspreek, vorm dit nie deel van 'n epistolografies-teoretiese sisteem nie. Dit is slegs 'n sekondêre bron oor die briefteorie. Cicero, die retorikus (kyk sy groot werke soos *De Inventione*, *Ad Herrenium* en *De Oratore*), het oor genoegsame kennis van die epistolografie beskik om die praktyk van brieffskryf te kon beoefen. Tog het die epistolografie nie formeel deel gevorm van die retoriese sisteem soos hy dit beskryf het nie.

4.2.3 Seneca

Soos in die geval van Cicero gee Seneca nêrens in sy geskifte wat behoue gebly het enige formeel-teoretiese bespreking van briefteorie nie. Hy skryf egter wel 'n hele aantal briewe (kyk sy *Epistulae Morales*). Uit sy praktyk van brieffskryf kan daar wel die een en ander afgelei word oor teoretiese sake en oor sy opvattinge oor die aard van 'n brief. So skryf hy byvoorbeeld dat die brief die afwesige persoon vir sy vriend aanwesig maak (*Epistulae Morales* 40,1) en dat die brief soos 'n gesprek met 'n vriend is (*Epistulae Morales* 75,1-2).

4.2.4 Gregorius van Nazianzus

In sy *Epistula 51* bespreek Gregorius van Nazianzus die brief, aangesien Nikobolos hom in hierdie verband uitgevra het. Gregorius skryf oor die gepaste lengte van 'n brief (paragraaf 1-2) en oor die kenmerke van 'n brief (paragraaf 3-6). Ook in hierdie geval vorm dit nie deel van 'n teoretiese sisteem nie.

4.2.5 Julius Victor

Die eerste keer wat die epistolografie formeel as deel van die *ars rhetorica* bespreek word, is wanneer Julius Victor (vierde eeu) aan die einde van sy handboek oor die retoriek twee bylaes, naamlik die *De Sermocinatione* en *De Epistulis*, daarby aanheg. Ter inleiding van *De Epistulis* noem hy dat sommige van die riglyne vir toesprake ook op briewe toegepas kan word.

Alhoewel die epistolografie in hierdie geval as deel van die retoriese sisteem behandel is, dui die feit dat dit slegs 'n bylaag is aan dat dit nie behoorlik ingepas het in die besprekings van die retoriek nie (Malherbe, 1988:3).

4.2.6 Quintilianus

Quintilianus, die grootste Romeinse leermeester oor die retoriek, het verskeie werke nagelaat, waaronder *Institutio Oratoria* (Leeman & Braet, 1987:34-35). As handboek vir leerlinge in die retoriek behandel die *Institutio Oratoria* die antieke retoriese teorie in twaalf boeke. In boek 9 (4, 19) word die brief slegs vermeld wanneer Quintilianus dit as voorbeeld van die losser styl vermeld. Dit is weereens 'n geval, soos by Demetrius, waar die briefstyl as voorbeeld van die eenvoudige styl gegee word. Tog gaan hy nie verder in op enige aspek rondom die teorie van brieffskryf nie.

5. Gevolgtrekking

Dit is duidelik dat die praktyk van brieffskryf van belang was vir die retorici, asook vir diegene wat met retoriese werke bekend was. Tog is die epistolografie as sodanig nie formeel as 'n onderafdeling van antieke retoriese sisteme behandel nie. Hoe die verhouding tussen retoriek en epistolografie beskou moet word, word ook nêrens eksplisiet bespreek nie.

6. 'n Eie voorstel vir die hantering van die verhouding tussen retoriek en epistolografie

Retoriek kan gedefinieer word as die vermoë om die korrekte of gepaste oortuigingsmiddele met betrekking tot enige onderwerp te vind, met die doel om te oorreed. Watter genre gebruik word om te oorreed, word bepaal deur die retoriese situasie. Dit sluit ook nou aan by die funksie van die brief. Die brief word deur antieke teoretici as 'n toespraak in 'n geskrewe medium beskryf, dit wil sê as 'n plaasvervanger vir die dialoog, omdat daar afstand tussen die skrywer en leser bestaan.

Die 'Επιστολικὸς Χαρακτήρ behoort dus tot die retoriek en daarom is elemente van 'n toespraak ook in die brief teenwoordig. So is daar elemente van die *exordium* (inleiding van 'n toespraak) teenwoordig in die "briefopening". Op dieselfde wyse is elemente van die ander retoriese dele (byvoorbeeld die *narratio*, *propositio* en *argumentatio*) in die "brieffliggaam" teenwoordig. Eweneens is elemente van die *peroratio* (slot van 'n toespraak) in die "briefslot" teenwoordig. Daarom kan daar geen definitiewe onderskeid getref word tussen die dele van 'n toespraak en dié van 'n brief nie.

Daar bestaan 'n noue verband tussen die epistolografie en die retoriek en daarom is die kombinasie van retoriek en epistolografie die ideaal by die interpretasie van briewe, veral wanneer dit die ideaal is om nie slegs formalisties

(epistolografies) te werk te gaan nie, maar om ook die kommunikatiewe funksie binne die retoriese situasie te bepaal.

In hierdie hoofstuk is die basiese terminologiese onderskeidings en teoretiese opvattinge van sowel die antieke epistolografie as die retoriek bespreek en is die verhouding tussen hierdie twee dissiplines nagegaan. Die teoretiese raamwerk van hierdie studie moet egter nog verder uitgebrei word. Omdat die studie poog om funksie in terme van die opvatting van 'n brief as interaksie (as kommunikasie) te beskryf, moet die teoretiese apparaat vir die beskrywing van funksie binne 'n gespreksituasie gevind word. Vir hierdie doel word enkele relevante sake vanuit 'n moderne wetenskap, die pragmatiek, in die volgende hoofstuk toegelig.

HOOFSTUK 3

PRAGMATIEK EN DIE BEPALING VAN DIE FUNKSIE VAN ANTIEKE BRIEFDELE

1. Inleiding

Binne die linguistiek het pragmatiek in die laaste tyd tot 'n selfstandige subdissipline ontwikkel waarin 'n wye verskeidenheid sake bestudeer word. Slegs die sake wat vir die doel van hierdie studie relevant is, word vervolgens bespreek. Hierdie bespreking word gebaseer op die werke van Fillmore (1971), Grice (1975), Traugott & Pratt (1980), Leech (1983) en Violi (1985).

2. Grammatika, Semantiek en Pragmatiek

Leech definieer pragmatiek as "the study of how utterances have meanings in situations (1983:x)", "how language is used in communication" (Leech, 1983:1).

Grammatika (die abstrakte, formele sisteem van taal) en pragmatiek (die beginsels van taalgebruik) is komplementêre velde binne die linguistiek (Leech, 1983:4).

Die verskil tussen semantiek en pragmatiek lê in die verskil tussen die taalsisteem (*langue*) en taalgebruik (*parole*). Leech (1983:6) verduidelik hierdie verskil aan die hand van die volgende voorbeelde: In die semantiek word gevra "wat beteken X?", terwyl in die pragmatiek gevra word "wat het hy bedoel met X?" (kyk ook De Stadler, 1989:15-44 vir 'n bespreking van semantiek). Albei hierdie velde behels 'n studie van betekenis. Die verskil lê egter opgesluit in wat onder betekenis verstaan word. Hierdie twee subdissiplines binne die linguistiek behoort komplementêr gebruik te word (Leech, 1983:6).

Soos reeds in hoofstuk twee (§ 4) vermeld, is retoriek en pragmatiek twee verwante dissiplines in die sin dat albei betekenis bestudeer binne die situasie of konteks. Pragmatiek word egter op die gespreksituasie gerig en retoriek op die retoriese situasie.

3. Die beginsel van Grice

Grice (1975:45-46) werk met beide semantiek en pragmatiek wanneer hy die koöperatiewe beginsel hanteer. Hiervolgens is daar vier kriteria waarvolgens die gespreksimplikasie bepaal kan word, wat weer kan help om die funksie van taaluiting te bepaal. Hierdie vier kriteria is die volgende:

- * kwantiteit - volgens hierdie kriterium word bepaal of die regte hoeveelheid inligting verskaf is
- * kwaliteit - hiervolgens word vasgestel of die inligting korrek en waar is
- * verhouding - hier word bepaal of die inligting relevant is vir die situasie en
- * wyse - hiervolgens moet dubbelsinnigheid vermy word, moet inligting kort en kragtig en goed georden deurgegee word.

Ter verduideliking van die vier bogenoemde kriteria word die volgende voorbeelde gegee, waarvan sommige uit Leech (1983) oorgeneem is:

3.1 Die kriterium van kwantiteit

In die sin: "My suster se man werk vir YSKOR *en sy is getroud*", is die kriterium van kwantiteit (hoeveelheid) oortree. Die feit dat hier gepraat word van 'n man van iemand, veronderstel alreeds 'n huwelik tussen die betrokke twee persone. Dus kon die kursiewe gedeelte in die sin versweë gebly het.

3.2 Die kriterium van kwaliteit

Hierdie voorbeeld is oorgeneem uit Leech (1983:91):

Stefan: Wilfrid ontmoet vanaand 'n vrou vir ete.
 Susan: Weet sy vrou daarvan?
 Stefan: Natuurlik. *Die vrou wat hy ontmoet is sy vrou.*

In hierdie dialoog oortree Stefan wel die kriterium van kwantiteit (te min inligting word gegee), maar hy hou by die kriterium van *kwaliteit*. Stefan gee korrekte feite weer, want Wilfrid *se vrou* is tog 'n vrou.

3.3 Die kriterium van verhouding

Die voorbeeld is oorgeneem uit Leech (1983:94):

A: Waar is my sjokolade?
 B: Die kinders was vanoggend in jou kamer.

In hierdie dialoog is B se antwoord op A se vraag wel relevant in dié sin dat B vir A help om sy sjokolade te vind.

In die volgende voorbeeld dui die student se antwoord op die dosent se vraag daarop dat hy (doelbewus of onbewustelik) nie die relevansie van die dosent se vraag verstaan nie.

Dosent: Wie was nie gister in die klas nie?
 Student: My ma en pa, professor.

3.4 Die kriterium van wyse

Hierdie kriterium hang baie nou met die ander drie kriteria saam. Om 'n taaluiting te vorm wat relevant, genoegsaam en waar is, verg noodwendig duidelikheid, ondubbelsinnigheid en goeie ordening. In die voorafgaande voorbeeld van die dosent en student, het die dosent die kriterium van wyse oortree deurdat hy (behalwe dat die kriterium van relevansie of verhouding oortree is) nie genoegsame inligting verskaf het om sodanige misverstande uit die weg te ruim nie. Die dosent kon byvoorbeeld bygevoeg het: "*Watter student was gister nie in die klas nie?*"

Wanneer 'n taaluiting een of meer van hierdie kriteria oortree, ontstaan daar volgens Grice 'n gespreksimplikasie. Alvorens hierdie vier kriteria op 'n teks toegepas kan word, en die gespreksimplikasie bepaal kan word, is dit belangrik om eers te let op watter aspekte van 'n taaluiting volgens hierdie vier kriteria beoordeel word. Om hierdie aspekte te kan identifiseer, word die gespreksituasie bespreek om sodoende die vier kriteria op hierdie aspekte van die gespreksituasie toe te pas.

4. Aspekte van die gespreksituasie

Aangesien die pragmatiek betekenis in verhouding tot die gespreksituasie bestudeer, is dit belangrik om die verskillende aspekte van die gespreksituasie in aanmerking te neem, wat elkeen bydra tot die bepaling van die kommunikatiewe funksie van 'n taaluiting. Elke taaluiting word noodwendig deur 'n persoon aan 'n persoon gerig, op 'n spesifieke tydstip en plek. Die betrokkenes het almal bepaalde norme en waardes, hetsy sosiaal, polities of godsdienstig.

In die uitings wat die spreker of skrywer gebruik, is daar talle leksikale items wat die uitings in verband bring met die verskillende aspekte van die gespreksituasie. Hierdie leksikale items sluit byvoorbeeld onder meer die voornaamwoord *ek* in, wat na die spreker verwys. Hierdie leksikale items word deiktiese elemente genoem. Die bestudering van die verhouding tussen die aspekte van die gespreksituasie en die deiktiese elemente, is noodsaaklik vir die bestudering van betekenis in die pragmatiek.

Hierdie aspekte word onder andere deur Fillmore (1971) en Violi (1985) bespreek. Die volgende aspekte kan geïdentifiseer word:

- (1) Skrywer (kyk Leech, 1983:13; Violi, 1985:151-152)
- (2) Leser (kyk Leech, 1983:13; Violi, 1985:151-152)
- (3) Tyd (kyk Fillmore, 1971:28-37; Violi, 1985:152-159)
- (4) Ruimte (kyk Fillmore, 1971:16-27; Violi, 1985:152-159)
- (5) Gedeelde kennis (kyk Leech, 1983:13)

4.1 Die aspek van die skrywer

In 'n taaluiting is die produseerder van die taaluiting van belang. Hierdie taaluiting kan óf skriftelik óf mondeling oorgedra word. In 'n geskrewe dokument is

die skrywer dus van belang. Omdat hierdie studie op I Tessalonisense as brief gefokus is, word daar verder in hierdie studie aan die skrywer as sodanig aandag geskenk.

Dit is egter noodsaaklik om hier 'n onderskeid te tref tussen die werlike skrywer (historiese skrywer) en die skrywer wat in die teks teenwoordig is en wat die geënkodeerde outeur genoem word. Violi (1985:150) verduidelik hierdie onderskeid en noem hierdie geënkodeerde outeur die narrator. Die geënkodeerde outeur is byvoorbeeld teenwoordig deur middel van die handtekening onderaan 'n brief of in die briefopening. Hierdie saak word heelwat uitvoeriger deur Vorster beredeneer (1991:56-65).

Die historiese en empiriese skrywer van 'n brief kan, vanweë die tekstuele aard van 'n brief, nie sonder meer en op 'n simplistiese wyse gelyk gestel word aan dit wat as die skrywer in die teks aanwesig is nie (die narrator of geënkodeerde outeur). Gevolglik word daar in hierdie studie met die naam "Paulus" nie verwys na 'n historiese persoon nie, maar wel na die geënkodeerde outeur van I Tessalonisense.

Wanneer die fokus op die werklike skrywer van 'n teks gerig word, word die teks gelees as 'n venster op die werklike situasie agter die teks. In so 'n geval word daar besondere klem op buite-tekstuele gegewens gelê en geskied daar nie altyd reg aan die gegewe wat in die teks aanwesig is nie.

Nuwe-Testamentiese studies oor I Tessalonisense (kyk hoofstuk een) lê die klem veral op die historiese situasie van die teks, waarin die teks as 'n venster op die werklikheid gelees word. Sodanige studies kon egter nog nie aanvaarbare voorstelle met betrekking tot die probleem rondom die "danksegging(s)" in I Tessalonisense verskaf nie (kyk hoofstuk een). Daarom is dit nodig om hierdie probleem vanuit 'n ander hoek te benader.

Hierdie studie fokus op intra-tekstuele gegewens, en onder die "outeur" word die "geënkodeerde outeur" (soos hierbo verduidelik) verstaan.

4.2 Die aspek van die leser

'n Taaluiting word altyd aan iemand gerig. In die geval van 'n brief is hierdie "iemand" die leser. Soos in die geval van die outeur, moet ook hier onderskei word tussen die werklike leser en die leser waarvan daar in die teks 'n teken is - genaamd die implisiete leser. Violi (1985:152) noem hierdie leser die narratee. Die implisiete leser is teenwoordig deur middel van die *jy* -persoon wat in die kommunikatiewe as van die brief veronderstel word. Altman (1982:117-141) bespreek die verhouding wat daar tussen die *ek* - en die *jy* -persoon in 'n brief bestaan. Altman noem hierdie aspekte van die taalgebruik in briewe egter nie spesifiek "persoonlike deiksis" nie.

Perelman & Olbrechts-Tyteca (1969:19) definieer die implisiete leser as 'n skepping van die outeur. Die implisiete leser is dus 'n persoon wat die outeur deur

middel van sy argument wil beïnvloed. Hierdie implisiete leser kan nie simplisties met die werklike leser geïdentifiseer word nie. Die implisiete leser is die geënkodeerde outeur se persepsie van die leser.

Wanneer daar in hierdie studie van "die Tessalonisense" gepraat word, is dit nie 'n verwysing na historiese persone wat op 'n sekere stadium op 'n sekere plek gelewe het nie, maar verwys dit na die implisiete lesers van die brief I Tessalonisense soos wat dit in terme van die geënkodeerde outeur se perspektief op grond van tekstuele gegewens gekonstrueer kan word.

4.3 Die aspek van tyd

Fillmore (1971:70-71) bespreek tyd-deiksis breedvoerig. Hy tref onderskeid tussen *kalendriese* en *nie-kalendriese* tyd. Nie-kalendriese terme word alleenlik gebruik vir die aanduiding van tydintervalle en het geen spesifieke begin- en eindpunt nie, byvoorbeeld "ek beoog om 'n bietjie *later* te eet". Kalendriese terme is duidelik afgebakende tydseenhede, byvoorbeeld "*hierdie jaar* gaan ek sukses behaal" (1971:31).

Sowel kalendriese tyd as nie-kalendriese tyd kan gebruik word in referensiële tyd en koderende tyd. Fillmore (1971:10) beskou beide referensiële en koderende tyd as tyd waarna daar in 'n taaluiting verwys word. Referensiële tyd is egter tyd buite die tyd waarin die kommunikasie plaasvind, byvoorbeeld: "Ek sit nou en dink: ek wens ons kan *weer* kuier soos *verlede jaar*". Koderende tyd is die tyd waarbinne die kommunikasie plaasvind, byvoorbeeld: "*Wanneer jy hierdie brief lees*, moet jy aan my dink".

In die geval van koderende tyd onderskei Fillmore (1971:53-54) tussen enkoderende en dekoderende tyd. Hy verstrek die volgende voorbeelde:

- (1) Ek skryf hierdie brief op die balkon van my hotel in Debrechen.
- (2) Jy het so pas my laaste brief aan jou gelees.

In voorbeeld (1) is die tyd 'n voorbeeld van enkoderende tyd omdat die verwysingstyd in hierdie taaluiting na die tyd verwys toe die brief geskryf is.

In voorbeeld (2) is die tyd 'n voorbeeld van dekoderende tyd, omdat die tyd verwys na die tyd wanneer die brief gelees word.

Hierdie terme word in die volgende hoofstuk gebruik om deiktiese elemente in die "danksegging(s)" in I Tessalonisense te ontleed.

4.4 Die aspek van ruimte

Deiktiese ruimte is, volgens Fillmore (1971:16 - 27), die ruimte van die spreker of skrywer wat nodig is vir die verstaan van die gesprek. Vanuit die ruimte van die skrywer is dit moontlik om te kan bepaal of die implisiete leser hom in dieselfde

ruimte bevind of nie. Hierdie ruimte is veral van belang by die brief, omdat die ruimte van die outeur en die leser noodwendig verskil. Hierdie verskillende ruimtes van die outeur en die leser is juis die rede vir die ontstaan van 'n brief (Violi, 1985:156).

Die implikasie hiervan vir die bepaling van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense word in die volgende hoofstuk behandel.

4.5 Die aspek van gedeelde kennis

Leech (1983:13) meen dat agtergrondkennis van die taaluiting noodwendig deur die geënkodeerde outeur en die implisiete leser van die brief gedeel moet word, om begrip van die taaluiting deur die leser moontlik te maak. Hierdie agtergrondkennis kan verskeie sake insluit, afhangende van die betrokke taaluiting.

In die sin "Ek het weer aan jou voorstel gedink", veronderstel die outeur dat die leser oor die nodige agtergrondkennis beskik om dié taaluiting te kan verstaan, naamlik dat 'n voorstel gemaak is en wat die voorstel behels.

5. Die toepassing van die beginsel van Grice op die deiktiese elemente

Met die toepassing van die koöperatiewe beginsel, soos voorgestel deur Grice (1975) op hierdie deiktiese elemente, is dit noodsaaklik om die volgende in gedagte te hou: die koöperatiewe beginsel is 'n middel tot die bepaling van die verhouding tussen die konteks en tussen dit wat gesê is (kyk Leech, 1983:80), maar op sigself kan dit nie die kommunikatiewe funksie verduidelik nie. Dit is op hierdie punt, sê Leech, waar die hoflikheidsbeginsel ("politeness strategy") belangrik is.

6. Die hoflikheidsbeginsel

Traugott & Pratt (1980:246-247) bespreek die hoflikheidsbeginsel. Hulle verduidelik die basiese reël van hoflikheid in 'n gesprek soos volg: sonder inagneming van die werklike situasie tree jy in 'n gesprek op asof die geadresseerde die meerdere is (Traugott & Pratt, 1980:247). Hierdie beginsel beteken dat bevele byvoorbeeld gestel word as versoeke (byvoorbeeld, in plaas van *Maak toe die deur, sê jy Sal jy asseblief die deur toemaak?*).

Verdere reëls vir hierdie hoflikheidsbeginsel behels die volgende (Traugott en Pratt, 1980:246-247):

- * Bied in jou versoeke keuses aan die geadresseerde (alhoewel die keuses in werklikheid net skyn is), byvoorbeeld *Wil jy my gou help?*
- * Die enigste geval waar die bevel wel gebruik mag word, is om vir die geadresseerde iets aan te beveel, byvoorbeeld *Vra my hulp net wanneer u wil.*
- * Die hoflikheidsbeginsel mag egter nie gebruik word om slegs indruk op die geadresseerde te maak nie, byvoorbeeld *Ek sal maar my tennis opoffer en u gou help.*

- * Poog te alle tye om die geadresseerde goed te laat voel, byvoorbeeld *Ek is so dankbaar dat julle die tuin so mooi skoongemaak het.*

Hierdie reëls beïnvloed die inhoud van 'n gesprek ten opsigte van die vier kriteria van die koöperatiewe beginsel van Grice, te wete dié van kwaliteit, kwantiteit, relasie en wyse. Dit kan byvoorbeeld gebeur dat, omdat 'n spreker hoflik wil wees, hy net die relevante gegewens noem, sodat die geadresseerde goed moet voel. In só 'n geval kan die kwantiteit asook die relevansie van die gegewens beïnvloed word. Byvoorbeeld:

Jou werk lyk goed, veral as 'n mens in aanmerking neem dat jy slegs een uur daaraan bestee het.

In hierdie voorbeeld verswyg die spreker die negatiewe punte van die persoon se werk - en dit bloot uit hoflikheid. Die kwantiteit van gegewens word dus beïnvloed omdat die negatiewe eienskappe van die persoon se werk (wat beslis moet bestaan) nie genoem word nie. Die relevansie word beïnvloed omdat die spreker ter wille van hoflikheid die negatiewe punte irrelevant ag.

Die hoflikheidsbeginsel bly egter 'n beginsel wat net in sekere situasies gebruik kan word. 'n Onvanpaste situasie is die moeder wat aan haar kind vra: "Laat val asseblief die koekblik". Die gebruik hiervan in só 'n situasie kan egter weer dui op die sarkastiese gebruik van die hoflikheidsbeginsel. Die moeder van die kind probeer nie werklik om hoflik te wees nie. Wat sy met hierdie stellings beoog, is eerder om 'n bepaalde reaksie by die kind uit te lok.

7. Gevolgtrekking

Uit die voorafgaande bespreking blyk dit dat:

- * die identifisering en ontleding van die deiktiese elemente in 'n gesprek 'n hulpmiddel is om die koöperatiewe beginsel toe te pas
- * die toepassing van die koöperatiewe beginsel op die deiktiese aspekte tot die bepaling van die gespreksimplikasie kan lei en
- * die hoflikheidsbeginsel 'n verklaring kan bied vir die gespreksimplikasie.

Dit is egter nie moontlik om slegs met behulp van die beginsel van Grice die kommunikatiewe funksie van 'n taaluiting te bepaal nie. Wanneer gevra word na die bedoelde effek van 'n betrokke taaluiting, word daar na die retoriese situasie oorbeweeg. Daarom is ek van mening dat die ontleding van die retoriese situasie hier 'n bydrae mag lewer (kyk hoofstuk vier, § 5.1).

In die volgende hoofstuk word die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessaloniense beskryf in terme van die teoretiese apparaat van die epistolografie, retoriek en pragmatiek, soos behandel in hoofstukke twee en drie.

HOOFSTUK 4

DIE FUNKSIE VAN DIE "DANKSEGGING(S)" IN I TESSALONISENSE BINNE 'N INTERAKTIEWE MODEL

1. Inleiding

Uit die eerste drie hoofstukke het die volgende duidelik geword:

- * Daar bestaan 'n probleem rondom die "danksegging(s)" in I Tessalonisense (kyk hoofstuk een).
- * Uit die navorsingstradisie blyk dit dat daar, in terme van die histories-kritiese benadering, nie werklik bevredigende verduidelikings vir die voorkoms van die meerdere "danksegging(s)" gebied kan word nie (kyk hoofstuk een).
- * 'n Beskrywing van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense binne 'n interaksionele raamwerk, verg sowel 'n retoriese (hoofstuk twee) as 'n pragmatiese (hoofstuk drie) benadering.

Teen hierdie agtergrond word die volgende prosedure gevolg ten einde die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense te beskryf:

- * 'n Analise van die epistolêre vorm van I Tessalonisense.
- * 'n Analise van die gespreksituasie aan die hand van deiktiese elemente in die "danksegging(s)".
- * 'n Toepassing van die koöperatiewe beginsel op hierdie deiktiese elemente.
- * 'n Bepaling van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense op grond van 'n analise van die retoriese situasie.
- * 'n Algemene retoriese indeling van die brief op grond van die funksies en *topoi* van die verskillende retoriese dele.

Die volgorde waarin die verskillende stappe toegepas word, verskil van die volgorde wat in die uiteensetting van die betrokke teorie gevolg is, aangesien die gang van die argument dit so vereis.

2. Die epistolêre vorm van I Tessalonisense as geheel

Volgens Deissmann (1901:168), Doty (1973:27) en White (1984:1739-1749) bestaan die Pauliniese brief kenmerkend uit die volgende dele:

- * briefopening ("prescript")
- * danksegging

- * briefliggaam
- * apostoliese *parousia*
- * vermaning ("exhortation")
- * briefslot.

Vervolgens word hierdie verskillende briefdele in I Tessalonisense geïdentifiseer en bespreek.

2.1 Die briefopening

Terwyl Deissman (1901:168), Doty (1973:27) en White (1984:1739-1749) die "briefopening" van die "danksegging" skei, noem Boers (1975-1976:140) dat dit belangrik is om 'n onderskeid te tref tussen die "danksegging" en die "openingsgroet". Hierdie twee gedeeltes funksioneer saam as die "briefopening".

2.1.1 Die openingsgroet

Die openingsgroet van I Tessalonisense kom voor in 1:1 (kyk ook Johanson, 1987:60):

Παῦλος καὶ Σιλουανὸς καὶ Τιμόθεος τῇ ἐκκλησίᾳ Θεσσαλονικέων ἐν Θεῷ πατρὶ καὶ κυρίῳ Ἰησοῦ Χριστῷ, χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη. ("Paulus en Silas en Timoteus, aan die Tessalonisense wat in God die Vader en die Here Jesus Christus is, genade vir julle en vrede".)

Die briefopening van I Tessalonisense volg die normale patroon van die openingsgroet, gebaseer op die Hellenistiese vorm: A aan B *χαίρειν*. Onder die invloed van die Joodse skryfkonvensies is *χαίρειν* egter in hierdie geval uitgebrei tot *χάρις ὑμῖν καὶ εἰρήνη* (kyk Doty, 1973:22).

Op grond van die briefsituasie word die gegewens oor die geënkodeerde outeur (Παῦλος καὶ Σιλουανὸς καὶ Τιμόθεος) en die implisiete lesers (τῇ ἐκκλησίᾳ Θεσσαλονικέων) in die openingsgroet van I Tessalonisense verder uitgebrei.

2.1.1.1 Die geënkodeerde outeur

Alhoewel drie persone, naamlik Paulus, Silas en Timoteus, genoem word as die skrywers of afsenders van hierdie brief, is die begrip "geënkodeerde outeur" 'n enkelvoudsbegrip wat op 'n tekstuele abstraksie dui (kyk hoofstuk drie, § 4.1). In hierdie studie word dus deurgaans in die enkelvoud van die "geënkodeerde outeur" gepraat, selfs al word die skrywers of afsenders van die brief as drie persone geïdentifiseer.

In die openingsgroet word daar betreklik min inligting oor die geënkodeerde outeur verstrekk. Dit op sigself kan alreeds iets sê van die verhouding tussen die geënkodeerde outeur en die implisiete lesers. Dit is 'n geval waar die geënkodeerde outeur kennis oor homself by die lesers veronderstel. Om hierdie rede ag die

geënkodeerde outeur dit nie nodig om hom verder bekend te stel nie. Die res van die brief aan die Tessalonisense bevestig hierdie stelling oor die twee partye se bekendheid met mekaar. Deur die loop van die brief word frases aangetref soos αὐτοὶ γὰρ οἶδατε... "julle weet immers self..." (2:1) en καθὼς οἶδατε... "soos julle weet..." (2:2).

2.1.1.2 Die implisiete lesers

Omdat die implisiete lesers van die brief aan die Tessalonisense deurgaans na 'n meervoudsbegrip verwys, naamlik "die Tessalonisense", word in hierdie studie van die "implisiete lesers" gepraat.

Dit is insiggewend om 'n vergelyking te tref tussen die implisiete lesers van I Tessalonisense en dié in twee papyrusbriefies. In die openingsgroet van *PCol III 6* (teks uit White, 1986:33), skryf Simale aan Zenon: Σιμάλη Ἡροφάντου μήτηρ Ζήνωνι... Omdat Simale nie werklik *bevriend* is met Zenon nie, is dit vir haar nodig om haarself te identifiseer in terme van 'n persoon wat wel met Zenon bevriend is, naamlik haar seun. In 'n ander papyrusbrief, naamlik *PHibeh I 43* (teks uit White, 1986:25), skryf Kallikles egter: Καλλικλῆς Ἀριμούθη... In hierdie brief is die geënkodeerde outeur skynbaar bevriend met die implisiete leser en is dit daarom nie nodig dat Kallikles homself verder identifiseer nie.

Soos in die geval van die geënkodeerde outeur, word ook die implisiete lesers in I Tessalonisense slegs in die openingsgroet genoem. Daar word in hierdie stadium geen verdere inligting oor die implisiete lesers verskaf nie. In terme van antieke briefkonvensies dui dit daarop dat daar wel gedeelde kennis tussen die twee partye bestaan en dat die twee partye reeds vóór die skryf van die brief aan mekaar bekend was (kyk Petersen, 1985:49).

2.1.2 Die "danksegging(s)"

Die "danksegging(s)" (geïdentifiseer in terme van die strukturelemente wat Schubert, 1939 voorstel) kom in drie gevalle in I Tessalonisense voor, naamlik in 1:2-10; 2:13-16 en 3:9-13.

I Tessalonisense 1:2-10

2 Εὐχαριστοῦμεν τῷ Θεῷ πάντοτε περὶ πάντων ὑμῶν μνεῖαν ποιοῦμενοι ἐπὶ τῶν προσευχῶν ἡμῶν, ἀδιαλείπτως

3 μνημονεύοντες ὑμῶν τοῦ ἔργου τῆς πίστεως καὶ τοῦ κόπου τῆς ἀγάπης καὶ τῆς ὑπομονῆς τῆς ἐλπίδος τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ ἔμπροσθεν τοῦ Θεοῦ καὶ

2 Ons dank God altyd oor julle almal wanneer ons in ons gebede aan julle dink en onophoudelik 3 in gedagte hou die werk van julle geloof, die inspanning van julle liefde en die volharding van julle hoop op ons Here Jesus Christus voor ons God en Vader,

4 omdat ons weet van julle verkiesing, broers

πατρός ἡμῶν, 4 εἰδότες, ἀδελφοὶ ἡγαπημένοι ὑπὸ (τοῦ) Θεοῦ, τὴν ἐκλογὴν ὑμῶν, 5 ὅτι τὸ εὐαγγέλιον ἡμῶν οὐκ ἐγενήθη εἰς ὑμᾶς ἐν λόγῳ μόνου ἀλλὰ καὶ ἐν δυνάμει καὶ ἐν πνεύματι ἀγίῳ καὶ (ἐν) πληροφορία πολλῇ, καθὼς οἴδατε οἷοι ἐγενήθημεν (ἐν) ὑμῖν δι' ὑμᾶς. 6 καὶ ὑμεῖς μιμηταὶ ἡμῶν ἐγενήθητε καὶ τοῦ κυρίου, δεξάμενοι τὸν λόγον ἐν θλίψει πολλῇ μετὰ χαρᾶς πνεύματος ἀγίου, 7 ὥστε γενέσθαι ὑμᾶς τύπον πᾶσιν τοῖς πιστεύουσιν ἐν τῇ Μακεδονίᾳ καὶ ἐν τῇ Ἀχαΐᾳ. 8 ἀφ' ὑμῶν γὰρ ἐξήχηται ὁ λόγος τοῦ κυρίου οὐ μόνου ἐν τῇ Μακεδονίᾳ καὶ (ἐν τῇ) Ἀχαΐᾳ, ἀλλ' ἐν παντὶ τόπῳ ἢ πίστις ὑμῶν ἢ πρὸς τὸν Θεὸν ἐξελήλυθεν, ὥστε μὴ χρεῖαν ἔχειν ἡμᾶς λαλεῖν τι. 9 αὐτοὶ γὰρ περὶ ἡμῶν ἀπαγγέλουσιν ὅποιαν εἴσοδον ἔσχομεν πρὸς ὑμᾶς, καὶ πῶς ἐπεστρέψατε πρὸς τὸν Θεὸν ἀπὸ τῶν εἰδώλων δουλεύειν Θεῷ ζῶντι καὶ ἀληθινῷ 10 καὶ ἀναμένειν τὸν υἱὸν αὐτοῦ ἐκ τῶν οὐρανῶν, ὃν ἤγειρεν ἐκ (τῶν) νεκρῶν, Ἰησοῦν τὸν ρυόμενον ἡμᾶς ἐκ τῆς ὀργῆς τῆς ἐρχομένης.

I Tesselonisense 2:13-16

13 Καὶ διὰ τοῦτο καὶ ἡμεῖς εὐχαριστοῦμεν τῷ Θεῷ ἀδιαλείπτως, ὅτι παραλαβόντες λόγον ἀκοῆς παρ' ἡμῶν τοῦ Θεοῦ ἐδέξασθε οὐ λόγον ἀνθρώπων ἀλλὰ καθὼς ἀληθῶς ἐστὶν λόγον Θεοῦ, ὃς καὶ ἐνεργεῖται ἐν ὑμῖν τοῖς πιστεύουσιν. 14 ὑμεῖς γὰρ μιμηταὶ ἐγενήθητε, ἀδελφοί, τῶν ἐκκλησιῶν τοῦ Θεοῦ τῶν οὐσῶν ἐν τῇ Ἰουδαίᾳ ἐν Χριστῷ Ἰησοῦ, ὅτι τὰ αὐτὰ ἐπάθετε καὶ ὑμεῖς ὑπὸ τῶν ἰδίων συμφυλετῶν καθὼς καὶ αὐτοὶ ὑπὸ τῶν Ἰουδαίων, 15 τῶν καὶ τὸν κύριον ἀποκτεινάντων Ἰησοῦν καὶ τοὺς προφῆτας καὶ ἡμᾶς ἐκδιωξάντων καὶ Θεῷ μὴ ἄρεσκόντων, καὶ πᾶσιν ἀνθρώποις ἐναντίων, 16 κωλύόντων ἡμᾶς τοῖς ἔθνεσιν λαλήσαι ἵνα σωθῶσιν, εἰς τὸ ἀναπληρῶσαι αὐτῶν τὰς ἁμαρτίας πάντοτε. ἔφθασεν δὲ ἐπ' αὐτοὺς ἡ ὀργὴ εἰς τέλος.

wat deur God bemin word. 5 Want ons evangelie het nie alleen in woorde tot julle gekom nie, maar ook in krag en in die Heilige Gees en in volle oortuiging. Julle weet hoe ons by julle opgetree het om julle ontwil. 6 En julle het ons navolgers geword en volgelinge van die Here, deurdat julle die Woord in baie verdrukking aangeneem het met 'n blydskap van die Heilige Gees, 7 sodat julle voorbeelde geword het vir al die gelowiges in Masedonië en in Agaje. 8 Want van julle af het die Woord van die Here nie alleen in Masedonië en Agaje weeklink nie, maar ook op elke plek het julle geloof in God uitgegaan, sodat ons nie nodig het om iets te sê nie. 9 Hulle vertel immers self aangaande ons, watter ingang ons by julle gehad het en hoe julle julle van die afgode bekeer het tot God, om die lewende en ware God te dien 10 en sy Seun uit die hemele te verwag, wat Hy uit die dood opgewek het, Jesus wat ons van die toekomstige oordeel verlos.

13 En daarom ook dank ons God onophoudelik, dat julle, toe julle die Woord van God ontvang het wat deur ons verkondig is, dit aangeneem het nie as die Woord van mense nie, maar soos dit waarlik is, as die Woord van God wat ook werk in julle wat glo. 14 Broers, julle het immers navolgers geword van die gemeentes van God wat in Jesus Christus is in Judéa, omdat julle ook dieselfde dinge gely het onder julle eie stamgenote, soos hulle onder die Jode, 15 wat ook die Here Jesus en die profete gedood het en ons vervolg het en God nie behaag nie en teen alle mense vyandig is, 16 deurdat hulle ons verhinder om tot die heidene te spreek sodat hulle gered kan word. (Dit doen hulle) met die doel om die (maat) van hulle sondes gedurig vol te maak. Maar die oordeel het oor hulle gekom tot die einde toe.

Tessalonisense 3:9-13

9 τίνα γὰρ εὐχαριστίαν δυνάμεθα τῷ Θεῷ ἀνταποδοῦναι περὶ ὑμῶν ἐπὶ πάσῃ τῇ χαρῇ ἣν χαίρομεν δι' ὑμᾶς ἔμπροσθεν τοῦ Θεοῦ ἡμῶν, 10 νυκτὸς καὶ ἡμέρας ὑπερεκπερισσοῦ δεόμενοι εἰς τὸ ἰδεῖν ὑμῶν τὸ πρόσωπον καὶ καταρτίσαι τὰ ὑστερήματα τῆς πίστεως ὑμῶν: 11 Αὐτὸς δὲ ὁ Θεὸς καὶ πατὴρ ἡμῶν καὶ ὁ κύριος ἡμῶν Ἰησοῦς κατευθύναι τὴν ὁδὸν ἡμῶν πρὸς ὑμᾶς· 12 ὑμᾶς δὲ ὁ κύριος πλεονάσαι καὶ περισσεύσαι τῇ ἀγάπῃ εἰς ἀλλήλους καὶ εἰς πάντας καθάπερ καὶ ἡμεῖς εἰς ὑμᾶς, 13 εἰς τὸ στηρίζαι ὑμῶν τὰς καρδίας ἀμέμπτους ἐν ἀγιασύνῃ ἔμπροσθεν τοῦ Θεοῦ καὶ πατρὸς ἡμῶν ἐν τῇ παρουσίᾳ τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ μετὰ πάντων τῶν ἁγίων αὐτοῦ, (ἀμήν).

9 Want watter dank kan ons aan God lewer oor julle vir al die blydskap waarmee ons ons verbly ter wille van julle voor ons God, 10 terwyl ons nag en dag ernstig bid om julle aangesig te sien en om te voltooi wat aan julle geloof ontbreek? 11 Maar mag ons God en Vader en ons Here Jesus self ons weg na julle toe rig; 12 en mag die Here julle ryk en oorvloedig maak in liefde vir mekaar en vir alle mense, net soos ons liefde vir julle, 13 sodat hy julle harte kan versterk om onberispelik te wees in heiligheid voor ons God en Vader by die wederkoms van ons Here Jesus met al sy heiliges. Amen.

Vorster (1990:115) verstrek die volgende reëls vir 'n taaluiting van danksegging, gebaseer op die teorie van Searle (1971:52):

In die geval van 'n brief

- * verrig die leser 'n daad tot voordeel van 'n ander party (wat moontlik die outeur self is)
- * het die outeur 'n positiewe gesindheid teenoor die leser
- * beskou die outeur die daad, verrig deur die leser, as voordelig vir die bevoordeelde party
- * beskou die outeur die leser as die oorsaak van die goeie daad en
- * word die leser vir sy goeie daad bedank.

Wanneer die "danksegging(s)" in I Tessalonisense ontleed word, word dit duidelik dat dit nie aan hierdie reëls vir 'n danksegging voldoen nie.

In die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense kom die volgende sake aan die orde:

- * 'n derde party, naamlik God (ὁ Θεός), verrig 'n goeie daad teenoor die implisiete lesers (I Tessalonisense 1:2, 2:13 en 3:9)

- * die geënkodeerde outeur het 'n positiewe gesindheid teenoor die implisiete lesers, soos dit byvoorbeeld blyk uit die stelling in I Tessalonisense 3:9
- * die geënkodeerde outeur beskou die daad, verrig deur die derde party, as voordelig vir die implisiete lesers (vandaar die blydskap oor die implisiete lesers in I Tessalonisense 1:2, 2:13 en 3:9)
- * die geënkodeerde outeur beskou die derde party as die oorsaak van die goeie daad (kyk die datiewe in I Tessalonisense 1:2, 2:13 en 3:9) en
- * die derde party word bedank vir die goeie daad (kyk na die werkwoord εὐχαριστοῦμεν in I Tessalonisense 1:2, 2:13 en 3:9).

In hierdie drie "dankseggingsgedeeltes" word die derde party dus bedank en nie die implisiete lesers nie. In die lig van die taalhandeling soos wat dit ontleed is, blyk dit dus dat "danksegging" miskien nie die gewenste benaming vir hierdie gedeeltes in I Tessalonisense is nie. I Tessalonisense is nie 'n brief aan die Tessalonisense met die doel om hulle te bedank vir iets nie. Aangesien hierdie drie gedeeltes in I Tessalonisense (1:2, 2:13 en 3:9) moeilik as "danksegging(s)" getipeer kan word, is dit belangrik om te bepaal wat die kommunikatiewe funksie van hierdie gedeeltes dan wel is (kyk § 7).

2.2 Die brieffliggaam

White (1972:1-42) bespreek die brieffliggaam van antieke Griekse briewe in detail aan die hand van tipiese frases en formules. In dieselfde werk (1972:43) bespreek hy die struktuur van die Pauliniese brieffliggaam oor die algemeen en daarna (1972:68) die brieffliggaam van I Tessalonisense in besonder.

White (1972:71) baken die onderafdelings van die brieffliggaam van I Tessalonisense soos volg af:

- * brieffliggaam-opening: 2:1-4
- * brieffliggaam-middel: 2:5-16
- * brieffliggaam-slot: 2:17 tot 3:10

Schubert (1939:16-27) tipeer I Tessalonisense 1:2 tot 3:13 (die drie "dankseggingsgedeeltes" is dus ingesluit) as die liggaam van die brief, omdat die drie dankseggingsgedeeltes (vanaf 1:2 tot 3:16) volgens hom 'n eenheid vorm. Daarom sê Schubert (1939:26) dat die danksegging in I Tessalonisense nie, soos in die geval van ander Pauliniese briewe, slegs inleidend tot die brieffliggaam is nie, maar dat hierdie danksegging self die brieffliggaam vorm.

White (1972:70) bevestig die standpunt van Schubert in 'n mate. Hy meen dat Schubert tereg aan die danksegging(s) in I Tessalonisense 'n belangrike epistolêre funksie (die funksie van die briefdeel binne die brief as geheel) toeken. Tog beskou White die danksegging(s) nie as die brieffliggaam nie. Dit is egter insiggewend dat hy in sy afbakening van die brieffliggaam wel die gedeelte vanaf 2:1 onder die

briefliggaam insluit. Dit lyk dus of White hierdie teenstrydigheid oorkom wanneer hy beweer dat die briefliggaam op die danksegging(s) steun.

White maak die bovermelde analise van I Tessalonisense op grond van oorgangsfrases. Hierdie oorgangsfrases beskou hy as konvensionele frases wat oorgange vanaf die een briefdeel na 'n ander vorm, of van een onderwerp na 'n ander (1972:1-2). Sommige van hierdie frases is kenmerkend te vind in slegs een briefdeel, terwyl ander frases in al die briefdele kan voorkom. In sy ontleding van antieke briewe verstrek White (1972:2-37) voorbeelde van al hierdie tipiese oorgangsfrases.

Die enigste werklike oorgangsfrase na die briefliggaam in I Tessalonisense is die volgende, en op grond hiervan het hy die briefliggaam-opening afgebaken:

Αὐτοὶ γὰρ οἴδατε...(I Tessalonisense 2:1).

Deur bloot te let op White se afbakening van die briefliggaam van I Tessalonisense, word die probleem wat daar in I Tessalonisense bestaan, duidelik. Dit blyk dat die afbakening van die verskillende briefdele in I Tessalonisense 'n moeilike saak is, omdat daar onsekerheid bestaan oor die funksie van die briefdeel "danksegging". White laat byvoorbeeld die gedeelte vanaf 3:11 (die derde "dankseggingsgedeelte") onbespreek.

2.3 Finale vermanings

'n Volgende identifiseerbare briefdeel in I Tessalonisense is 5:12-27. In hierdie gedeelte kom 'n aantal vorme van vermaning en aanmoediging voor. Daarom word hierdie gedeeltes "finale vermanings" genoem.

2.4 Die briefslot

Die tipiese briefslot ἡ χάρις τοῦ κυρίου ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ μεθ' ὑμῶν ("mag die genade van ons Here Jesus Christus met julle wees"), kom in I Tessalonisense 5:28 voor (kyk ook Johanson, 1987:65).

Hiermee is die formele epistolêre struktuur van I Tessalonisense in breë trekke beskryf. Uit hierdie bespreking het dit duidelik geword dat die tradisionele "dankseggingsgedeelte", as 'n aparte briefdeel, in I Tessalonisense moeilik geïdentifiseer en van die briefliggaam onderskei kan word. Dit het verder duidelik geword dat "danksegging" nie 'n geskikte term is om die briefdele te benoem wat op grond van formele oorwegings as "danksegging" geïdentifiseer kan word nie. Hierdie briefdele voldoen nie aan die vereistes wat aan die taalhandeling "danksegging" gestel word nie. Teen hierdie agtergrond is dit nodig dat die vraag na die kommunikatiewe funksie van hierdie gedeeltes in I Tessalonisense opnuut gevra word. Daarom moet die gespreksituasie wat deur I Tessalonisense veronderstel word, nou ontleed word.

3. 'n Ontleding van die gespreksituasie

I Tessalonisense is 'n brief en kenmerkend aan elke brief is die kommunikatiewe funksie daarvan. Wat 'n brief as 'n spesifieke genre identifiseer, is die manier waarop hierdie kommunikatiewe funksie in die teks vervat is (Violi, 1985:149). Om hierdie kommunikatiewe funksie van die brief te kan bepaal, word bepaalde elemente van die gespreksituasie ontleed.

Omdat die fokus van hierdie hoofstuk op die probleem na aanleiding van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense gerig is, word die aandag op die deiktiese elemente (verwysings na aspekte van die gespreksituasie) in die "dankseggingsgedeeltes" (I Tessalonisense 21:2-10, 2:13-16 en 3:9-13) gevestig en word die deiksis in die res van die brief nie ontleed nie.

3.1 Die identifisering en ontleding van die deiktiese elemente in die danksegging in I Tessalonisense

3.1.1 Die aspek van persoon

(a) I Tessalonisense 1:2-10

Εὐχαριστοῦμεν τῷ Θεῷπερὶ πάντων ὑμῶν...

Die onderwerp van die werkwoord εὐχαριστοῦμεν, die eerste persoon meervoud, verwys terug na die geënkodeerde outeur van die brief, naamlik Παῦλος καὶ Σιλουανὸς καὶ Τιμόθεος. Die oorsaak vir die blydskap by die geënkodeerde outeur is 'n derde party en ook die wese aan wie die geënkodeerde outeur sy dank betuig, naamlik τῷ Θεῷ. Die party aan wie die goeie daad bewys is, is πάντων ὑμῶν, wat terugverwys na die implisiete lesers, naamlik ἡ ἐκκλησία Θεσσαλονικέων.

Hoe hou die geënkodeerde outeur homself aan die implisiete lesers voor? Ons lees hier van die volgende eienskappe waarmee die geënkodeerde outeur vereenselwig word:

- * as medegelowiges wat in gebed verkeer oor hul naaste, μνείαν ποιούμενοι ἐπὶ τῶν προσευχῶν...(1:2);
- * as evangeliebedienaars, εὐαγγέλιον ἡμῶν...ἐγενήθη εἰς ὑμῶν...(1:5)
- * as yweriges, ἐν πληροφορία...(1:5); en
- * as evangeliebedienaars wat sukses behaal, ὁποῖαν εἴσοδον ἔσχομεν πρὸς ὑμᾶς...(1:9).

Die implisiete lesers van die brief, naamlik ἡ ἐκκλησία Θεσσαλονικέων, is 'n konstruksie van die geënkodeerde outeur (kyk Perelman, 1982:19-23), alhoewel aangeneem kan word dat die geënkodeerde outeur sy persepsie so sou probeer vorm dat dit so na as moontlik aan die "werklikheid" van die situasie sal wees.

Omdat die werklike situasie nie vasgestel kan word nie, is dit onmoontlik om te kan sê hoe na die outeur se persepsie van sy lesers aan die werklike situasie was. Dit is egter moontlik om op grond van die tekstuele gegewens 'n konstruksie te maak van die geënkodeerde outeur se persepsie van die lesers. In hierdie gedeelte in I Tessalonisense vermeld die geënkodeerde outeur 'n aantal eienskappe wat hy aan die implisiete lesers toeken en wat ook die rede is waarom hy die dank aan die derde party bring. Hier word die implisiete lesers voorgestel as:

- * gelowiges, τῆς πίστεως...(1:3)
- * mense wie se geloof duidelik uit hul optrede blyk, τοῦ ἔργου τῆς πίστεως...(1:3)
- * gelowiges wat vanuit die geloof liefde betoon, τῆς ἀγάπης...(1:3)
- * gelowiges wat hoop op Jesus Christus, τῆς ἐλπίδος...(1:3)
- * mense wat die evangelie volkome aangeneem het en erns maak met hul geloof (1:3)
- * navolgers van die geënkodeerde outeur, μιμηταὶ ὑμῶν...(1:6)
- * gelowiges wat die evangelie in verdrukking ontvang het, maar met blydskap, μετὰ χαρᾶς...(1:6)
- * mense wat voorbeelde is vir ander gelowiges, τύπον...(1:7) en
- * mense wie se geloof vanself spreek (1:8).

Die gemeentes van Masedonië en Agaje (wat nie 'n volgende party in die "danksegging" is nie, maar nog 'n tema is wat daarin bespreek word) word vermeld as gemeentes wat die implisiete lesers se geloofslowe bewonder, wil navolg en besing (1:7-10). Hierdie tipering van die gemeentes in Masedonië en Agaje dra ook tot die tipering van die implisiete lesers by (kyk 1:7-10).

Die derde party wat dank van die geënkodeerde outeur ontvang, naamlik ὁ Θεός, word hier soos volg getipeer:

- * as 'n God wat uitverkies, ἐκλογὴν...(1:4);
- * as die lewende en ware God, Θεῶ ζῶντι καὶ ἀληθινῶ...(1:9); en
- * as die Vader van Jesus wat uit die dood opgewek is en ons so gered het van die wraak wat aan die kom is, τὸν υἱὸν...(1:10).

(b) I Tessalonisense 2:13-16

... ἡμεῖς εὐχαριστοῦμεν τῷ Θεῷ... ὅτι... ἐδέξασθε...

Soos in die geval van I Tessalonisense 1:2-10, verwys die ἡμεῖς na die implisiete outeur, naamlik Paulus, Silas en Timotheus. Die ontvanger van die dank en die oorsaak van die dank is ook weer τῷ Θεῷ. Die rede waarom God gedank word, word ingelei met ὅτι, terwyl die implisiete lesers die party is wat die goeie daad ervaar het.

In hierdie gedeelte word die geënkodeerde outeur soos volg aan die implisiete lesers voorgestel:

- * as gelowiges wat vervolg is, ἡμᾶς ἐκδιωξάντων...(2:15); en
- * as evangeliebedienaars wat deur stamgenote verhinder is om tot die heidene te spreek, κωλύοντων ἡμᾶς...(2:16).

Die implisiete lesers word voorgestel as:

- * mense wat die Woord van God aanvaar het as komende van God en nie van mense nie, λόγον Θεοῦ...(2:13);
- * navolgers van die gemeentes in Judea, μιμηταὶ...τῶν ἐν τῇ Ἰουδαίᾳ...(2:14); en
- * mense wat onder hul stamgenote gely het (2:14-15).

In aansluiting by die karakterisering van die implisiete lesers, dra die beskrywing van die gemeentes in Judea en die van die stamgenote daartoe by om 'n voortreflike voorstelling van die implisiete lesers te skep. Tog vorm hierdie stamgenote en die gemeentes in Judea nie deel van die implisiete lesers nie. Hierdie groepe is bloot van die temas wat in die "dankseggingsgedeeltes" aan die orde kom (kyk 2:14-16).

(c) I Tessalonisense 3:9-13

τίνα γὰρ εὐχαριστίαν δυνάμεθα τῷ Θεῷ... περὶ ὑμῶν...

Die onderwerp van die werkwoord δυνάμεθα, die eerste persoon meervoud, verwys weer na die geënkodeerde outeur, naamlik Paulus, Silas en Timotheus. Die party wat bedank word, is ὁ Θεός, wat ook die party is wat die goeie daad aan die tweede party, naamlik ὑμεῖς verrig. Ὑμεῖς het betrekking op die implisiete lesers, naamlik die Tessalonisense.

Die geënkodeerde outeur word gekarakteriseer as:

- * gelowiges wat hulle verbly oor die geluk van ander, χαίρομεν...(3:9)
- * mense wat erns maak met gebed, νυκτὸς καὶ ἡμέρας...δεόμενοι...(3:10)
- * bedienaars van die Woord wat hulle beywer om nasorg te doen met betrekking tot gemeentes wat reeds deur hulle bearbei is, καταρτίσαι τὰ ὑστερήματα...(3:10) en
- * gelowiges wat oorvloedige liefde teenoor die implisiete lesers openbaar, ἀγάπη εἰς ἀλλήλους...καὶ ἡμεῖς...(3:12).

Die volgende eienskap van die implisiete lesers word in hierdie gedeelte vermeld:

- * die implisiete lesers is mense wie se lewens só is, dat die geënkodeerde outeur hom daarvoor verbly, εὐχαριστίαν δυνάμεθα...(3:9).

Ὁ Θεός, die derde party, word soos volg gekarakteriseer:

- * God is 'n God wat Hom oor sy volgelinge ontferm en Hy sorg vir al hul behoeftes (3:9-13)
- * God wek die liefde in mense, περισσεύσαι τῇ ἀγάπῃ... (3:12)
- * God versterk die harte van sy volgelinge, στηρίξαι... καρδίας...(3:13).

(d) Samevattend

Die geënkodeerde outeur word soos volg gekarakteriseer:

- * besorg
- * gelowig
- * vervolgd
- * liefdevol
- * evangeliebedienend en
- * ywerig.

Die implisiete lesers word soos volg voorgestel:

- * gelowiges in alle opsigte
- * navolgers van die "voorbeeldige" geënkodeerde outeur
- * vervolgd
- * voorbeeldiges
- * liefdevol
- * mense waarvoor die geënkodeerde outeur hom verbly en
- * mense waarvoor die geënkodeerde outeur God dank.

Die beeld wat van die implisiete lesers geskets word, is baie positief.

Dit is moontlik dat sodanige persoonsdeiksis ook in die ander dele van die brief voorkom en die implisiete lesers verder prys, maar vir die doel van hierdie studie word nie daarop ingegaan nie.

3.1.2 Die aspek van tyd

(a) I Tessalonisense 1:2-10

Ἐυχριστοῦμεν... πάντοτε... μνεῖαν ποιούμενοι ἐπι τῶν προσευχῶν ἡμῶν, ἀδιαλείπτως μνημονεύοντες ὑμῶν τοῦ ἔργου τῆς πίστεως...

Omdat daar in die teks geen aanduiding is van die spesifieke tydstip waarop die brief geskryf is nie, is dit nie moontlik om die koderende tyd te bepaal nie, behalwe indien daar histories te werk gegaan word. 'n Histories-kritiese analise van I Tessalonisense val egter buite die fokus van hierdie studie.

Dit is egter wel moontlik om die referensiële tyd te bepaal. Wanneer die geënkodeerde outeur meld dat hy God vir al die goeie eienskappe van die implisiete lesers dank, sê hy ook dat hierdie dank voortdurend uitgespreek word. Dit is ook

moontlik om presies te sê by watter geleentheid hierdie handeling gewoonlik plaasvind. Die geënkodeerde outeur sê dat hy dit doen "wanneer hy aan die implisiete lesers dink in sy gebede" (I Tessalonisense 1:2-3). Hierdie voortdurendheid van die handeling word beklemtoon wanneer die geënkodeerde outeur vermeld dat dit ἀδιαλείπτως ("ononderbroke") plaasvind.

Omdat die referensiële tyd, ἀδιαλείπτως, se beginpunt en eindpunt nie presies gedefinieer kan word nie, word daar in hierdie geval gebruik gemaak van nie-kalendriese tyd.

(b) I Tessalonisense 2:13-16

... εὐχαριστοῦμεν... ἀδιαλείπτως...

Die bywoord van tyd, ἀδιαλείπτως, is 'n voorbeeld van nie-kalendriese tyd by die werkwoord εὐχαριστοῦμεν. Wanneer hierdie "dankseggingsgedeelte" vergelyk word met dié in I Tessalonisense 1:2-10, lyk dit asof die bywoord ἀδιαλείπτως 'n nie-kalendriese (dit wil sê, nie presies afgebakende) tyd is binne die versweë kalendriese tyd *wanneer ons bid*. Reeds in die eerste "dankseggingsgedeelte" (1:2-10) het die geënkodeerde outeur gemeld dat hierdie "danksegging" 'n handeling is wat op God gerig is en daarom in die gebed plaasvind.

(c) I Tessalonisense 3:9-13

... εὐχαριστίαν δυνάμεθα... ἀνταποδοῦναι... νυκτὸς καὶ ἡμέρας... δεόμενοι...

Die geënkodeerde outeur maak melding daarvan dat hy voortdurend bid dat God hom die geleentheid moet gee om die implisiete lesers te sien. In die loop van hierdie gebed betuig die geënkodeerde outeur dank aan God vir die implisiete lesers. Dus is die referensiële tyd ook in hierdie geval 'n vorm van nie-kalendriese tyd (νυκτὸς καὶ ἡμέρας) binne 'n vorm van kalendriese tyd (die gebed).

In die drie "dankseggingsgedeeltes" word geen melding gemaak van die koderende tyd nie. Wat wel in hierdie gedeeltes 'n rol speel, is die herhaalde gebruik van die nie-kalendriese tyd ἀδιαλείπτως en νυκτὸς καὶ ἡμέρας. Die "danksegging" vind voortdurend binne gebed plaas, dag en nag. Die hele handeling van "danksegging" word dus as 'n onophoudelike handeling voorgehou.

3.1.3 Die aspek van ruimte

... νυκτὸς καὶ ἡμέρας ὑπερεκπερισσοῦ δεόμενοι εἰς τὸ ἰδεῖν ὑμῶν τὸ πρόσωπον καὶ καταρτίσαι τὰ ὑστερήματα τῆς πίστεως ὑμῶν...

Uit die derde "dankseggingsgedeelte" (3:13-16) blyk dit dat die geënkodeerde outeur en die implisiete lesers verwyderd is van mekaar: νυκτὸς καὶ ἡμέρας ὑπερεκπερισσοῦ δεόμενοι εἰς τὸ ἰδεῖν ὑμῶν τὸ πρόσωπον καὶ καταρτίσαι τὰ ὑστερήματα τῆς πίστεως ὑμῶν ("dag en nag ernstig biddende om julle van

aangesig tot aangesig te kan sien en om te voorsien wat kortkom in julle geloof") (3:10). Die geënkodeerde outeur meld dat hy voortdurend begeer om die implisiete lesers weer te sien en sy werk onder hul voort te sit. Die presiese gelokaliseerdheid van elk is egter nie hieruit te bepaal nie.

Vir die doel van die "danksegging" het die geënkodeerde outeur dit skynbaar nie nodig geag om die ruimte enigsins te spesifiseer nie (behalwe die feit van verwydering en begeerde hereniging).

3.1.4 Die aspek van gedeelde kennis

Leech (1983:13) beskou "konteks" as "enige agtergrondskennis wat gedeel word deur beide die geënkodeerde outeur en implisiete leser". Hierdie gedeelde kennis dra by tot die implisiete leser se interpretasie van die geënkodeerde outeur se uiting.

Gedeelde kennis speel 'n baie belangrike rol in die "danksegging(s)" in I Tessalonisense. Gedeelde kennis word aangedui deur formules soos εἰδότες...("omdat ons weet...") in 1:4 en καθὼς οἴδατε...("soos julle weet...") in 1:5. Die geënkodeerde outeur dank God telkemale vir dinge waarvan sowel die geënkodeerde outeur as die implisiete lesers bewus is.

Die inhoud van hierdie gedeelde kennis behels die volgende:

- * Sowel die geënkodeerde outeur as die implisiete lesers is bewus van die werk van die geënkodeerde outeur onder die implisiete lesers.
- * Beide partye is bewus van hoe goed die evangelie deur die implisiete lesers ontvang is.
- * Beide partye weet dat God die implisiete lesers genadig is.
- * Beide partye deel die kennis oor die goeie hoedanighede van die geënkodeerde outeur en die implisiete lesers.

Die hele "danksegging" bevat dus gedeelde kennis tussen die geënkodeerde outeur en implisiete lesers.

3.1.5 Sintese

Uit die ontleding van die "gespreksituasie" is dit duidelik watter eienskappe aan die verskillende persone toegeken is, hoeveel inligting oor die tyd en ruimte verskaf is en watter en hoeveel gedeelde kennis in hierdie gedeeltes 'n rol speel. Hierdie analise van die "gespreksituasie" is nuttig vir die toepassing van die beginsel van Grice op die deiktiese elemente.

4. Die toepassing van die koöperatiewe beginsel van Grice op die deiktiese elemente in die "danksegging(s)" in I Tesselonisense

Soos in hoofstuk drie (§ 3) vermeld, behels Grice se koöperatiewe beginsel die toepassing van die volgende vier kriteria op die inligting wat in 'n gespreksituasie verskaf word:

- * kwantiteit
- * kwaliteit
- * relasie
- * wyse.

4.1 Die toepassing van die beginsel van Grice op die aspek van persone

Die vraag wat in hierdie verband gestel word, is: in watter mate het die geënkodeerde outeur by die aspek van persoon ten opsigte van die bogenoemde vier kriteria afgewyk?

4.1.1 Kwantiteit

Die vraag na kwantiteit is die vraag of die outeur die verlangde hoeveelheid inligting verstrek het (kyk hoofstuk drie, § 3).

(a) I Tesselonisense 1:2-10

Die geënkodeerde outeur

Uit § 3.1.1 blyk dit dat daar in die eerste "dankseggingsgedeelte" nie minder nie as vier goeie eienskappe aan die geënkodeerde outeur toegeskryf word. Die feit dat die hoeveelheid inligting wat die geënkodeerde outeur oor homself verstrek, meer as voldoende is, laat 'n mens dadelik wonder waarom 'n "goeie beeld" van homself vir die geënkodeerde outeur so belangrik is. Hier is beslis heelwat gegewens verstrek wat op die oog af oorbodig voorkom. Of dit inderdaad oorbodig is, sal later aan die orde gestel word.

Die implisiete lesers

Die geënkodeerde outeur van hierdie brief vermeld nege voortreflike eienskappe van die implisiete lesers (bo en behalwe die byvoeglike uitbreiding by die voornaamwoord ὑμῶν, naamlik πάντων) (kyk § 3.1.1). Buiten die verdere voortreflike eienskappe wat in die ander "dankseggingsgedeeltes" aan hulle toegeskryf word, verteenwoordig hierdie gegewens op sigself al 'n magdom inligting. Daar word uitsluitlik op positiewe eienskappe gekonsentreer. Dit is baie opvallend dat een van hierdie eienskappe, naamlik "gelowiges wat die evangelie in

verdrukking ontvang het, maar dit met blydskap gedoen het" (I Tessalonisense 1:6), ooreenstem met dieselfde eienskap wat ook in die brief aan die geënkodeerde outeur toegeskryf word. Hierby voeg die outeur ook die feit dat die implisiete lesers "navolgers is van die geënkodeerde outeur" (1:6). Die vraag is: is dit nodig om die ooreenstemmende eienskappe uit te spel, of kon dit bloot versweë gebly het?

In die gevalle waar die gemeentes in Judea en die stamgenote vermeld word, word die hoeveelheid inligting in verband met die implisiete lesers verder uitgebrei. Omdat die geënkodeerde outeur klaarblyklik positief oor die gemeentes in Judea is, word daar moontlik geïmpliseer dat die implisiete lesers beter oor hulleself behoort te voel.

Ook waar die derde party beskryf word, word verdere inligting verskaf oor die implisiete lesers se goeie karaktereienskappe. Hierdie derde party, naamlik God, is die oorsaak van die besondere goeie voorstelling van die implisiete lesers.

(b) I Tessalonisense 2:13-16

Die geënkodeerde outeur, implisiete lesers en die gemeentes in Judea

Twee eienskappe van die geënkodeerde outeur word vermeld, naamlik dat hulle vervolgd is en mense wat verhinder word om hul werk onder die heidene te doen. Wat hierdie inligting merkwaardig maak, is dat hierdie twee eienskappe presies ooreenstem met die inligting wat oor die implisiete lesers en die gemeentes in Judea verstrekkend word. En in al die gevalle is dit die outeur en die gemeentes in Judea wat vergelyk word met dié in Tessalonika. Dit is weer eens 'n geval waar die goeie eienskappe van die implisiete lesers beklemtoon word deur dieselfde optrede van ander partye te vermeld en aan te prys. Deurdat die geënkodeerde outeur homself en die implisiete lesers met dieselfde eienskappe karakteriseer, identifiseer hy hom met die implisiete lesers. Die kriterium van kwantiteit word dus weer eens oortree. Sonder om al hierdie inligting te gee, sou die outeur op die oog af slegs kon sê dat die implisiete lesers goeie mense is.

Die stamgenote van al die genoemde gemeentes

Oor die stamgenote word heelwat inligting gegee (kyk § 3.1.1). Al hierdie inligting het ten doel om die lyding van al die genoemde gemeentes te illustreer. Die karakterisering van die stamgenote is dus weer eens 'n oortreding met betrekking tot die hoeveelheid inligting oor die implisiete lesers.

(c) I Tessalonisense 3:9-13

Die geënkodeerde outeur

Vier eienskappe van die geënkodeerde outeur (kyk § 3.1.1) word vermeld. Al vier eienskappe hou verband met die verhouding tussen die implisiete lesers en geënkodeerde outeur. Dit raak die liefde, sorg, bearbeiding, geluk en gebed van die

geënkodeerde outeur met betrekking tot die implisiete lesers. Dit wil voorkom of die kriterium van kwantiteit hier oortree word.

Die implisiete lesers

Vir die eerste keer in die "dankseggingsgedeelte", word daar slegs gemeld dat die lewenswyse van die implisiete lesers sodanig is, dat die geënkodeerde outeur hom daarvoor verheug. In hierdie geval is die inligting ten opsigte van kwantiteit voldoende. Die vraag sou egter gevra kan word: waarom word net die nodigste inligting verstrekk? (kyk § 5.4).

Die derde party

Hierdie party, naamlik God, word geteken as 'n God wat die implisiete lesers op die hart dra. Die koppeling van die derde party aan die implisiete lesers is die belangrikste rede vir die "danksegging". Die feit dat die derde party die implisiete lesers op die hart dra, gee die geënkodeerde outeur genoeg rede om dankbaar te voel oor die goeie omstandighede waarin die implisiete lesers verkeer.

Ten opsigte van die kriterium van kwantiteit kom daar dus in die geval van byna al die deiktiese aspekte een of ander vorm van oortreding voor. In § 5 en 6 word die implikasies hiervan ontleed.

4.1.2 Kwaliteit

Die kwaliteit van inligting word bepaal deur na te gaan of die gegewens die waarheid is en bewysbaar is (kyk hoofstuk drie, § 3). Dit is moeilik om te bepaal of die inligting wat die geënkodeerde outeur in verband met die implisiete lesers en homself verstrekk, waar is of nie. Dat die implisiete lesers in alles voortreflik skyn te wees, mag waar wees, maar wanneer inaggeneem word dat die implisiete lesers ook negatiewe eienskappe behoort te hê, kom dit voor of die geënkodeerde outeur hier die kriterium van kwaliteit oortree. Tog sê die geënkodeerde outeur glad nie dat die implisiete lesers geen slegte eienskappe het nie. Die feit dat hierdie slegte eienskappe verswyg word en die goeie eienskappe so oordryf word, skep egter die indruk dat die implisiete lesers slegs goed is. Die geënkodeerde outeur skep dus die indruk dat die implisiete lesers "volmaak" is. Dit is 'n oortreding van die kriterium van kwaliteit.

4.1.3 Relasie

Die relasie van inligting word bepaal deur na te gaan of gegewens relevant is of nie (kyk hoofstuk drie, § 3). Die geënkodeerde outeur van hierdie brief aan die Tessalonisense verstrekk uit die aard van die saak verskeie karaktereienskappe in verband met die verskillende persone (geënkodeerde outeur sowel as implisiete lesers). Dit is in hierdie stadium moeilik om te sê of al hierdie gegewens vir die doel van die brief relevant is. Die relevansie van die gegewens oor die verskillende

persone sal bespreek word wanneer die kommunikatiewe funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense bepaal is (kyk § 5 en 6).

4.1.4 Wyse

Wanneer die wyse van die aanbieding van inligting bestudeer word, word nagegaan of die geënkodeerde outeur die inligting dubbelsinnig weergee, kort en kragtig vermeld en of die inligting georden is (kyk hoofstuk drie, § 3).

Die geënkodeerde outeur in I Tessalonisense verskaf die inligting in verband met homself en die implisiete lesers op 'n duidelike en geordende wyse. Die geënkodeerde outeur vermeld 'n groot aantal goeie eienskappe van homself en veral ook van die implisiete lesers. Dit is moontlik dat die geënkodeerde outeur hierdeur enige onduidelikheid of misverstand in hierdie verband wil uitskakel. Alhoewel die gegewens oor die verskillende persone die kriterium van kwantiteit oortree, word die inligting oor die persone duidelik uiteengesit. Daar bestaan dus min of geen moontlikheid dat die implisiete lesers die gegewens dubbelsinnig sal verstaan nie.

Sover dit die kriterium van wyse aangaan, kom daar dus geen oortreding met betrekking tot die aspek van persone voor nie.

In die lig van die resultate wat deur die toepassing van die beginsel van Grice op die aspek van persone (§ 4.1) verkry is, kan gekonkludeer word dat die geënkodeerde outeur die kriterium van kwantiteit en in 'n geringer mate ook die kriterium van kwaliteit oortree het. In § 5 en 6 word hierdie belangrike punt verder bespreek.

4.2 Die toepassing van die beginsel van Grice op die aspek van tyd

4.2.1 Kwantiteit

Sover dit die hoeveelheid inligting rondom die aspek van tyd aangaan, hou die geënkodeerde outeur baie getrou aan die kriterium van kwantiteit. In elk van die drie "dankseggingsgedeeltes" kom slegs een verwysing na "tyd" voor. In die eerste twee "dankseggingsgedeeltes" (1:2-10 en 2:13-16) kom die bywoord *ἀδιαλείπτως* ("ononderbroke") voor, terwyl die genitief van tyd, *νυκτὸς καὶ ἡμέρας* ("nag en dag"), in die derde "dankseggingsgedeelte" (3:9-13) gebruik word.

Ten opsigte van die deiktiese aspek van tyd, oortree die geënkodeerde outeur dus nie die kriterium van kwantiteit nie.

4.2.2 Kwaliteit

Die "kwaliteit" van die gegewens oor die tyd, met ander woorde of hierdie gegewens "korrek" is al dan nie, word in hierdie drie "dankseggingsgedeeltes" aangeraak. Die geënkodeerde outeur vertel nie doelbewus leuens wanneer hy sê

dat hulle "onophoudelik" (ἀδιωλείπτως) hul dank bring en "nag en dag" (νυκτὸς καὶ ἡμέρας) hieroor bid nie. Dit lyk egter of dit 'n vorm van oordrywing is om "nag en dag" en "onophoudelik" hierdie handeling van danksegging en gebed uit te voer.

Ten opsigte van die aspek van tyd oortree die geënkodeerde outeur dus wel die kriterium van kwaliteit.

4.2.3 Relasie

Deur die twee bywoorde van tyd ("onophoudelik" en "nag en dag") in die drie "dankseggingsgedeeltes" te gebruik, het die geënkodeerde outeur moontlik van uiters relevante gegewens gebruik gemaak. Sou die outeur byvoorbeeld die bedoeling hê om die implisiete lesers gunstig te stem, is dit juis nodig om die voortdurendheid van die "danksegging" te vermeld.

Of hierdie gegewens in verband met die tyd relevant of irrelevant is, kan egter eers bepaal word wanneer die funksie van die "danksegging" bekend is (kyk § 5 en 6).

4.2.4 Wyse

Die verwysing na die tyd in die drie "dankseggingsgedeeltes" word kort en bondig, sonder enige sprake van dubbelsinnigheid. Die kriterium van wyse word dus nie oortree nie.

4.3 Die toepassing van die beginsel van Grice op die aspek van ruimte

4.3.1 Kwantiteit

Oor die ruimte van die verskillende persone in die "danksegging(s)" word daar weinig vermeld. Wat wel duidelik uit die brief blyk, is dat die geënkodeerde outeur en die implisiete lesers verwyderd is van mekaar - vandaar die noodsaak vir 'n brief. Of hierdie gegewens oor die ruimte voldoende is of nie, is eers bepaalbaar wanneer die kommunikatiewe funksie van die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense bespreek word (kyk § 5 en 6).

4.3.2 Kwaliteit

Aangesien daar in die "dankseggingsgedeeltes" nie iets spesifiek gesê word oor die ruimte nie, is dit nie moontlik dat die kriterium van kwaliteit hier oortree kan word nie. Die afstand (wat noodwendig deur 'n brief veronderstel word) tussen die geënkodeerde outeur en die implisiete lesers, is egter 'n gegewene.

Die geënkodeerde outeur oortree dus ook nie die kriterium van kwaliteit nie.

4.3.3 Relasie

Aangesien uitgebreide gegewens oor die ruimte van die verskillende partye in die "dankseggingsgedeeltes" verswyg word, is dit miskien nodig om nie slegs na die relevansie van die gegewens te vra nie, maar ook na die relevansie van dit wat verswyg word. Totdat die kommunikatiewe funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense bepaal word (kyk § 5 en 6), word hierdie saak oor die relevansie eers daargelaat.

4.3.4 Wyse

Aangesien daar byna geen gegewens oor die ruimte in die teks gegee word nie, is dit moeilik om te praat oor die wyse waarop dit aangebied word. Wanneer die geënkodeerde outeur egter vermeld dat hy verlang om met die implisiete lesers herenig te word, doen hy dit kort en kragtig (kyk I Tessalonisense 3:10-11).

Die kriterium van wyse word dus nie hier oortree nie.

4.4 Die toepassing van die beginsel van Grice op die aspek van gedeelde kennis

4.4.1 Kwantiteit

Al drie "dankseggingsgedeeltes" bevat in geheel gedeelde kennis wat die geënkodeerde outeur by die implisiete lesers veronderstel. Om die kriterium van kwantiteit op hierdie aspek toe te pas, moet daar versigtig te werk gegaan word. Op die oog af lyk hierdie inligting wat alles gedeelde kennis is, of dit die "voldoende hoeveelheid" heeltemal oortref. Maar daar sou eers gevra moet word na die funksie van die "danksegging", voordat besluit kan word of die kriterium van kwantiteit geraak word. Omdat die kommunikatiewe funksie eers in § 5 en 6 bepaal en omskryf word, word hier slegs op die "groot hoeveelheid" gedeelde kennis gewys.

4.4.2 Kwaliteit

Om te kan bepaal of die gedeelde kennis inligting bevat wat histories korrek weergegee is, moet daar noodwendig vanuit 'n histories-kritiese raamwerk hierna gekyk word. Omdat die studie egter nie vanuit 'n historiese raamwerk gedoen word nie, word hierdie gegewens binne die "dankseggingsgedeeltes" as waarskynlik waar aanvaar. Tog lyk dit of die verswyging van die implisiete lesers se negatiewe eienskappe die kriterium van kwaliteit raak. Dit sluit aan by § 4.1.2. Hierdeur skeep die geënkodeerde outeur 'n valse voorstelling van die implisiete lesers. Dit beteken dat die kriterium van kwaliteit by die aspek van gedeelde kennis oortree word.

4.4.3 Relasie

Vir die doel van "danksegging(s)" behoort al die gedeelde kennis oor die implisiete lesers asook die geënkodeerde outeur relevant te wees. Die teenvraag is egter of die verswyging van die negatiewe eienskappe van die implisiete lesers nie

juis ook relevant vir die doel van die "danksegging(s)" is nie? Omdat die doel of die kommunikatiewe funksie van die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense egter nog nie bepaal is nie, word die relevansie van die gegewens en dit wat verswyg is, daargelaat tot § 6.

4.4.4 Wyse

Omdat die geënkodeerde outeur skynbaar aanvaar dat dit binne die implisiete lesers se kompetensie is om sy boodskap te verstaan, word op hierdie punt aanvaar dat die gedeelde kennis nie dubbelsinnig vertolk sal word nie.

4.5 Gevolgtrekking

Uit die identifisering en ontleding van die deiktiese elemente binne die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense, het die volgende afwykings of uitbreidings (wat Grice die "gespreksimplikasie" noem) op die beginsel van Grice na vore gekom:

Sover dit die aspek van persone aangaan, het die geënkodeerde outeur 'n mate van verandering ten opsigte van die volgende kriteria van Grice aangebring:

- * Kwantiteit: 'n magdom gegewens oor die persone, en in die besonder oor die implisiete lesers, word verskaf.
- * Kwaliteit: die geënkodeerde outeur laat die indruk dat die implisiete lesers slegs oor goeie eienskappe beskik.

Ten opsigte van die deiktiese aspek van tyd, het die geënkodeerde outeur ten opsigte van die volgende kriteria van die beginsel van Grice afgewyk:

- * Kwantiteit: die bywoord van tyd (onophoudelik) en die genitief van tyd ("nag en dag") lyk na 'n vorm van oordrywing. Die geënkodeerde outeur kan onmoontlik sy dank en gebed "onophoudelik" volhou en "dag en nag" bid.
- * Kwaliteit: Omdat die bywoorde van tyd ("onophoudelik" en "nag en dag") 'n oordrywing is, kom ook die kriterium van kwaliteit in gedrang.

By die aspek van gedeelde kennis wyk die geënkodeerde outeur van die volgende kriteria van die beginsel van Grice af:

- * Kwantiteit: die hoeveelheid inligting wat gedeelde kennis is, word in só 'n mate vermeld, dat die drie "dankseggingsgedeeltes" byna in geheel daaruit bestaan.
- * Kwaliteit: hierdie gedeelde kennis is na alle waarskynlikheid waar, maar dit wil voorkom of die geënkodeerde outeur, met die verswyging van die (beslis aanwesige) negatiewe eienskappe van die implisiete lesers, tog die kriterium van kwaliteit aantast.

Dit lyk dus of daar oor die algemeen afgewyk is van die kriterium van kwantiteit en in 'n geringe mate ook van die kriterium van kwaliteit. Die feit dat die geënkodeerde outeur in hierdie gevalle wel effens afgewyk of uitgebrei het op die beginsel van Grice, is egter nie toevallig nie, maar is juis 'n hulpmiddel om die funksie of doel van die "danksegging(s)" te bepaal.

Omdat die geënkodeerde outeur sy argument (soos alle retorici) moes beplan met inagneming van die take van die redenaar, word daar gekyk na die eerste taak van die redenaar, naamlik *inventio* (die vind van die argument). Deur vas te stel hoe die redenaar sy argument gevind het, is dit moontlik om te bepaal waarom hy sou verkies om in sekere opsigte van die koöperatiewe beginsel af te wyk. Daarom volg hier nou eers 'n ontleding van die retoriese situasie.

5. 'n Ontleding van die retoriese situasie van I Tessalonisense

5.1 Inleiding

Bitzer (1968:6) definieer 'n retoriese situasie soos volg:

...a complex of persons, events, objects and relations presenting an actual or potential exigence which can be completely or partially removed if discourse, introduced into the situation, can so constrain human decision or action as to bring about the significant modification of the exigence.

Die vraag na die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense, is terselfdertyd ook die vraag na die status van die retoriese situasie. Wanneer dit bekend is watter *status* die redenaar aan hierdie "dankseggingsgedeeltes" wou toeken, behoort dit moontlik te wees om te verklaar waarom hierdie geënkodeerde outeur byvoorbeeld ten opsigte van die kriterium van kwantiteit afwyk wanneer hy die implisiete lesers en homself karakteriseer.

5.2 Status van die "dankseggingsgedeelte(s)" in I Tessalonisense

Die status van 'n argument is nie 'n pertinente gegewe in die teks nie en noop die navorser om tussen die lyne van die teks te lees. Om die status van die argument te bepaal, moet die onderliggende probleem waarop die argument toegespits is, geïdentifiseer word.

In die eerste "dankseggingsgedeelte" (I Tessalonisense 1:2-10) word die derde party bedank vir die goeie eienskappe waaroor die implisiete lesers beskik. Die geënkodeerde outeur is bewus van die implisiete lesers se goeie eienskappe deurdat hy vroeër kontak met die implisiete lesers gehad het (kyk I Tessalonisense 1:5 en 1:9). Buiten die opnoem van hierdie goeie eienskappe, laat die geënkodeerde outeur ook blyk dat hy hom met die implisiete lesers identifiseer (kyk I Tessalonisense 1:6).

Ook uit die tweede "dankseggingsgedeelte" (I Tessalonisense 2:13-16) is dit duidelik dat die geënkodeerde outeur hom met die implisiete lesers identifiseer. In I Tessalonisense 2:14-16 gee die geënkodeerde outeur te kenne dat die implisiete lesers, soos die geënkodeerde outeur, onder volksgenote moes ly.

In die derde "dankseggingsgedeelte" (I Tessalonisense 3:9-13) is die aspek van ruimte baie belangrik. Die geënkodeerde outeur het die begeerte om die afstand tussen sy eie ruimte en dié van die implisiete lesers te oorbrug (3:10-11). Die feit dat die geënkodeerde outeur van die implisiete lesers verwyderd is en graag die afstand tussen hom en die implisiete lesers wil oorbrug, noop hom om die brief te skryf.

Waarom sou die geënkodeerde outeur homself met die implisiete lesers identifiseer? Waarom word al die goeie hoedanighede van die implisiete lesers hier so sterk beklemtoon? Dit wil voorkom of die geënkodeerde outeur deur middel van die "dankseggingsgedeeltes" die implisiete lesers van sy besorgdheid oor hulle wil verseker. Die sukses, vooruitgang en geluk van die implisiete lesers is ook die geluk van die geënkodeerde outeur.

Waarom is dit egter vir die geënkodeerde outeur so belangrik om die implisiete lesers van sy besorgdheid te verseker, en waarom is dit so belangrik om sy eie goeie eienskappe uit te lig?

Aangesien die statusteorie van Hermagoras hoofsaaklik op die juridiese genre gerig is, is dit nie moontlik om die vier *stati* sonder wysiging op die epideiktiese en deliberatiewe genres toe te pas nie (kyk hoofstuk twee, § 3.7). Aangesien I Tessalonisense nie binne die juridiese genre val nie, is dit nie moontlik om die status in hierdie geval te tipeer as een van die vier *stati* van Hermagoras nie. In hierdie geval word die status van die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense nie by die naam genoem nie, maar word status beskou as die probleem of die saak waaroor die taaluiting handel. Die onderliggende probleem van die geënkodeerde outeur in hierdie gedeeltes (dit wil sê die *status* van die probleem) skyn die volgende te wees :

- * Hoe kan die implisiete lesers oorreed word om nie alleen al hul goeie hoedanighede te handhaaf nie, maar om ook daarop te verbeter?
- * Wanneer sal die implisiete lesers hul leraar (in hierdie geval die geënkodeerde outeur) genoeg vertrou om sy vermanings ter harte te neem?

Bogenoemde vrae, wat moontlik die status van die argument in die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense saamvat, kan op die volgende tekstuele gegewens gegrond word: in die derde "dankseggingsgedeelte" (3:9-13) lê 'n aantal gegewens opgesluit wat daarop dui dat die geënkodeerde outeur begeer dat die implisiete lesers hul goeie hoedanighede sal behou en daarop voortbou. In 3:10 kom die geënkodeerde outeur se begeerte om die geloof van die implisiete lesers aan te vul (καταρτίσαι τὰ ὑστερήματα τῆς πίστεως ὑμῶν) na vore. In 3:13 gee die

geënkodeerde outeur te kenne dat hy begeer dat die implisiete lesers 'n mooi lewe voor die derde party, naamlik God, sal lei (ἀμέμπτους ἐν ἀγῶσύνῃ).

In terme van 'n antieke retoriese denkmilieu kan daar geredeneer word dat die geënkodeerde outeur die volgende redenasie aan die dag kon lê:

- * 'n Leser is oop vir oortuiging wanneer hy sy outeur vertrou.
- * 'n Leser sal sy outeur vertrou wanneer hy oortuig is dat die outeur 'n goeie mens is en veral 'n goeie mens soos die leser self.
- * 'n Leser sal noodwendig sy goeie hoedanighede probeer verbeter indien sy huidige hoedanighede as voortreflike eienskappe bestempel word.
- * 'n Leser is oop vir verdere oorreding wanneer sy goeie gesindheid verkry is.
- * Wanneer 'n leser se goeie gesindheid verkry is, is dit moontlik om hom selfs vir vermanings ontvanklik te maak.
- * Wanneer die leser daarvan oortuig is dat die outeur sy belange op die hart dra, is so 'n leser ontvanklik vir enige verdere oorreding.

Deurdad die *status* van die argument vasgestel is, kan daar nou bepaal word watter oorredingsmiddele die geënkodeerde outeur gebruik het om sy probleem op te los.

5.3 Die oorredingsmiddele gebruik ter ondersteuning van die argument

In hoofstuk twee is reeds kennis geneem van die verskillende oortuigingsmiddele wat in die antieke retoriek aangewend is (kyk hoofstuk twee, § 2.2). Hierdie oortuigingsmiddele sluit onder meer die volgende in:

- * *ethos*
- * *pathos* en
- * *logos*.

Die oortuigingsmiddel *pathos* dien die doel om die karakter van die implisiete lesers sodanig te prys dat die implisiete lesers 'n goeie gesindheid teenoor die geënkodeerde outeur openbaar en sodoende ontvanklik is vir verdere oorreding. Die oortuigingsmiddel *ethos* dien die doel om die outeur by die implisiete lesers as betroubaar en goed voor te stel.

Te oordeel aan die *status* wat die geënkodeerde outeur in I Tessalonisense aan die "danksegging(s)" toeken (kyk § 5.2), blyk dit dat sowel *ethos* as *pathos* die geskikte oortuigingsmiddele was om in hierdie retoriese situasie te gebruik.

In al drie "dankseggingsgedeeltes" is die gebruik van *ethos* duidelik te bespeur (kyk ook Lyons, 1985:177-201). Oor die drie "dankseggingsgedeeltes" heen, word altesaam tien positiewe en prysenswaardige eienskappe aan die geënkodeerde outeur toegeskryf (kyk § 3.1.1). Deur middel hiervan dra die geënkodeerde outeur

die volgende boodskap aan die implisiete lesers oor: kyk hoe 'n goeie mens is ek; julle kan my maar vertrou en gehoorsaam; ek gee om vir julle welsyn.

Wanneer die oortuigingsmiddel *pathos* gebruik word, word die emosies van die implisiete lesers betrek om hulle sodoende vir die argument gunstig te stem (Aristoteles, *Ars Rhetorica* 1,2,2). Aristoteles (*Ars Rhetorica* 3,7,3) verduidelik dat dit belangrik is om op die emosies van die hoorder (leser) aanspraak te maak. Dit kan onder andere bereik word deur prysenswaardige eienskappe aan te prys (*Ars Rhetorica* 3,7,3). Dit is moontlik om op grond van hierdie inligting die afleiding te maak dat die oortuigingsmiddel *pathos* taaluitinge soos volg beïnvloed:

- * die slegte eienskappe van die implisiete lesers word taktvol verswyg
- * slegs die goeie hoedanighede word vermeld en
- * die goeie hoedanighede word in 'n oordrewe mate deur die geënkodeerde outeur aangeprys.

Pathos is in die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense in 'n groter mate as *ethos* deur die geënkodeerde outeur gebruik as oorredingsmiddel. Die geënkodeerde outeur ken dertien goeie eienskappe aan die implisiete lesers toe en verswyg konsekwent enige slegte eienskappe van die implisiete lesers (kyk § 3.1.1). Deur die vermelding van dertien goeie eienskappe van die implisiete lesers asook deur die wyse waarop dit vermeld word, speel die geënkodeerde outeur as 't ware met die emosies van die implisiete lesers. 'n Geënkodeerde outeur wat soveel lof vir sy implisiete lesers het, sal 'n nog positiewer reaksie op enige verdere bevel of versoeke kry - en dit omdat die implisiete lesers emosioneel positief hierdeur beïnvloed is. In I Tessalonisense 2:14-15 word die implisiete lesers weereens emosioneel beïnvloed wanneer die geënkodeerde outeur die verskriklike lyding van die implisiete lesers in herinnering roep. Hy vermeld verder in 2:16 dat ook hy as geënkodeerde outeur soortgelyke lyding moes verduur.

Dit is dus duidelik dat sowel die oortuigingsmiddele *ethos* as *pathos* in hierdie gedeeltes in I Tessalonisense aangewend is.

5.4 Die plek van die oortuigingsmiddele "pathos" en "ethos" in 'n toespraak of brief

Omdat die oortuigingsmiddele *pathos* en *ethos* ten doel het om die implisiete leser se goeie gesindheid te verkry, is hierdie oortuigingsmiddele veral in die opening van 'n brief of toespraak aangewend. Dit is belangrik om, voordat daar by die brieffliggaam gekom word, die implisiete lesers reeds ontvanklik te maak vir die brieffliggaam en hul gunstig te stem teenoor die geënkodeerde outeur (Leeman & Braet, 1987:59-96). Dit is egter ook moontlik om hierdie oortuigingsmiddele in die loop van die toespraak of brief te gebruik.

In § 2.2 is White se analise van die brieffliggaam van I Tessalonisense weergegee. Daarvolgens open I Tessalonisense 2:1 die brieffliggaam (vanweë die aanwesigheid van die oorgangsformule *αὐτοὶ γὰρ οἴδατε...*). Dit lyk dus of die eerste

"dankseggingsgedeelte" (I Tessalonisense 1:2-10) deel vorm van die briefopening, maar of die oorblywende twee "dankseggingsgedeeltes" (2:13-16 en 3:9-13) deel van die brieffliggaam vorm. Die veelvuldige en willekeurige gebruik van die oortuigingsmiddele *ethos* en *pathos* is egter geregverdig. Dit staan die geënkodeerde outeur vry om hierdie twee oortuigingsmiddele aan te wend wanneer hy dit so verlang.

Omdat dit belangrik is om die implisiete lesers se goeie gesindheid voor die aanbieding van die brieffliggaam te verkry, is dit logies dat *ethos* en *pathos* oorfloediger gebruik sal word in die briefopening. Daarom word die oortuigingsmiddel *ethos* en veral *pathos* baie uitgebreid in die briefopening aangewend (kyk I Tessalonisense 1:2-10) en veel minder in die brieffliggaam self (kyk I Tessalonisense 2:13-16 en 3:9-13). Dit is dus nie nodig om die voorkoms van "danksegging(s)" in die brieffliggaam as 'n probleem te beskou nie.

5.5 'n Retoriese indeling van I Tessalonisense

Soos reeds in hoofstuk twee (§ 3.4) vermeld, kan daar in terme van die antieke retoriese teorie die volgende retoriese dele in 'n toespraak of 'n brief onderskei word:

- * die *exordium* (inleiding)
- * die *narratio* (vertelling)
- * die *propositio* (stelling van die argument)
- * die *argumentatio* (argument)
- * die *peroratio* (slot).

Aangesien die *status* van die argument asook die oortuigingsmiddele wat daarby pas, in die "danksegging(s)" van I Tessalonisense geïdentifiseer is, is dit nou moontlik om aan die hand van die verskillende funksies 'n retoriese indeling van I Tessalonisense te maak:

- * *Exordium*: I Tessalonisense 1:1-10
- * *Argumentatio*: I Tessalonisense 2:1 tot 5:12
- * *Peroratio*: I Tessalonisense 5:13-28.

Aangesien die *exordium* dien om die implisiete leser gunstig te stem vir die argument en teenoor die geënkodeerde outeur (kyk hoofstuk twee, § 2.2), is dit moontlik om I Tessalonisense 1:1-10 as die *exordium* te kategoriseer. Die oortuigingsmiddele *pathos* en *ethos* is die gepaste middele om die implisiete lesers ontvanklik te maak. In I Tessalonisense 1:2-10 is die gebruik van veral *pathos* opvallend. Die geënkodeerde outeur in I Tessalonisense vermeld nege goeie eienskappe van die implisiete lesers wat hy prysenswaardig vind en wat hom genoeg rede gee om die derde party, naamlik God, te dank (kyk § 3.1.1). *Ethos*, wat in 'n geringer mate as *pathos* gebruik word, kom ook in I Tessalonisense 1:2-10 voor, wanneer die geënkodeerde outeur vier goeie eienskappe aan homself toeskryf (kyk § 3.1.1).

In die *argumentatio* (I Tessalonisense 2:1-5:27) word 'n argumentasie aangebied waarin die geënkodeerde outeur sy implisiete lesers vermaan en aanmoedig. Binne hierdie *argumentatio* kom die gedeeltes I Tessalonisense 2:13-16 en 3:9-13 voor, wat ook voorbeelde is van die gebruik van *pathos*. Só vertel die geënkodeerde outeur in hierdie betrokke gedeeltes van al die goeie eienskappe van die implisiete lesers waaroor hy hom verbly voor die derde party. Alhoewel die middel *pathos* hoofsaaklik aangewend is in die *exordium*, is dit geoorloof om dit ook na goeddunke in die *argumentatio* aan te wend.

In die *peroratio*, naamlik I Tessalonisense 5:13-28, word die argument saamgevat en afgesluit (kyk § 2.2).

Aangesien die fokus van hierdie studie die "danksegging(s)" in I Tessalonisense is, word die *argumentatio* nie verder in die *narratio* en *partitio* verdeel nie.

6. Gevolgtrekking

In hierdie hoofstuk is die "danksegging(s)" in I Tessalonisense ondersoek met behulp van begrippe-apparaat vanuit die epistolografie, retoriek en pragmatiek. Die resultate van hierdie ondersoek kan soos volg saamgevat word:

- * Die term "danksegging" is nie geskik om I Tessalonisense 1:2-10; 2:13-16 en 3:9-13 te karakteriseer nie.
- * Die gedeeltes in I Tessalonisense waarin die werkwoord *εὐχαριστοῦμεν* ("ons dank") voorkom, dien eerder die doel van *pathos* en *ethos*.
- * Deur die gebruik van *ethos* skets die geënkodeerde outeur 'n navolgingswaardige beeld van homself om sodoende die implisiete lesers se vertroue in hom te verseker.
- * Deur die gebruik van *pathos* verkry die geënkodeerde outeur sy implisiete lesers se goeie gesindheid.
- * Deurdat die implisiete lesers se goeie gesindheid verkry word, word die implisiete lesers ontvanklik gemaak vir verdere oorrading.

Uit die bespreking van die hoflikheidsbeginsel in hoofstuk drie (kyk § 5), het dit geblyk dat die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense juis die volgende funksies het:

- * Dit is 'n poging om die geadresseerde te laat goed voel.
- * Deur middel van hierdie gedeeltes word die implisiete lesers gunstig gestem vir verdere oorrading.

Die kommunikatiewe funksies van die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense sluit dus baie nou aan by die reëls van die hoflikheidsbeginsel soos beredeneer deur Traugott & Pratt (1980:246-247).

Die kommunikatiewe funksie van hierdie gedeeltes in I Tessalonisense wat tradisioneel as "danksegging(s)" geïdentifiseer word (1:2-10, 2:13-16 en 3:9-13), is dus nie om dank te betuig nie, maar eerder om:

- * die implisiete lesers te prys
- * vir die implisiete lesers te bewys dat hulle behoeftes ook vir die geënkodeerde outeur belangrik is en
- * die geënkodeerde outeur se identifisering met die implisiete lesers duidelik te kommunikeer.

Die geënkodeerde outeur gebruik in die "dankseggingsgedeeltes" die oorredingsmiddele *pathos* en in 'n mindere mate *ethos* om hierdie funksies te vervul.

Alhoewel die teoretiese raamwerke asook die presiese tipering verskil, skakel hierdie tipering van die "dankseggingsgedeeltes" as voorbeelde van *pathos* en *ethos* mooi in by verskillende Nuwe-Testamentici se teorieë.

Calvyn (*Commentary on the epistle of Paul to the Thessalonians*) meen dat die outeur van I Tessalonisense, die Tessalonisense se deugde prys om hulle aan te moedig tot volharding daarin. In plaas daarvan dat die outeur sy lesers "gelukwens", maak hy gebruik van die "danksegging". Hierin herinner die outeur sy lesers daaraan dat hul deugde 'n genadegawe van God is. Binne die raamwerk van hierdie studie sou dit beteken dat die geënkodeerde outeur die implisiete lesers "gelukwens" met hul mooi lewe.

Ook Johanson (1987:158) sluit hierby aan wanneer hy sê dat die "dankseggingsgedeeltes" ten doel het om die goedgesindheid van die lesers te verkry en die geloofwaardigheid van die outeur te versterk.

Dit is in hierdie stadium moontlik om terug te verwys na § 4.1 waar die relevansie van die deiktiese elemente oorgestaan het vir latere bespreking. Omdat dit nou duidelik is wat die kommunikatiewe funksie van die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense is, is dit moontlik om te sê dat die groot hoeveelheid inligting oor die goeie hoedanighede van die implisiete lesers, asook die versweë gegewens oor hul slegte hoedanighede, juis relevant is. Die slegte eienskappe van die implisiete lesers is verswyg, slegs die goeie hoedanighede is vermeld en hierdie goeie hoedanighede is in 'n oordrewe mate vermeld. Die drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense is dus 'n voorbeeld van veral die gebruik van *pathos*, maar ook in 'n geringer mate van *ethos*.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING EN GEVOLGTREKKINGS

1. 'n Beredenering van die teoretiese raamwerk

1.1 Die ontwikkeling van die briefdeel "danksegging"

In die antieke briewe is verskillende briefdele geïdentifiseer (kyk hoofstuk een, § 2), waaronder die:

- * openingsgroet
- * gesondheidswens
- * briefliggaam en
- * briefslot.

Die gesondheidswens is in die Pauliniese briewe aangepas om die "danksegging" te vorm (kyk hoofstuk een, § 2).

Aangesien geredeneer is dat die "danksegging" die plek van die gesondheidswens ingeneem het, is daar in die navorsingstradisie aanvaar dat elke Pauliniese brief slegs een "danksegging" kan hê.

1.2 Die struktuur van die "danksegging"

Die struktuur van die "danksegging" is een van die volgende konstruksies, of 'n samestelling daarvan (kyk hoofstuk een, § 2):

- * εὐχαριστέω τῷ Θεῷ (+ deelwoorde) en
- * εὐχαριστέω (+ ὅτι).

1.3 Die identifisering van die "danksegging" in I Tessalonisense

In die eerste brief aan die Tessalonisense is daar 'n probleem, omdat daar in terme van hierdie struktuur drie "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense geïdentifiseer kan word. Hierdie drie "dankseggingsgedeeltes" kom voor in:

- * I Tessalonisense 1:2-10
- * I Tessalonisense 2:13-16 en
- * I Tessalonisense 3:9-13.

Na aanleiding van die probleem van meerdere "dankseggings" in I Tessalonisense, het verskillende teorieë onder Nuwe Testamentici ontstaan, waaronder interpolasie- en konflasieteorieë (kyk hoofstuk een, § 4-5).

1.4 Tradisionele benaderings in die navorsingstradisie oor I Tessalonisense

Die ondersoek na die tradisionele benaderings tot I Tessalonisense het aan die lig gebring dat daar hoofsaaklik histories-krities, formalisties of inhoudelik te werk gegaan is (kyk hoofstuk een, § 6).

In hierdie studie word die standpunt ingeneem dat die tradisionele benaderings nie bevredigende verklarings bied om die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense te beskryf nie (kyk hoofstuk een, § 6).

1.5 Die verklaring van "funksie" in terme van 'n interaksionele model

Binne die raamwerk van 'n beskouing van briewe as interaksie, kan die funksie van bepaalde taaluitinge binne die spesifieke kommunikasiegebeure, -situasie of -konteks van die brief bepaal word (kyk hoofstuk een, § 6).

Die bepaling van die kommunikatiewe funksie behels die bepaling van funksie binne 'n retoriese of pragmatiese beskouing. Omdat die epistolografie egter in die navorsingstradisie saam met die retoriek gebruik word om briewe te analiseer, is die verhouding tussen hierdie twee dissiplines belangrik (kyk hoofstuk een, § 6).

Die ondersoek na die antieke retoriek en die antieke epistolografie het duidelik gemaak dat hierdie twee dissiplines verwant is aan mekaar en daarom verkieslik saam gebruik moet word in die analise van briewe (kyk hoofstuk twee, § 6).

Die volgende metode is gebruik om die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense te bepaal:

- * 'n Epistolografiese analise van die brief (kyk hoofstuk vier, § 2).
- * 'n Ontleding van die gespreksituasie deur die identifisering van deiktiese elemente in die "danksegging(s)" (kyk hoofstuk vier, § 3).
- * 'n Toepassing van die koöperatiewe beginsel op die deiktiese elemente in die "danksegging(s)" (kyk hoofstuk vier, § 4).
- * 'n Ontleding van die retoriese situasie deur die status van die "danksegging(s)" te bepaal asook deur die identifisering van die oorredingsmiddele wat daarin aangewend is (kyk hoofstuk vier, § 5).
- * Die bepaling van die funksie van die "danksegging(s)" (kyk hoofstuk vier, § 6).

2. Die bepaling van die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense

2.1 Die epistolografiese analise van I Tessalonisense

Die volgende epistolografiese struktuur is vir I Tessalonisense voorgestel (kyk hoofstuk vier, § 2):

I Tessalonisense 1:1 Openingsgroet
I Tessalonisense 1:2-10 "Danksegging"
I Tessalonisense 2:13-16 "Danksegging"
I Tessalonisense 3:9-13 "Danksegging"
I Tessalonisense 2:1-5:11 Briefliggaam
I Tessalonisense 5:12-27 Finale vermanings
I Tessalonisense 5:28 Briefslot.

2.2 Die ontleding van die deiktiese elemente in die "danksegging(s)"

Persoonsdeiksis, tyd-deiksis en ruimte-deiksis is in die "danksegging(s)" van I Tessalonisense ontleed. Dit het uit die ondersoek na die deiktiese elemente geblyk dat daar in al drie "dankseggingsgedeeltes" aan die geïmpliseerde lesers besonder goeie eienskappe toegeskryf word (kyk hoofstuk vier, § 3).

2.3 Die toepassing van die koöperatiewe beginsel op die deiktiese elemente in die "danksegging(s)"

Uit die toepassing van die vier kriteria van die koöperatiewe beginsel, naamlik kwantiteit, kwaliteit, verhouding en wyse op die deiktiese elemente, het dit duidelik geword dat die geënkodeerde outeur van I Tessalonisense veral die kriterium van kwantiteit met betrekking tot die implisiete lesers oortree (kyk hoofstuk vier, § 4).

2.4 Die bepaling van die status van die "danksegging(s)"

Daar is geredeneer dat die status van die argument in die "dankseggingsgedeeltes" in I Tessalonisense soos volg beskryf kan word (kyk hoofstuk vier, § 5.2):

Die geënkodeerde outeur kom voor die volgende probleme te staan:

- * Hoe kan die implisietete lesers oortuig word om al hul goeie hoedanighede te handhaaf en daarop te verbeter?
- * Wanneer sal die implisietete lesers hul leermeester genoeg vertrou om sy vermanings ter harte te neem?

Die antwoord hierop is waarskynlik:

- * 'n Leser sal sy goeie hoedanighede handhaaf en daarop verbeter indien hy oortuig word dat hierdie hoedanighede voortreflik is.
- * 'n Leser is oop vir oortuiging wanneer sy goeie gesindheid verkry is.
- * Die oortuigingsmiddel *pathos* kan aangewend word om die leser te prys en hom sodoende ontvanklik te maak.
- * Die oortuigingsmiddel *ethos* kan aangewend word om die leser vertrou te gee in die outeur.

2.5 'n Retoriese indeling van I Tessalonisense

'n Retoriese indeling van I Tessalonisense sien soos volg daaruit (kyk hoofstuk vier, § 5.5):

I Tessalonisense 1:1-10 - *Exordium*

I Tessalonisense 2:1-5:12 - *Argumentatio*

I Tessalonisense 5:13-28 - *Peroratio*.

3. Gevolgtrekking na aanleiding van die praktiese toepassing van die model op die "danksegging(s)" in I Tessalonisense

Daar is op grond van 'n ontleding van die aard van die taalhandeling "danksegging" aangetoon dat die drie gedeeltes in I Tessalonisense wat tradisioneel as "danksegging(s)" geïdentifiseer word, in der waarheid nie die funksie van "danksegging" in hierdie brief vervul nie (hoofstuk vier, § 2.1).

Die funksie van die "danksegging(s)" in I Tessalonisense (1:2-10, 2:13-16 en 3:9-13) is om (kyk hoofstuk vier, § 6):

- * die implisiete lesers te prys
- * vir die implisiete lesers te bewys dat hulle behoeftes ook vir die geënkodeerde outeur belangrik is en
- * die geënkodeerde outeur se identifisering met die implisiete lesers duidelik oor te dra.

ABSTRACT

The objective of this study has been the determination of the possible communicative function(s) of the "thanksgiving(s)" in I Thessalonians.

Normally in the Pauline letters, immediately following the salutation, there is an identifiable epistolary section called the "thanksgiving". This section developed out of antique epistolary conventions and was adopted and adjusted by Paul. Its structure is amenable to description on formal grounds. Normally the Pauline letters contain only one "thanksgiving".

Seeing that on the basis of these formal considerations more than one "thanksgiving" could be identified in I Thessalonians, a problem has developed which has given rise to various theories, for example, that I Thessalonians is a composite of more than one letter, or that I Thessalonians had undergone later editorial changes, or that I Thessalonians had not been written by Paul. These problems are considered in chapter one.

In this study the point of departure is that formalist and/or "content" approaches do not deal adequately with this problem. A more satisfactory approach to the determination of the function(s) of these sections in I Thessalonians would be an interactive model. According to this model the letters are not primarily regarded as carriers of information but as interactive actions between an encoded author and an implied reader within given communicative situations. This model is subsequently outlined in theoretical terms: the views of writers of antiquity about the relation between epistolography and rhetoric are traced, a recommendation is made for the handling of this relation in a practical analysis of a letter (chapter two) and relevant aspects of the contemporary linguistic science of pragmatics are dealt with (chapter three).

In chapter four the "thanksgiving(s)" in I Thessalonians are analysed in terms of this theoretical framework. The conclusion of this study is that "thanksgiving" is a misnomer for these sections in I Thessalonians, because in reality they do not function as thanksgivings but are intended to render the implied readers favourable towards the encoded author so that they can be receptive to his argumentation. In order to fulfil this function, the encoded author used the persuasive means of *ethos* and *pathos* in the "thanksgiving(s)" in I Thessalonians.

BIBLIOGRAFIE

AFDELING A: Klassieke bronne

ALAND, K., BLACK, M., MARTINI, C.M., METZGER, B.M. & WIKGREN, A.,
reds. 1983. *The Greek New Testament*. Derde uitgawe (gecorrigeerd). Stuttgart :
United Bible Societies.

ARISTOTELES, HORATIUS, LONGINUS. *Ars Rhetorica*. London : William
Heinemann. 1947. (Loeb Classical Library).

CALVIN, J. *Commentaries on the epistles of Paul the Apostle to the Philippians,
Colossians and Thessalonians*. Edinburgh : T. Constable. 1851. 489 p.

CICERO, Marcus Tullius. *Ad Atticum*. Volumes I-III. London : William
Heinemann. 1953. (Loeb Classical Library).

CICERO, Marcus Tullius. *Ad Herennium*. London : William Heinemann. 1954.
(Loeb Classical Library).

CICERO, Marcus Tullius. *De Oratore*. Volumes I-II. London : William
Heinemann. 1948. (Loeb Classical Library).

CICERO, Marcus Tullius. *Epistulae ad Familiares*. Oxford : Claredon Press.
1964. (Oxford Classical Texts).

CICERO, Marcus Tullius. *Pro Flacco*. (*In Cicero, M.T. Orationes*. Leipzig :
Teubner. 1906. (Loeb Classical Library). pp. 357-478.)

DEMETRIUS van Falerom. *De Elocutione*. Cambridge : University Press. 1932. (Loeb Classical Library).

FILOSTRATOS. *De Epistulis*. *Red.* C.L. Kayser. Leipzig : Teubner. 1871.

GREGORIUS van Nazianzus. *Epistula*. *Red.* P. Gallay. Berlyn : Akademie Verlag. 1969.

JULIUS VICTOR. *De Epistulis*. (*In* Halm, C., *red.* *Rhetores Latini Minores*. Leipzig : Teubner. 1863. pp. 447-448.)

PSEUDO-DEMETRIUS van Falerom. Τύποι Ἐπιστολικοί. *Red.* V. Weichert. Leipzig : Teubner. 1910.

PSEUDO-LIBANIUS. Ἐπιστολιμαῖοι Χαρακτήρες. (*In* Foerster, R., *red.* *Libanii Opera*. Volume 9. Leipzig : Teubner. 1927.)

QUINTILIANUS, Marcus Fabius. *Institutio oratoria*. Volumes I-IV. London : William Heinemann. 1947. (Loeb Classical Library).

SENECA, Lucius Annaeus. *Ad Lucilium Epistulae Morales*. Cambridge : University Press. 1928. (Loeb Classical Library).

AFDELING B: Moderne literatuur

ALTMAN, J.G. 1982. *Epistolarity: Approaches to form*. Columbus : Ohio State University Press. 235 p.

AUNE, D.E. 1987. *The New Testament in its literary environment*. Philadelphia : Westminster. 260 p.

BAILEY, J.W. 1955. I & II Thessalonians. (*In The Interpreter's Bible, XI*. New York : Abingdon Press. p.245-339.)

BERGER, K. 1974. Apostelbrief und apostolische Rede : Zum Formular frühchristlichen Briefe. *Zeitschrift für die Neutestamentliche Wissenschaft und die Kunde der Alteren Kirche*, 65:190-231.

BEST, E. 1972. *A commentary on the First and Second Epistles to the Thessalonians*. London : Adam and Charles Black. 376 p.

BETZ, H.D. 1979. *Galatians. A commentary on Paul's letter to the churches in Galatia*. Philadelphia : Fortress Press. 352 p.

BITZER, L.F. 1968. The rhetorical situation. *Philosophy and Rhetoric*, 1:1-24.

BOERS, H. 1975-76. The form critical study of Paul's letters. I Thessalonians as a case study. *New Testament Studies*, 22:140-158.

BOLKESTEIN, M.H. 1974. *De prediking van het Nieuwe Testament : de brieven aan de Tessalonicenzen*. Nijkerk : G.F. Callenbach. 228 p.

BOTHA, J. 1989. On the "reinvention" of rhetoric. *Scriptura*, 31:14-31, September.

COLLINS, R.F. 1979. A propos the integrity of I Thes. *Ephemerides Theologicae Lovaniensis*, 55:67-106.

CORBETT, E.P.J. 1965. Classical rhetoric for the modern student. New York : Oxford University Press. 584 p.

DEISSMANN, A. 1901. Bible studies. Edinburgh : T & T Clark. 384 p.

DEMKE, C. 1973. Theologie und Literarkritik im 1. Thessalonicherbrief. Ein Diskussionsbeitrag. (In Ebeling, G. & Jüngel, E. & Schunack, G., reds. Festschrift für Ernst Fuchs. Tübingen : Mohr. pp. 103-124.)

DE STADLER, L.G. 1989. Afrikaanse semantiek. Johannesburg : Southern Boekuitgewers. 553 p.

DOTY, W.G. 1973. Letters in primitive Christianity. Philadelphia : Fortress Press. 82 p.

ECKART, K.G. 1961. Der zweite echte Brief des Apostel Paulus an die Thessalonicher. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 58:30-44.

EXLER, F.J. 1923. The form of the ancient Greek letter : A study in Greek epistolography. Washington : Catholic University of America. 140 p.

FILLMORE, C.T. 1971. Santa Cruz lectures on deixis. Indiana : Indiana Linguistics Club. 87 p.

FINDAY, G.G., *red.* 1914. The epistle to the Thessalonians. Cambridge : University Press. 190 p.

FRAME, J.E. 1946. A critical and exegetical commentary on the epistles of St. Paul to the Thessalonians. Edinburgh : T & T Clark. 326 p. (The international critical commentary.)

FRIEDRICH, G. 1973. 1. Thessalonicher 5:1-11, der apologetische Einschub eines Späteren. *Zeitschrift für Theologie und Kirche*, 70:288-315.

GRAYSTON, K. 1967. The letters of Paul to the Philipians and to the Thessalonians. The Cambridge Bible commentary on the New English Bible. Cambridge : University Press. 116 p.

GRICE, H.P. 1975. Logic and conversation. (In Coe P. & Morgan T.L., *reds.* Syntax and semantics, 3. Santa Cruz : University of California. pp. 41-271.)

GRÜBE, G.M.A. 1965. The Greek and Roman critics. London : Methuen & Co. 372 p.

HESTER, J.D. 1984. The rhetorical structure of Galatians 1:11-2:14. *Journal of Biblical Literature*, 103:223-233.

HIEBERT, D.E. 1974. The Thessalonian epistles : a call to readiness. Chicago : Moody Press. 383 p.

HOLTZ, T. 1986. Der eerste brief an de Thessalonicher. Zurich : Benziger. 291 p. (Evangelisch-Katholischer Kommentar zum Neuen Testament, XIII.)

HÜBNER, H. 1984. Der Galaterbrief und das Verhältnis von Antiker Rhetorik und Epistolographie. *Theologische Literaturzeitung*, 109:241-250.

JEWETT, R. 1986. The Thessalonian correspondence: Pauline rhetoric and millenarian piety. Philadelphia : Fortress. 221 p.

JOHANSON, B.C. 1987. To all the brethren. A text-linguistic and rhetorical approach to I Thessalonians. Stockholm : Almqvist & Wiksell International. 230 p. (Coniectanea Biblica New Testament Series, 16.)

KENNEDY, G.A. 1984. New Testament interpretation through rhetorical criticism. Chapel Hill : University of North Carolina Press. 171 p.

KNOPF, R. 1905. Das nachapostolische Zeitalter. Geschichte der Christlichen Gemeinden vom Beginn der Flavierdynastie bis zum ende Hadrians. Tübingen : Verlag von J.C.B. Mohr. 470 p.

KOSKENNIEMI, H. 1956. Studien zur Idee und Phraseologie des Griechischen Briefes bis 400 nChr. Helsinki : Akateemin Kirjakauppa. 214 p. (Annales Academiae Scientiarum Fennicae, B.)

KRAFTCHICK, S.J. 1985. Ethos and pathos appeals in Galatians five and six: a rhetorical analysis. Atlanta : Dissertation, Emory University. 208 p.

KÜMMEL, W.G. 1962. Das Literarische und geschichtliche Problem des ersten Thessalonicherbriefes. Leiden : E.J. Brill. p. 213-227. (Neotestamentica et Patristica, 6).

KÜMMEL, W.G. 1975. Introduction to the New Testament. London : SCM Press. 444 p.

LAUSBERG, H. 1960. Handbuch der literarische Rhetorik; eine Grundlegung der Literaturwissenschaft. Munchen : Max Hüber. 957 p.

LEECH, G.N. 1983. Principles of pragmatics. London : Longman. 250 p.

LEEMAN, A.D. & BRAET, A.C. 1987. Klassieke retorica. Haar inhoud, functie en betekenis. Groningen : Wolters-Noordhof/Forsten. 158 p.

LOISY, A. 1922. Les livres du Nouveau Testament. Paris : E. Nourry. 714 p.

LOUW, J.P. 1979. A semantic discourse analysis of Romans. Volumes I-II. 42 p. en 152 p.

LYONS, G. 1985. Pauline autobiography : toward a new understanding. Atlanta : Scholars Press. 273 p.

LYS KLASSIEKE EIENAME.

Kyk

TAALKOMMISSIE.

MALHERBE, A.J. 1988. Ancient epistolary theorists. Atlanta, Georgia : Scholars Press. 88 p. (Society of Biblical Literature Sources for Biblical Study, 19).

MEYER, H.A.W., *red.* 1880. Critical and exegetical commentary on the New Testament. Edinburgh : T & T Clark. 254 p.

MOFFAT, J. 1912. An introduction to the literature of the New Testament (International Theological Library). Second edition. Edinburgh : T & T Clark. 659 p.

MORRIS, L. 1959. The first and second epistles of the Thessalonians, the English text with introduction, exposition and notes. London : Marshall, Morgan and Scott. 274 p.

MORRIS, L. 1960. The epistles of Paul to the Thessalonians: an introduction and commentary. London : The Tyndale Press. 274 p.

MURPHY, J.J. 1972. A synoptic history of classical rhetoric. New York : Random House. 199 p.

O'BRIEN, P.T. 1977. Introductory thanksgivings in the letters of Paul. Leiden : Brill. 309 p.

PEARSON, B.A. 1971. I Thessalonians 2:13-16: A Deutero-Pauline interpolation. *Harvard Theological Review*, 64:79-94.

PERELMAN, C. & OLBRECHTS-TYTECA, L. 1969. The New Rhetoric. A treatise on argumentation. Notre Dame : University of Notre Dame Press. 566 p.

PERELMANN, C. 1982. The realm of rhetoric. Notre Dame : University of Notre Dame Press. 185 p.

PETERSEN, N.R. 1985. Rediscovering Paul. Philemon and the sociology of Paul's narrative world. Philadelphia : Fortress Press. 308 p.

SANDERS, J.T. 1962. The transition from opening epistolary thanksgiving to the body in the letters of Pauline corpus. *Journal of Biblical Literature*, 81:355.

SANDMEL, S. 1977. A Jewish understanding of the New Testament. Augmented edition. New York : Ktav Publication House. 336 p.

SCHMIDT, D. 1983. I Thess. 2:13-16. Linguistic evidence for an interpolation. *Journal of Biblical literature*, 102(2):269-279.

SCHMIDTHALS, W. 1964. Die Thessalonicher Briefe als Briefkompositionen. (In Dinkler, E., red. *Zeit und Geschichte. Dankesgabe an Rudolf Bultmann zum 80. Geburtstag.* Tübingen : J.C.B. Mohr. p.295-315.)

SCHNIDER, F. & STENGER, W. 1987. Studien zum neutestamentliche Briefformular. Leiden : Brill. 191 p. (New Testament Tools and Studies, 11.)

SCHUBERT, P. 1939. Form and function of the Pauline thanksgivings. Berlin : Topelmann. 185 p.

SEARLE, J.R., red. 1971. The philosophy of language. London : Oxford University Press. 148 p.

SNYMAN, A.H. 1989. 'n Retoriese inleiding van die brief aan Filemon. *Acta Academica*, 21(2):130-144.

SPARKS, H.F.D., red. 1969. The New Clarendon Bible: Thessalonians. Oxford : University Press. 115 p.

STOWERS, S.K. 1986. Letter writing in Greco-Roman Antiquity. Philadelphia : Westminster Press. 188 p.

TAALKOMMISSIE. 1984. Lys Klassieke eiename. (Saamgestel in opdrag van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns.) Kaapstad : Tafelberg Uitgewers. 66 p.

THIEME, K. 1963. Die Struktur des ersten Thessalonicher-briefes in Abraham Unser Vater. Juden und Christen in Gespräch über die Bibel. Festschrift für Otto Michel. Leiden : Brill. pp. 450-458. (Arbeiten zur Geschichte des Spätjudentums und Urchristentums, 5.)

THURÉN, L. 1990. The rhetorical strategy of 1 Peter. Abo : Abo Academy Press. 213 p.

TOLMIE, D.F. 1986. Die aanwending van die formele briefelemente in die brief aan die Galasiërs. *Acta Academica*, D(6):19-37.

TRAUGOTT, E.C. & PRATT, M.L. 1980. Linguistics for students of literature. New York : Harcourt Brace Jovanovich. 444 p. (Syntax and semantics, 3.)

VAN LEEUWEN, J.A.C. 1926. Kommentaar op het Nieuwe Testament : Paulus' zendbrieven aan Efeze, Colosse, Filemon en Thessalonika. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. 457 p.

VIOLI, P. 1985. Letters. (In Van Dijk, T.A., red. *Discourse and Literature*, 3. Amsterdam : John Benjamin. p.149-167.)

VORSTER, J.N. 1990. Toward an interactional model for the analysis of letters. *Neotestamentica*, 24(1):107-130.

VORSTER, J.N. 1991. The rhetorical situation of the letter to the Romans - an interactional approach. Pretoria. 275 p. (D.D. Proefskrif - Universiteit van Pretoria.)

WHITE, J.L. 1972. The form and function of the body of the Greek letter. A study of the letter-body in the non-literary papyri and in Paul the apostle. Montana : Scholars Press. 130 p. (Society of Biblical Literature, Dissertation Series, 2.)

WHITE, J.L. 1984. New Testament epistolary literature in the framework of ancient epistolography. (In Haase, W., red. *Aufstieg und Niedergang der Römischen Welt*. Deel 2, volume 25(2). Berlyn : Walter de Gruyter. pp. 1730-1756.)

WHITE, J.L. 1986. *Light from ancient letters*. Philadelphia : Fortress Press. 238 p.

WILES, G.P. 1974. *Paul's intercessory prayers: The significances of the intercessory prayer passages in the letters of St. Paul*. Cambridge : University Press. 351 p. (Society for New Testament Studies, 24.)

WUELLNER, W. 1976. Paul's rhetoric of argumentation in Romans. *Catholic Bible Quarterly*, 38:330-51.